# Vrye Weekblad

22 Februarie 1991 Prys: R1,50
(R1,33 + 17c AVB)




## Kevin Costner dans met die wolwe

## Bomme en verlore miljoene: lank lewe die BSB!

## Ope brief aan FW de Klerk

## Nou werf die NP swartes - en Inkatha wittes

# Verdien dié man 'n monument?

**Hendrik Frensch Verwoerd - Volksleier of misleier van die volk?**

# Gqozo wou BSB-tipes wegsteek, sê offisier

**'n Voortvlugtige Ciskeise weermagoffisier het dié week kortstondig uit sy skuilplek getree om 'n aantal aansprake te maak oor die beweerde poging tot 'n staatsgreep in Ciskei, waarin sy naam genoem is. LOUISE FLANAGAN en PHILA NGQUMBA berig**

Die voorval op 9 Februarie toe 'n groep lede van die Ciskeise weermag 'n poging tot 'n staatsgreep sou uitvoer, was in der waarheid 'n desperate poging deur die militêre regeerder van Ciskei, brig Oupa Gqozo, om 'n geheime operasie deur 'n BSB-tipe groep vir sy eie weermag weg te steek.

Só sê een van die mense wat van die poging tot 'n staatsgreep beskuldig is, luit Ntantiso Kleinbooi, lid van die militêre inligtingstak Ciskeise weermag. Hy het gepraat op voorwaarde dat niks gesê word oor die plek waar hy ontmoet is nie.

Van sy verdere aansprake is:

* Dat die groep, bekend as "International Research", uit gewese lede van die SA Weermag bestaan het en regstreeks aan Gqozo verslag gedoen het;
* Dat die groep ook 'n vroeëre operasie beplan het waarin Charles Sebe en Onward Guzana na hul dood gelok is met valse beloftes van staatsgreep-planne.
* Dat die groep geheime wapenopslagplekke gehad het wat opgeblaas moes word indien enigiemand daarop afkom.
* Dat die man wat deur Gqozo van die staatsgreeppoging beskuldig is, deur Suid-Afrika aan Ciskei uitgelewer is.

"Dit was nie 'n staatsgreep nie," sê Kleinbooi oor die skietvoorval by 1 Ciskei Bataljon se hoofkwartier, waarin twee mense dood is en die hoof van die Ciskeise weermag, brig Aaron Jamangile en andere in hegtenis geneem is.

Op 9 Februarie, sê hy, het die Ciskeise weermag verslae ontvang van wapens wat by huis 14 in die ministerswoonbuurt in Bisho weggesteek word. By die basis van 1 Ciskei Bataljon is hy en ander offisiere ingelig hieroor, en die wapens is daarheen gebring waar brig Jamangile dit geïnspekteer het.

By die basis is Kleinbooi en die ander offisiere by hom skielik deur 'n groep van 40 soldate aangeval. Hy en Jamangile, wat elders in die basis ook aangeval is, het daarin geslaag om weg te kom.



brig Oupa Gqozo (Foto: Afrapix)

Hulle het besluit om uiteen te gaan, waarna Jamangile by die SA ambassade op King William's Town gaan hulp soek het. Hier is hy aan die Ciskeise regering oorhandig.

Kleinbooi het die ambassade gebel, en met 'n kapt Step gepraat, wat gesê het hy weet wat gebeur het, maar dat Kleinbooi moet wag, hy sal gehaal word. Kleinbooi het besluit om liewers verder te vlug.

Drie ander beskuldigdes het ook ontvlug. Een van hulle se lyk is later in 'n dam gevind met 'n koeëlgat in die agterkop. Ciskei het gesê hy het selfmoord gepleeg.

Die afgelope paar weke was daar herhaaldelike gerugte oor geheime operasies wat in Ciskei beplan word, waarby beide die Ciskeise weermag en die SAW betrokke sou wees.

Die SAW het die afgelope weke sy magte opgebou in King William's Town, en op 9 Februarie - na Gqozo se "onthulling" oor die staatsgreep-poging - het die SAW in Ciskei inbeweeg, en is hy sedertdien daar. Groot grondwalle is om Gqozo se presidensiële paleis gegooi, om dit van die pad af te versteek.

Die algemene mening is dat Gqozo geen vertroue meer in die Ciskeise weermag het nie.

Volgens gerugte wil Gqozo 'n operasie saam met die SAW en die groep in Huis 14 loods, na bewering teen guerrillas van Umkhonto we Sizwe in Mdantsane, buite Oos-Londen. Die kodenaam van die operasie is glo "Cable", en voor die onderhoud met Kleinbooi was daar al gerugte van 'n wapenopslagplek wat opgebou word.

Waarnemers meen die plan was om die wapens - hoofsaaklik AK 47's wat met guerrillabedrywighede verbind word - onder hoofmanne te versprei, om teen ANC-ondersteuners te gebruik. Ciskei sou voorgee om die wapens te "ontdek" en dit dan aan die hoofmanne gee.

Een van die betrokkenes by International Research, die man wat blykbaar inligting oor hulle aan die Ciskeise weermg oorgedra het, het aan Kleinbooi gesê hy het opdrag gehad om die wapenopslagplekke op te blaas indien enigiemand hulle ontdek.

Kleinbooi is oortuig daarvan dat Gqozo iets aan die beplan was, saam met International Research, waarvan die Ciskeise weermag niks weet nie, maar wel deur gebruik sou word. Hy het ook vir Pik Botha, minister van Buitelandse Sake betrek: "Die drie ouens (van International Research) is die mense wat aan Gqozo sê wat om te doen, en hulle doen dit in belang van Suid-Afrika deur Buitelandse Sake." - elnews.

# *Die doen en late van International Research*

Wat is "International Research" en wat doen hulle in Ciskei?

Volgens luit Ntantiso Kleinbooi, 'n lid van militêre inligting van die Ciskeise weermag en tans voortvlugtend weens bewerings dat hy 'n staatsgreep wou uitvoer, is International Research 'n "BSB-tipe organisasie" wat deur Suid-Afrika beheer word en vanuit die ministeriële buurt in Bisho opereer.

Ciskei ontken die teenwoordigheid van die groep, en weier om verder kommentaar te lewer op grond daarvan dat "dit naïef en onverantwoordelik sal wees om oor veiligheidsmaatreëls" te praat.

Ciskei het ook gewaarsku dat die publikasie daarvan verbied kan word in terme van die Nasionale Veiligheidswet van dié land.

Kleinbooi noem die name van die lede van International Research: Anton Nieuwoudt, volgens Kleinbooi die hoof van die groep, Clive Brink, glo die tegniese man, en Ted Brassell.

Kleinbooi beweer dat Nieuwoudt voorheen 'n kolonel in die Suid-Afrikaanse weermag was, en Brassell 'n majoor. Hy sê twee swartmans het ook vir die groep gewerk. Hy identifiseer die een as Chris Wana.

'n Gewese kolonel in die Ciskeise veiligheidspolisie onder die gewese president Lennox Sebe, Mabandla Mbejeni, word ook verbind aan die groep wat vanuit Huis 14 - voorheen die huis van 'n lid van die uitvoerende raad.

Mbejeni is in 1987 verbind aan die moord van 'n plaaslike aktivis Eric Mntonga, toe 'n werker van Idasa.

Volgens Kleinbooi was 'n lid van die Ciskeise weermag, adj-off Vuyo Melane, verbonde aan International Research. Kleinbooi beskryf Melane as "'n militêre inligtingsagent in daardie establishment".

Volgens Kleinbooi was Melane se opdrag ook om die huis op te blaas as die wapens gevind word. Maar nou wil dit lyk of hy die man was wat met die hele sak patats vorendag gekom het deur sy base van die wapens te vertel.

Ene Maj Ted Brassell was 'n aantal jare gelede in Oos-Londen gebaseer as 'n stafoffisier by die SAW se Groep 8-hoofkwartier. In een stadium het die Daily Dispatch 'n agtergrond-artikel geplaas oor 'n sterk anti-kommunistiese praatjie wat hy by die plaaslike tak van die Rotariërs gehou het, waarin hy beklemtoon dat die SAW a-polities is.

Ene Bongani Wana, wat vir die Transkeise polisie werk, het betrokkenheid erken by 'n moordbende-tipe sluipmoord op drie mans in Transkei in 1988.

Getuienis is by die hofondersoek gelewer dat die SA polisie en die Transkeise polisie nou saamgewerk het tydens die voorval en dat hulle dikwels voorheen saamgewerk het.

Dit is nie duidelik of dit dieselfde Wana is wat Kleinbooi geïdentifiseer het nie.

Afgesien van Melane en Gqozo lyk dit of die Ciskeise weermag min van die groep geweet het. "Die drie ouens (van International Research) is die mense wat aan Gqozo sê wat om te doen. Sy verandering in houding teenoor die mense en hul organisasies het begin na die vestiging van International Research."

Daar was die laaste paar weke herhaaldelike gerugte dat 'n vreemde groep in Huis 14 in die ministeriële buurt, waar besoekers streng verbied word, ingetrek het.

Askari's is glo verbind met die huis, en drie witmans wat daar gebaseer was, is in BMW's in Bisho, die hoofstad van Ciskei, gesien.

Die Huis 14-groep is ook in 'n anonieme fax genoem wat verlede jaar van die Ciskeise weermag af gestuur is.

"Sommige van ons Ciskeiers is bekommerd oor die jongste aanstellings sedert Augustus 1990 van blanke BSB-lede persoonlik deur brig Gqozo," lui die verklaring.

Dit het as lede van die groep genoem: 'n "Kolonel Niewenhout" van die Kommandement Verre Noord en 'n voormalige BSB-lid; "T. Brassel", voorheen van militêre iligting; "A. Hugo", 'n gewese kaptein in die SAW; en "P. Rossouw", voorheen van die Kommandement Oostelike Provinsie.

Die groep is glo salarisse van tussen R130 000 en R140 000 per jaar deur Ciskei betaal, plus volle byvoordele en 'n BMW-motor elk.

"Ons is bekommerd dat Gqozo verbind is met die BSB en vrees dat hierdie mense enige van ons Ciskeise staatsamptenare sal elimineer terwyl ons is besig met die bevryding van ons mense.

"Gqozo vrees ons organisasie, die ANC, en om hierdie rede het hy oud-SAW-lede en BSB-lede aangestel," sê die verklaring.

Volgens Kleinnbooi is die groep in September verlede jaar op die been gebring.

Hulle was aanvanklik op Gqozo se plaas naby Zinyoko-township gebaseer, maar het in November na Huis 14 beweeg. - elnews.


**BOOK AND PAPER COLLECTABLES FAIR**

Following the ever-increasing success of the Collectors Book Fairs held over the past two years, the fair organisers have expanded the event to include paper collectables. Apart from the wide selection of rare, antiquarian and interesting out of print books, the fair will now offer postcards, cigarette cards, share certificates, autograph letters and documents, posters, engravings, maps, sheet music, postal history and a host of other collectible paper items.

Over the past twenty years, paper collectible items have been a popular collecting area in Europe and America, but have been largely neglected in South Africa. This fair, which is a quarterly event will attempt to remove the Cinderella image of paper items. All price brackets are covered, enabling the modest collector to compete with the wealthy one in the assembling of an interesting collection.

The fair benefits the United Sisterhood and takes place at the Temple Emanuel Hall, 38 Oxford Road, Parktown on Sunday 24th February from 9.30am to 3.30pm.

**Early birds get all the bargains!**

# Die BSB is dood, lank lewe die BSB!

**Die Ouditeur-Generaal het vandeesweek die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) se geldsake bekend gemaak, en daarmee saam 'n finansiële intrige van verdwene projeklêers, ongemagtigde staatsuitgawes en geheime kontantoorplasings na die buiteland. JACQUES PAUW doen verslag**

Die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) het nog miljoene rande spandeer nadat die minister van Verdediging, genl Magnus Malan, Suid-Afrika verseker het dat dié geheime organisasie nie meer verder funksioneer nie.

Intussen blyk dit ook dat die BSB die afgelope twee jaar R4,3 miljoen na buitelandse bankrekenings oorgeplaas het sonder die nodige Reserwebankmagtiging. 'n Groot gedeelte van die geld is oorbetaal kort voordat die BSB se operasies glo deur die minister van Verdediging opgeskort is.

Dié onthulling deur die Ouditeur-Generaal, Peter Wronsley, laat ernstige vrae oor Malan se integriteit en die voortbestaan van die BSB ontstaan. Die onlangse moord op die Johannesburgse menseregte-prokureur, Bheki Mlangeni, het weer die BSB-spook na vore gebring.

Wronsley skets in sy verslag 'n verhaal van finansiële intrige en ongemagtigde uitbetalings vir binnelandse projekte, lêers wat nie opgespoor kan word, oudits wat gestop moes word weens die BSB se halsstarrigheid en geld wat landuit is sonder die Reserwebankgoedkeuring.

Die Demokratiese Party, die Konserwatiewe Party en die ANC het vandeesweek 'n hernieude beroep op Staatspresident FW de Klerk gedoen om van Malan ontslae te raak.


Uit die ouditverslag kom dit ook na vore dat die minister van Finansies, Barend du Plessis, saam met Malan verlede jaar "terugwerkende goedkeuring" vir "Projek Triplane" - die kodenaam vir die BSB - gegee het.

"Ek wil weet of die ministers besonderhede ontvang het toe hulle dié projek goedgekeur het, en indien wel, wat was die besonderhede? Het hulle die Staatspresident en hul kabinetskollegas geraadpleeg?" vra die DP-LP vir Pinelands, Jasper Walsh.

Wat die sleutelvrae betref, sê Wronsley dat die uitgawes nie behoorlik gemagtig was nie en dat hy as Ouditeur-Generaal nie in staat gestel is om sy ondersoek na behore te doen nie.

Wronsley bevind die volgende:


* Dat R659 210 se uitgawes wat die BSB aangegaan het, ongemagtig was.
* Hy het rede om te glo dat 'n verdere R12,5 miljoen se uitgawes ongemagtig was, maar het 'n ex post facto-sertifikaat van twee weermag-generaals aanvaar dat hulle wel die projekte gemagtig het. Hy wou nie die woord van opperoffisiere in twyfel trek nie, sê hy.
* Dit blyk dat die BSB onder die skuilnaam "Triplane" binne Spesiale Magte gefunksioneer het. Die BSB se begroting vir die boekjaar 1989/90 het R28,717 miljoen beloop.
* Uit die oudit blyk dit dat die BSB tussen 1980 en 1990 meer as R50 miljoen spandeer het. Die helfte hiervan is op projekte spandeer en die ander gedeelte op personeeluitgawes, huisvesting en motorvervoer.
* Wronsley sê dit was bykans onmoontlik om die geldigheid van goedkeurings van uitgawes te toets, want alleen op die operasionele lêers kon die aard van die projek of operasie bepaal word. Dié inligting was nodig om te oordeel of die goedkeuring nie dalk op 'n hoër vlak verleen moes gewees het nie. Sonder die operasionele lêers is 'n sinvolle ouditering van die BSB kwalik moontlik.
* Die ouditering van die BSB moes in Maart verlede jaar begin, maar is kort daarna gestop omdat die bevelvoerder van Spesmagte verdere toegang geweier het. Wronsley het persoonlik ingegryp en na beraadslaging met Barend Du Plessis is die oudit in Mei hervat, maar moes om dieselfde redes as voorheen weer gestaak word.
* Wat betref die uitgawes vir binnelandse projekte en operasies, sê Wronsley alle pogings om bogemelde uitgawes se projeklêers op te spoor het misluk en "daar bestaan 'n weerlegbare vermoede dat dié uitgawes ongemagtig is". Dié uitgawes beloop R659 000.
* Wronsley sê daar bestaan 'n sterk vermoede by hom dat alles wat sy ouditspan gesoek het inderdaad êrens op skrif was, maar dat die argief selektief deur onbekende persone opsetlik teruggehou of vernietig is.
* Ouditering van die BSB is bemoeilik deurdat 'n groot persentasie van die bewysstukke, waar dit wel voorgelê is, uitgewis of so versnipper is dat dit beswaarlik as bewysstuk kon dien.
* Die Ouditeur-Generaal sê hy kon verder nie bepaal of R4,2 miljoen van die BSB wat na buitelandse rekenings oorgeplaas is, inderdaad na die buiteland toe oorgeplaas is nie omdat geen bewyse van Reserwebankgoedkeurings voorgelê is nie.
* 'n Bedrag van R9 miljoen is tussen April 1990 tot Julie 1990, toe die BSB reeds ontbind moes wees, in kontant deur Spesmagte aan die BSB oorbetaal. Daarvan is byna R600 000 in buitelandse rekenings inbetaal. Dit het uitermate hoog voorgekom veral nadat die minister van Verdediging in Februarie gesê het dat alle operasies opgeskort is. R8,2 miljoen daarvan is deur die personeelafdeling spandeer.



Genl Magnus Malan

Intussen het die bevelvoerder van Spesmagte 'n nuwe projek, genaamd "Samoesa" goedgekeur vir uitbetalings aan dienende lede. Hoof van Staf Finansies van die weermag het opdrag gegee dat die uitbetalings gestaak moes word en geld verhaal word.

Die miljoene rande wat verlede jaar aan die BSB oorbetaal is, laat ernstige vrae ontstaan waarvoor die geld gebruik sou gewees het. Die feit dat die BSB beweer dat dit spandeer sou word vir uitbetaling aan dienende lede, blyk onwaar te wees.



Joe Verster

Die weermag het verlede jaar aangekondig dat die BSB ontbind word en dat lede in gewone weermagsdele opgeneem sal word. Diegene wat nie bereid sou wees om as gewone uniform-draende lede te dien nie, sou 'n vergoedingspakket mee onderhandel word.

Uitbetalings van vergoedingspakette aan weermaglede word gefinansier deur die hoof van Staf Personeel en die hoof van Staf Finansies en dit is dus ondenkbaar dat dié geld uit die geheime weermagfonds betaal sou word.

Die groot bedrae geld wat in buitelandse rekenings inbetaal is, laat die vermoede ontstaan dat die BSB nog met bedrywighede daar besig is. Dit is bekend dat die BSB die laaste jaar groot uitgawes aangegaan het om sekere lede te beskerm deur vir hulle huisvesting in die buiteland te gee.

So byvoorbeeld skuil die verdagte moordenaar van die Ribeiro-egpaar, Noel Robey, steeds in die buiteland en kort nadat die prokureur-generaal van Namibia 'n lasbrief vir die inhegtenisnemings van Staal Burger en Chappie Maree uitgereik het, het hulle na die buiteland gevlug om vir 'n ruk te gaan wegkruip.

Daar bestaan nog altyd probleme tussen die Ouditeur-Generaal en die weermag om die Spesiale Verdedigingsrekening behoorlik te oudit. "Met verloop van tyd het daar egter beter verstandhoudings ontstaan en het die betrokke ouditeure algaande toegang tot operasionele lêers verkry. Hierdie situasie het ook by Spesmagte ontwikkel, behalwe met betrekking tot die BSB, waar tot die laaste twee fases van die ouditering toegang tot operasionele lêers konsekwent deur die besturende direkteur van die BSB geweier is," sê Wonsley.

Die weermag hou egter vol dat insae in operasionele lêers, met ander woorde daardie lêers wat inligting sal bevat oor waarvoor die fondse aangewend is, nie deur selfs spesiaal aangestelde ouditeure ondersoek mag word nie. Die personeel van die Ouditeur-Generaal kon dus slegs insae kry in die finansiële lêers van die BSB.

Ingevolge die Wet op die Spesiale Verdedigingsrekening moet die minister van Verdediging die projek goedgekeur het, en tweedens moes die minister van Finansies die aanwending van fondse ter bestryding van die uitgawes verbonde aan die betrokke projek goedgekeur het.

Volgens die Skatkis- en Ouditwet kan daar weens die vertroulikheid van die Spesiale Verdedigingsrekening besluit word om hom geheel en al van ouditering vry te stel. Vir drie jaar is die mees sensitiewe dele van dié rekening dan ook glad nie nagegaan nie.

Daar is op 'n kompromie ooreengekom waarvolgens 'n afgetrede weermaggeneraal namens die Ouditeur-Generaal 'n ouditsertifikaat sou uitreik. Dié oorkoms het glo weens persoonlikheidsbotsings in duie gestort.

In 1983 is daar besluit dat die Ouditeur-Generaal wel die oudit sou doen. Die persoon wat die ouditering moes doen, moes egter vir die Weermag aanvaarbaar wees.

Ten opsigte van die verslagjaar 1988-1989 kon die BSB geen uitdruklike ministeriële goedkeurings vir 'n bedrag van R12,5 miljoen toon nie wat aangewend is vir "uiters sensitiewe" projekte en binnelandse operasies.

Kort hierna het Wronsley 'n sertifikaat ontvang van generaals Webb en Jaap Joubert dat alle projekte en uitgawes wat deur Wronsley bevraagteken is, wel goedgekeur is.

"In die lig van dié bevestiging wil ek nie die integriteit van die Hoof van die Weermag in twyfel trek nie en is ek bereid om my mening van 9 Augustus 1990 dat die uitgawes ten bedrae van R1 335 406,20 ongemagtig is, terug te trek," sê Wronsley.

Die Ouditeur-Generaal sê ondanks sy bereidwilligheid om die woord van opperoffisiere te aanvaar bly mondelingse magtigings hoogs onbevredigend omdat dit geen ouditspoor laat nie en strydig is met Tesourie-instruksie.

Die projekuitgawes van die BSB word bloot in sertifikate gewys met die projeknaam daarop aangedui, maar sonder enige beskrywing van wat die projek behels. "Hoewel die tesourie die gebruik van sertifikate goedgekeur het, baar dit nogtans by my groot kommer omdat die inhoudelike van die transaksies verberg is en geen werklike ouditspoor bestaan nie.

"Tensy diegene wat verantwoordelik is vir die dade van moordbendes verantwoording doen, sal ons die hele Suid-Afrikaanse kabinet verantwoordelik hou vir die voortgaande beskerming van dié moordenaars. Ondanks herhaalde amptelike verklarings dat die BSB ontbind is, dui alles op die teendeel. Die briefbom wat aan kapt Dirk Coetzee gestuur is, en Bheki Mlangeni vermoor het, is in Mei 1990 gepos, twee maande nadat die BSB ontbind is," sê die ANC.

Walsh sê die onthullinge in die verslag is so skokkend dat dit nie net deur elke Parlementslid nie, maar deur elke Suid-Afrikaner gekritiseer moet word. Hy het gevra dat die regering 'n nuwe kommissie van ondersoek na die BSB aanstel.

## Wat bedoel Malan met 'n 'volledige oudit'?

DIE Ouditeur-Generaal is nie die enigste wat al voorheen ernstige probleme gehad het om agter te kom wat se geld waar in die BSB spandeer word nie. Die BSB se eie ouditeur het voor die Harms-kommissie getuig dat hy ook nie geweet het wat se projekte bedryf word nie en bloot 'n "maganiese" oudit kon doen.

Brig Hein Pfeil, afgetrede weermagoffisier wat as ouditeur vir die BSB opgetree het, het aan regter Louis Harms gesê dat hy geen probleem het wat die projekte behels nie en kon nie sê of die uitgawes gemagtig was of nie.

Pfeil het gesê dat hy bloot strokies teenoor kontantaanvragings gekry het. Harms het aan hom gevra of dit bloot 'n maganiese oudit was en Pfeil het gesê dit was inderdaad so.

Die minister van Verdediging, genl Magnus Malan, het twee weke gelede in die Parlement gesê dat interne weermag-ondersoeke geen ongerymdhede binne die BSB aan die man gebring het nie.

"Oudit het volgens neergelegde prosedures geskied. Dit blyk dat geen persone hulself verryk het nie en daar was geen onreëlmatighede met geld vir behuising of voertuie nie.

"Kortom, na 'n baie deeglike ondersoek deur die weermag se interne ouditeure soos op 30 November 1990, kan ek met vrymoedigheid sê daar is geen sprake van miljoene rande wat nie verantwoord kan word nie."

Dit is nie duidelik waarna Malan verwys as hy sê dat 'n volledige weermag-oudit plaasgevind het nie. Volgens getuienis voor die Harms-kommissie het die projeklêers van die BSB, wat moet wys of uitgawes gemagtig was of nie, spoorloos verdwyn.

Selfs toe die hoof van Staf Inligting, generaal Witkop Badenhorst, aan die einde van 1989 'n ondersoek na die BSB moes doen, het hulle geweier om hulle projeklêers aan hom te openbaar.

Die Harms-kommissie self kon nooit die projeklêers opspoor nie en die gewese besturende direkteur van die BSB, Joe Verster, het aan Harms gesê dat die BSB bedreig voel deur die huidige politieke ontwikkelinge en hulself beskerm het deur die lêers te laat verdwyn.

Dit is dus onduidelik wat Malan bedoel indien hy sê daar is 'n volledige oudit gedoen. Dit blyk onmoontlik te wees vir enigiemand om die BSB behoorlik te ondersoek.

# *Een van die grootste redes waarom ons in groot ondernemings glo, is ons kleingoed.*

Die mooiste erfenis wat ons ons kinders kan nalaat, is 'n vreedsame, welvarende land. En in die skepping van stabiliteit en welvaart speel groot ondernemings 'n onmisbare rol.

Eerstens is dit groot ondernemings wat 'n klein landjie soos Suid-Afrika in staat stel om suksesvol met internasionale nywerheidsreuse mee te ding en daarmee enorme bedrae aan buitelandse inkomste vir ons land te verdien.

En tweedens is dit groot ondernemings wat die groot en stabiele afsetbasis tot stand bring waarop middelslag- en klein ondernemings so kan groei dat hulle óók ware welvaart skep deur beduidende getalle nuwe werksgeleenthede te skep.



*Sakeleiers van môre besig om te speel.*

'n Gesonde, moderne ekonomie floreer net op 'n lewenskragtige mengsel van groot, middelslag- en klein ondernemings wat internasionaal met die bestes en plaaslik met mekaar kan meeding tot die ekonomiese voordeel van elke Suid-Afrikaner.

As klein ondernemings die lewensbloed van ekonomiese welvaart is, is groot ondernemings die ruggraat.

En as ons lief is vir ons kleingoed, moet ons groot dink.

ANGLO AMERICAN CORPORATION OF SOUTH AFRICA

KIERCK & WHITE N SAATCHI & SAATCHI AGENTSKAP 17899

# Nou gaan die NP Indiër-stemme werf...

## Die Nasionale Party is besig om kleurblind te raak. HENNIE SERFONTEIN doen verslag

"Die Nasionale Party (NP) sal heel waarskynlik vanjaar nog 'n werwingsveldtog in Mayfair, Johannesburg loods om veral Indiër-lede te werf, en om 'n nuwe tak daar te stig."

Dit is die mening van Johan Fick, streeksinligtingsbeampte van die NP in die gebied. Mayfair val in die Johannesburg-Wes kiesafdeling van Roelf Meyer, die adjunk-minister van Staatkundige Ontwikkeling.

Dié verwikkeling is een van die uitvloeisels van die geskiedkundige besluit van die vier provinsiale kongresse van die NP aan die einde van verlede jaar om lidmaatskap vir alle rasse oop te stel.

Fick sê die NP het die afgelope jare die Mayfair-gebied grootliks verwaarloos vanweë die invloei van Indiërs en die wegtrek van talle blanke kiesers.

"Maar daar is nou natuurlik 'n totaal nuwe situasie. Ons moet wegbeweeg van 'n suiwer blanke benadering in die politiek na 'n kleurblinde een met die hele bevolking as ons teikengebied," sê hy.

Fick sê hoewel die Johannesburg-Wes kiesafdeling die saak nog nie amptelik bespreek het nie, daar reeds informeel besluit is dat daar spoedig 'n werwingsveldtog in dié gebied moet wees om 'n nuwe nie-rassige tak te stig.

Hy bevestig dat verskeie Indiër-, bruin- en swart lede reeds vrywillig by die Johannesburg-Wes kantoor aangedoen het om NP-lidmaatskap uit te neem.

"Die probleem is egter dat die NP geografies op 'n takstruktuur en 'n kiesafdeling-grondslag georganiseer word. Baie swartmense wat by die Johannesburg-Wes kantoor aandoen, kom van Soweto af wat in die Maraisburg-kiesafdeling val," sê hy.

So sal die NP, volgens Fick, ook aandag aan ander rassegroepe in sogenaamde grysgebiede soos Hillbrow gee. Ironies genoeg is dit een van die gebiede waar die ANC en Inkatha ook veldtogte van stapel gestuur het om veral blanke steun te werf.

Fick sê: "Dit sal interessant wees om te sien wie wen tussen ons en die ANC in 'n gebied soos Hillbrow."

Maar die jongste NP-planne met betrekking tot plekke soos Mayfair en Hillbrow moet veral gesien word teen die agtergrond van twee ander belangrike verwikkelinge: Die nuwe NP-strategie om die breedste moontlike alliansie van gematigde politieke groepe in 'n verenigde front teen die ANC te loods, en die nuwe selfvertroue waarmee NP-ministers oorborrel as gevolg van die jongste meningsopnames.

Volgens dié opnames ondersteun die meerderheid van bruin mense en Indiërs tans die NP, én 'n verrassende groot groep swartmense.

Dit verklaar die skielike belangstelling van die NP in die gewese bruin politieke leier, Dick van der Ross, wat die afgelope tyd op besoek by Staatspresident FW de Klerk was. Die Afrikaanse pers het verlede week groot ruimte aan Van der Ross afgestaan, terwyl SAUK-TV dié week 'n dokumentêre program van 40 minute oor hom uitgesaai het.

In dié program het Van der Ross openlik as 'n bruin leier gepraat en word beskou as 'n invloedryke persoon wat die bruin kiesers na die NP-kraal moet lok.

Piet Coetser, NP-LP vir Springs en hoofinligtingsbeampte van die NP in Transvaal, sê vanweë bogenoemde twee faktore sal werwing in Mayfair en Hillbrow die uitsondering en nie die reël wees nie.

"'n Nasionale werwingsveldtog om nou lede onder ander rasgroepe te werf, mag ons in konflik met potensiële bondgenote in ons beoogde alliansie bring. So 'n alliansie en die spoedige suksesvolle loodsing van die veelpartykonferensie is in dié stadium ons eerste prioriteit. Ons kan nie bekostig om dit te laat misluk deur sy-strategieë nie," sê Coetser.

Hiervolgens is dit duidelik dat die NP, met die oog op parlementêre samewerking, veral nie die Arbeiders Party in die stadium die harnas in wil jaag nie.

# ...en Inkatha vry na die wittes

Die Inkatha Vryheidsparty gaan eersdaags 'n veldtog loods om wit steun te werf.

Inkatha het dié week pamflette in wit woongebiede versprei om mense na 'n "vredesaamtrek" in Soweto te nooi wat deur die Inkatha-leier, Mangosuthu Buthelezi, toegespreek gaan word.

Volgens die jeugleier van Inkatha in Transvaal, Themba Khoza, is die verspreiding van dié pamflette deel van 'n "informele veldtog" om witmense as lede te werf.

Die pamflet, wat aan die Rand versprei is, nooi alle "vredeliewende mense - swart, wit, Indiër en Kleurling," na 'n "demonstrasie van ons toewyding aan 'n vreedsame beëindiging van geweld". In die pamflet word gevra: "Voel jy dat jou veiligheid bedreig word deur die spiraal van geweld?" en "Ondersteun jy 'n sterk onafhanklike veiligheidsmag om wet en orde te handhaaf?" en "Is jy bekommerd oor die skade wat die Transvaalse ekonomie aangedoen word weens geweld, intimidasie en wegbly-aksies?"

Khoza sê die pamfletveldtog is "niks vreemds" nie. "Ons is besig met 'n veldtog om witmense aan Inkatha bekend te stel, maar dié uitnodiging is meer op Saterdag se byeenkoms gerig," sê hy.

Khoza sê die byeenkoms is gereël nadat drie lede van die Inkatha Vryheidsparty onlangs tydens geweld in die Wes-Randse township, Bekkersdal, dood is.

Tydens 'n perskonferensie het Khoza ontken dat dié byeenkoms 'n "magsvertoning" is en het sy toewyding aan die ANC/Inkatha-vredesinisiatiewe bevestig.

Hoewel Khoza 'n beroep op Inkatha-lede doen om "kalm" te bly en "selfbeheersing" toe te pas, sê hy egter in sy persverklaring dat Inkatha-lede nie geweld deur ANC-lede sal verduur nie. Khoza sê ook Inkatha-lede is "hoogs verontrus" en wantrou die "ANC-ouvertures van vrede".

**- PEARLIE JOUBERT**

# Namibia skop vas oor Walvisbaai

NAMIBIA sal dit in geen stadium oorweeg om in te stem tot die omskepping van sy enigste diepwaterhawe, Walvisbaai, tot 'n Vrye Hawe nie, of tot gesamentlike administrasie daarvan met Suid-Afrika nie, sê Theo Ben Gurirab, Namibia se minister van buitelandse sake.

Hy het in 'n eksklusiewe onderhoud met Vrye Weekblad gepraat oor die moontlikheid dat 'n beginsel-ooreenkoms oor die lot van Walvisbaai dalk met Suid-Afrika bereik kan word voor die land se eenjarige viering van onafhanklikwording op 21 Maart. 'n Openbare aankondiging oor samesprekinge word binne weke, indien nie dae nie, verwag.

Gurirab wys daarop dat na onlangse bespiegeling in die pers 'n vrye hawe of gesamentlike administrasie nog nie uitgesluit is deur die Suid-Afrikaanse regering nie.

"As minister van buitelandse sake van Namibia het ek drie baie duidelike opdragte," verduidelik Gurirab. "Kragtens die Namibiese grondwet is Walvisbaai deel van Namibia. Tweedens is dit alombekend dat die Veiligheidsraad van die VVO die enklave ingevolge Resolusie 432 van 1978 as Namibia se grondgebied beskou en sal toesien dat dit die land toegevoeg word. Selfs voor 432 het Namibiese inwoners die gebied as hul eie beskou.

"Vir ons is daar net een agenda - die gouste moontlike oplossing van die dekadelange geskil," sê Gurirab.

Diplomatieke waarnemers meen dat indien Suid-Afrika ook by sy verklaarde standpunt hou, naamlik dat hy Walvisbaai nie sonder meer sal oorhandig nie, sal die samesprekinge min ruimte vir buigbaarheid inhou.

Pik Botha, minister van Buitelandse Sake, het onlangs aan Vrye Weekblad gesê dié standpunt is steeds "vir die rekord" geldig. Hy wou egter nie oor moontlike kompromieë praat nie, weens 'n ooreenkoms met Gurirab dat hulle nie enigiets van substansie in die openbaar sou bespreek nie.

Namibia het die weg van bilaterale samesprekinge met Suid-Afrika gekies teenoor ander opsies soos VVO-ingryping en bedinginge deur middel van die Internasionale Geregshof in Den Haag omdat hy gretig is om sy betrekkinge met sy nuwe buurman uit te bou.

"Ons is tevrede met ons betrekkinge met Suid-Afrika," sê Gurirab. "Bande is aan die groei ondanks die ongemaklike begin na die lang geskiedenis van konflik. Ons het reeds sekere algemene ooreenkomste gesluit, maar die kwessie van Walvisbaai en die eilande bly uitstaande."

Hy verwys na die twaalf eilande aan die Namibiese kus waaroor Suid-Afrika steeds beheer het. Die onderhandelinge sal ook gaan oor die suidelike grens van Namibia, wat tans noord van die Oranjerivier getrek is.

Gurirab wil nie bespiegel oor wat hy 'n "worst case scenario" noem nie - wanneer geen ooreenkoms bereik word nie.



Theo Ben Gurirab

"Suid-Afrika is deel van Suider-Afrika en sal tog gretig wees om in pas daarmee en die res van die wêreld te kom," is sy houding. "Suider-Afrika eis van sy leiers wysheid, staatmanskap en politieke buigsaamheid en toekomstige ontwikkelinge sal 'n wegbeweging van vroeëre betrekkinge toon."

Namibia glo dat 'n ingelyfde Walvisbaai "die sluise van geleenthede" kan ooptrek vir sowel sakelui as politici in Suid-Afrika, soos ook die res van Suider-Afrika. Ooreenkomste is so pas gesluit om spoorverbindings tussen Walvisbaai en Botswana asook Zambië te lê.

"Daar is baie moontlikhede vir gesamentlike ondernemings tussen Suid-Afrika en Namibia," sê Gurirab. "Walvisbaai is 'n belangrike hawe en kan in die toekoms saam met dié van Suid-Afrika die streek se mark vir buitelandse invoere word."

Hy glo egter nie Namibia se ekonomiese oorlewing en gevolglike afhanklikheid van 'n hawe moet oorbeklemtoon word nie. "Ons kan ander hawens bou. Maar Walvisbaai behoort aan Namibia."

Suid-Afrika handhaaf steeds 'n sterk militêre teenwoordigheid in die enklave en het onlangs sy weermagaanlegte teen sowat R37 miljoen uitgebrei en opgeknap. Portnet het pas aangekondig dat hy 'n aansienlike bedrag gaan bestee om die hawe op te gradeer.

**- CHRISTELLE TERREBLANCHE**

# Mafia steeds die baas in Italië

**Die Mafia in Italië doen beter as ooit. Volgens DOMINIQUE CHARBOL is weelderige begrafnisse as gevolg van bendemoorde aan die orde van die dag in dié land**

ROME - Die moorde duur voort. Meer as 1 200 mense is in 1990 in Italië in sluipmoordaanvalle dood. Dié voorvalle word met die Mafia verbind.

Lyke vol koeëlgate, teregstellingsmoorde en weelderige begrafnisse is aan die orde van die dag in Italië.

Dié 1990-moordsyfer is 15 persent hoër as die vorige jaar. Georganiseerde misdaad is aan die toeneem in die suide van die land, wat steeds gebuk gaan onder werkloosheid.

Volgens Domenico Sica, die regering se hoë kommissaris aan die spits van die stryd teen die Mafia, is die hele suide in die Mafia se hande. Volgens 'n Mafia-sensus wat die polisie in September gedoen het en wat na die pers gelek het, is daar 15 045 lede in 434 "families".

Dit wil voorkom of die Italiaanse owerhede die inisiatief verloor het nadat hulle die Mafia in die tagtigerjare 'n paar keer lelik geknou het.

Die Palerma-aanklaers se anti-Mafia departement bestaan nie meer nie, en die werk van die ondersoekende landdros Giovanni Falcone en 'n paar ander is geen plaasvervanger daarvoor nie. Daar is 'n duidelike afwesigheid van enige anti-Mafia-beleid.

Daar is ook nie meer verhore soos dié wat op die 1982-moord op die Palerma-prefek, genl Carlo Alberto Dalla Chiesa, gevolg het nie.

Vyf jaar later is 19 mense lewenslank tronk toe gestuur. Slegs 'n paar van dié mense is nog in die tronk, en dit het bygedra tot Mafia-arrogansie en die gevoel van magteloosheid onder landdroste.

Die Mafia het onlangs herstruktureer en ooreenkomste tussen vyandige families aangegaan. Palerma is nie meer die misdaadhoofstad nie. Moorde is nou net so algemeen in Catania aan die ooskus waar 95 mense in 1990 vermoor is.

In die sestigerjare was Catania bekend as die Milaan van die suide as gevolg van dié stad se industriële dinamiek. Maar soos die Mafia se invloed in die stad toegeneem het, het meer mense die stad begin verlaat.

In November is die regering se onvermoë om die situasie te beheer duidelik aangetoon deur die koelbloedige slagting van agt mense in Gela, 'n dorp met 70 000 mense bekend as Mafiaville.

In 'n oorlog in 1990 tussen Camorra-families rondom Napels is meer as 300 mense dood.

Die groot winste wat uit dwelms gemaak word, lê die geweld ten grondslag. Die hele suide van Italië word nou geaffekteer, van Sardinië oor die vasteland en gebiede waar die Mafia nooit voorheen 'n probleem was nie.

Die "families" sukkel nie om skerpskutters te werf nie, veral nie onder die werklose jongmans wat andersins armoede in die gesig sou staar nie.

Georganisseerde misdaad is besig om na die noorde uit te brei. Milaan is nou die vierde op die ranglys van stede wat gebuk gaan onder moordbendes. Van die 103 aangetekende moorde in 1990 - drie keer meer as in 1989 - word twee derdes aan georganiseerde misdaad toegeskryf.

Die Mafia is nou besig om die finansiële instellings soos banke en groot maatskappye binne te dring ter voorbereiding van die een gemeenskaplike Europese mark in 1993 - waarvan Italië 'n lid gaan wees.

Verskei Mafia-base is reeds in die suide van Frankryk opgespoor waar hulle reeds werksaam is om munt te slaan uit die volgende Olimpiese Spele in Barcelona.

Anti-Mafia-maatreëls en operasies wat deur die Italiaanse regering begin is, werp min vrugte af. Maar na die Gela-moorde het die plaaslike prefek 'n telefoonnommer verskaf waarheen mense kon bel met anonieme inligting. Dit het tot die inhegtenisneming van die beweerde moordenaars en 'n bendeleier gelei.

'n Eenvoudige telefoonoproep het die Mafia se wet op stilte verbreek. Niemand het voorheen daaraan gedink nie. - AFP

# Borskanker erger onder die rykes

SIDNEY - Vroue in welgestelde woonbuurte het 'n groter kans om aan borskanker te sterf as dié in armer woonbuurte, volgens 'n universiteitstudie.

Volgens navorsing deur prof Peter Curson, verbonde aan die Macquarie-universiteit in Sidney en 'n spesialis in menslike geografie, kan dié siekte ook beroepsverwant wees.

Curson het pas sy bevindinge oor die hoeveelheid en soorte prematuur sterftes tussen 1981 en 1988 in die Australiese staat Nieu-Suid-Wallis bekend gemaak. Dit toon dat een van die rykste woonbuurte in Australië, die hawebuurt van Hunters Hill, die hoogste borskankersyfer in dié staat het - 64 sterftes per 100 000 vergelyke met 'n gemiddelde van 27.

In al Sidney se relatief welgestelde noordelike en eksklusiewe oostelike woonbuurte is die borskankersyfer tussen 30 en 60 persent hoër as die staat se gemiddelde. In Woollahra, die buurt waarin van Sidney se rykste inwoners woon, is die mortaliteitsyfer weens borskanker 61 persent hoër as die gemiddelde. In die naasliggende Randwick-woonbuurt, nie so ryk nie maar steeds middelklas, was dié syfer slegs 26 persent hoër as die gemiddelde.

Curson sê hy glo die vroue in die ryker buurte loop 'n groter risiko omdat relatief groter getalle van hulle beroepsgerig is en kinders uitstel.

"Borskanker is die eindproduk van beroepsgerigtheid," sê hy.

Hy glo egter ook dat die probleem met ouderdom verband kan hou. Die gebiede met die grootste voorkoms van borskanker het ook die grootste groep ouer vroue, wat as 'n hoë risiko-groep beskou word.

Kankerkundiges meen dié bevindinge sal nie net tot Sidney beperk wees nie.

'n Onkoloog aan die Royal North Shore-hospitaal in Sidney, wat om professionele redes anoniem wil bly, sê: "Daar is 'n bekende ooreenkoms tussen die ouderdom van jou eerste kind en die voorkoms van borskanker.

"As jy 'n kind op 20 het, het jy 'n baie kleiner kans om borskanker op te doen as wanneer jy wag tot jy 35 is.

Aan die ander kant is daar 'n baie hoër voorkoms van kanker van die serviks by vroue wat kinders op 'n jong ouderdom het, onder dié in die laerinkomste-groepe en dié met meer seksmaats."

Die onkoloog sê daar is interessante feite wat nou in Amerika aan die lig kom betreffende borskanker en dieet.

"Die voorkoms van borskanker onder mense in Asië wat 'n groter vegetariese dieet volg, is heelwat kleiner," sê hy.

Volgens 'n ander kankerkundige van Sidney, dr John Levi, kan die hoë voorkoms van borskanker onder vroue in die hoër ekonomiese inkomstegroep toegeskryf word aan 'n hoë vet en proteïen-dieet.

**- JACK TAYLOR, AFP**





# MET HOOP

Ons almal vrees kanker instinktief, en ons besef kanker is ongetwyfeld 'n baie ernstige siekte.

Maar agter daardie vrees skuil 'n groot mate van onkunde. Die woord kanker word gebruik vir verskillende kankersoorte wat verskillende dele van die liggaam kan aantas. Sommige kankers kan 100% onderdruk word, terwyl ander byna geen kans op remissie het nie.

Statistieke toon dat 1 uit 4 mense een of ander tyd voor kanker te staan gaan kom. Maar met die regte houding is daar baie hoop vir iemand wat kanker kry.

Spreek dadelik jou dokter oor enige verdagte pyn of liggaamlike veranderings wat volhard. Hy of sy sal jou inisiatief waardeer, veral as dit blyk jou vermoede was reg. As kanker betyds opgespoor word, is jou kanse op herstel soveel groter.

As jy dalk 'n vriend of familielid met kanker ken, doen alles in jou vermoë om hul hoop op herstel te versterk.

Met hoop kan kanker oorkom word.

Die Nasionale Kankervereniging van Suid-Afrika

Reg.nr. 05/03720/08 01 1000020000

Ek wil graag meer weet oor kanker. Stuur asseblief vir my 'n kopie van "Kanker in 'n nuwe lig".
Aan: Die Nasionale Kankervereniging, Posbus 2000, JHB, 2000.
Naam: ..........
Adres: ..........
..........
.......... Kode: ..........

McCANN 404987


# Skaakkoning steeds 'n kluisenaar

BONN - Bobby Fischer, die jongste skaakspeler nog wat die titel Groot Meester ingepalm het, vermy die openbare oog nou reeds twee dekades lank.

Hy het onlangs vier maande in Duitsland deurgebring, maar gevlug toe hy besef hy is geïdentifiseer.

Toe Fischer vir Boris Spassky van die Sowjet-Unie op 2 September 1972 by die wêreldkampioenskaptoernooi in Reykjavik, Ysland geklop het, het hy die eerste Amerikaanse speler geword wat amptelik die titel Skaakkampioen van die Wêreld gehou het.

Kaspar Bezold, bestuurder van die Pfeffermuehle-hotel in Pottenstein, sê Fischer het verlede Oktober met 'n klein kunsleertassie by sy hotel opgedaag.

Hy was vergesel van 'n paar Duitse vriende by wie hy in Darmstadt gekuier het voordat hy besluit het hy had genoeg van die stad.

Die hotelbestuurder, self 'n skaakgeesdriftige, sê Fischer het net minerale water gedrink en dikwels vis bestel.

Bezold het sy stilste kamer aan Fischer gegee. Fischer het heeldag in sy kamer deurgebring en die hortjies toe gehou - so asof die lig hom gepla het.

Niemand weet hoe Fischer sy dae deurgebring het nie, maar van die ander gaste sê hulle het die radio in sy kamer hoor speel.

Robert James Fischer is op 9 Maart 1943 in Chicago gebore.

Toe Bobby twee was, het sy vader hulle verlaat. Bobby se ma het die gesin onderhou.

Op sy sesde verjaardag het sy suster Joan aan hom 'n skaakstel gegee.

Op 15 het hy die eerste van talle Amerikaanse kampioenskappe gewen en die rang van Groot Meester verower. Op 16 het hy die skool verlaat om hom op skaak toe te spits.


Fischer se finansiële status is nog 'n geheim. Die 156 000 dollar wat in 1972 verower het, is vermoedelik lankal uitgeput.

Tantième vir sy skaakhandleidings is die enigste bekende bron van inkomste, en dié samel hy nie eens altyd in nie.

**- EMMANUEL IMATTE, AFP**

# Nou word dit 'n oorlog van scenario's

**Hoe gaan 'n grondaanval in die Golfoorlog verloop? Soos met die tegnologie tydens die lugfase van die oorlog, gaan die Amerikaners asem ophou of hul jongste oorlogsdoktrines gaan slaag of nie. HANS PIENAAR vat die verslae van korrespondente saam**



Die USS Wisconsin skiet 'n salvo eentonkoeëls na Irakese kusposisies in Koeweit (Foto: AP)

Lugoperasies kan maklik afgelas word. Solank daar dus geen grondoorlog is nie, is 'n onttrekking aan Koeweit deur Irak, of 'n skietstilstand aan die kant van die geallieerdes, soveel makliker.

Dié verduideliking van die Russiese onderminister van buitelandse sake raak waarskynlik aan die vernaamste oorweging vir die huiwerigheid van die geallieerdes om met 'n grondoorlog te begin - afgesien daarvan om 'n bloedige stryd te vermy.

Die koorsagtigheid waarmee die een vredesinisiatief na die ander dié week geloods is, deur die Russe, Iran en Irak se pogings self, beklemtoon dit dat 'n grondoorlog soos 'n streep in die Arabiese sand lê. Enigeen wat die streep oortree, gaan 'n heel nuwe dimensie in die oorlog tegemoet.

Reeds is die veel meer onbepaalde woord "scenario" die een wat die meeste rondgegooi word, in teenstelling met woorde soos "chirurgiese aanvalle" in die lugfase van die oorlog.

Wat as Saddam Hoesein in 'n staatsgreep omvergewerp word? Wat as sy troepe muit? Gaan hulle tenks gebruik, of vasskop in hul gate. Politieke oorweginge, ook op internasionale gebied, gaan hulself op alle vlakke van die oorlog laat geld.

Die geallieerdes moet byvoorbeeld besluit of hulle Irak se weermag gaan verwoes, en daarmee Iran as die moondheid in die golfgebied laat, en of hulle sommige van hul eenhede se teuels gaan terughou.

Kyk 'n mens na die verskillende planne vir 'n grondaanval wat al in die pers verskyn het, is dit duidelik dat daar so 'n groot verskeidenheid van planne is, vir 'n uiters aanpasbare oorlogsmasjien, dat niemand voor 'n dag of so voor 'n grondaanval werklik weet wat gaan gebeur nie.

Selfs op die grond sal die besluite wat geneem word eerder die kies van stelle moontlikhede, of scenario's, met die klem op koördinasie met ander afdelings wees as vinnige besluite oor korttermyn-vordering op die slagveld.

Die Amerikaanse doktrine wat gevolg gaan word, "airland battle", is reeds 'n dekade oud. Die grondaanval in Koeweit sal in der waarheid die vuurdoop van die doktrine wees, wat die ou leer van "close combat" vervang het.

"Vandag se aanvoerder verstaan dat wapenstelsels waarmee hy nie kontak het nie, 'n impak op sy huidige en toekomstige aksies kan en sal hê," sê 'n bron in die Pentagon. "Hy het die kans om môre se slag vandag te beïnvloed."

Die doktrine is aanvanklik ontwikkel om getalle-oorwigte van Sowjet-troepe te bowe te kom, en komplementeer die konsep van "close battle" met dié van "deep battle" en "rear battle". "Deep battle" is daarop gemik om die vyand se vermoë te verminder om "close battle" in die toekoms uit te voer. "Rear battle" is gemik op logistieke teikens soos voorradelyne, bevel- en beheersentrums en kommunikasiestelsels.

Op die slagveld het die doktrine vier hoekstene: inisiatief, diepte, beweegbaarheid en sinchronisasie. Op die genoemde hoekstene is 'n ingewikkelde netwerk van gekoördineerde veldaksies gebou. Die bevelvoerder van 'n eenheid word vryheid gegee om sy eie keuses te maak, en sentrale instruksies maak plek vir opdragte om bepaalde sendings uit te voer.

Sover dit die Golfoorlog aangaan, is die breë riglyne wat die doktrine stel, reeds nagevolg. 'n Grondoorlog sal 540 000 Irakese troepe teenoor 700 000 geallieerdes stel. Indien die geallieerdes nie die 3 teen 1 voordeel in getalle-oorwig behaal wat die ou doktrine vereis nie, sal staatgemaak word op meerdere vuurkrag en tegnologie om die oorlog te wen.

Die doktrine stel dit dus dat 'n grondoorlog sal begin met hewige bombardement van die Irakese stellings deur geallieerde artillerie, gevolg deur landings deur kommando-eenhede in helikopters.

In die weste sal hoogs mobiele eenhede in helikopters en ligte pantservoertuie diep in Irak aanval. In die suide sal die doel wees om Irakese soldate besig te hou met massiewe afleidende aanvalle.

Maar ander scenario's lê gereed. Die geallieerdes hou nog die opsie oop van 'n beperkte offensief, gekombineer met 'n amfibiese aanval gerugsteun deur artillerie-aksies van skepe af, met die doel om die Irakese uit hul woestyngate te jaag reguit in die visiere van vegvliegtuie in.

'n Militêre aksioma sê dat slagveldplanne amper nooit die eerste kontak met die vyand oorleef nie. "Airland battle is getoets en hertoets tydens oefeninge, maar dit is nog nooit met werklike koeëls getoets nie," sê 'n bron in die Pentagon.

Onbekende faktore is steeds die gebruik van chemiese gas, en hoe dit die linies onmiddellik agter die front gaan beïnvloed. Amerikaanse soldate is nie vertroud met wegkalwende sand nie. Tenks is nie ontwerp vir mobiliteit op die sand nie.

"Scenario" is selfs die sleutelwoord vir die na-oorlogse situasie, wat aandui dat geallieerde magte beplan om in elk geval nog lank in die omgewing te wees.

Reeds lank voordat Rusland sy vredesvoorstelle van vandeesweek opgestel het, het die Amerikaners 'n reeks scenario's - by die scenario's vir 'n grondoorlog - ingeval Bagdad se magte aan Koeweit onttrek.

Amerikaanse woordvoerders praat van "allerhande soorte permutasies van onttrekking". "Wat as dit 'n 'partial' is? Wat as dit 'n 'full' is?... Ons het al dié dinge deurdink en aangespreek en ons het planne vir hulle geskryf. Hulle is op die rak," het 'n woordvoerder gesê.

'n Saoediese weermagwoordvoerder sê die geallieerdes sal na die oorlog nog baie bedrywig wees. Die meeste planne vra vir toesighouding van die onttrekkende magte vanuit die lug, op land en van die see af.

Hy kon nie sê of Irak toegelaat sal word om met al sy wapens te onttrek nie. Vroeër het geallieerde amptenare reeds gesê die doel met die oorlog is eweseer om Saddam Hoesein se oorlogsmasjien te knak as om Koeweit te bevry. Die woordvoerders kon egter geen raming verskaf van hoe lank 'n moontlike Irakese onttrekking sal duur nie. Dit was ook te vroeg om oor 'n geallieerde besettingsmag in Koeweit na die oorlog te bespiegel.

"Ek sou egter sê dat Amerikaanse magte waarskynlik soveel moontlik sal help met die opruiming van mynvelde en soortgelyke hindernisse weens ons vermoëns op dié gebied," het die woordvoerder gesê.

## Islam vind weer sy voete in Albanië

TIRANA, Albanië - Islam in Albanië, die enigste Europese staat met 'n Islamitiese meerderheid, is stadig besig om weer sy voete te vind, namate die Albaniërs voordeel uit die onlangse bevrydingsprosesse van die regerende kommunistiese party put.

Meer as 70 persent van die inwoners van dié Oos-Europese staat met drie miljoen inwoners, het 'n Islamitiese agtergrond. Maar jare van kommunistiese onderdrukking het die beoefening van godsdiens versmoor en die moskees was vir langer as twee dekades gesluit.

"Alles is ons ontneem. Dis moeilik om weer van voor af te begin," sê Bardhyl Fico, 'n Moslem-leier in die hoofstad, Tirana.

"Ons het wat ons kon van die Moslemkultuur aan ons kinders oorgedra, maar altyd met die vrees dat ons betrap sal word," sê Fico. "In daardie verskriklike jare kon 'n mens nie eens jou seun of broer ten volle vertrou nie."

Tussen 1945 en 1954 is ten minste 30 van Albanië se Moslem-leiers van die Sunnigemeenskap gedood - òf voor vuurpelotons, òf in tronke.

Dié geloof het ondergronds gegaan totdat die lig van verdraagsaamheid vanjaar deurgebreek het. Op 18 Januarie is die Haxhi Etehem Bey-moskee, 'n pragtige 18e eeuse gebou langs die hoofplein in Tirana, heropen. Fico sê hy sal dié dag nooit vergeet nie.

"Daar was 25 000 mense om die moskee vergader. Dit was onmoontlik om naby te kom," sê hy.

Nog twaalf moskees in die land is heropen.

"Ons hoop om binnekort nog twee moskees in Tirana, wat in winkels omskep is, te heropen," sê 'n ander Moslem-leier, Shefqet Ndroqi, 'n mediese professor.

Die aankondiging verlede November deur die leier van die kommunistiese party, Ramiz Alia, dat alle plekke van aanbidding wat in 1967 gesluit is, toegelaat sal word om te heropen, is met blydskap deur dié land se ortodokse gemeenskap begroet.

**- NICOLAS MILETITCH, AFP**

## Sweedse leër

Die eerste Sweedse leër sedert die Napoleontiese oorloë in die eerste dekades van die 19e eeu wat kant kies, het 'n reuse-tentehospitaal in Saoedi-Arabië opgerig om gewondes van die front te verpleeg. Die Sweedse parlement het eenparig besluit om sy lang tradisie van neutraliteit te verbreek en 525 mediese personeel na die golf gestuur. Die afdeling se fotograaf, het 'n grootoupa gehad wat teen Napoleon geveg het.

## Vervalsing

Die Koeweitse owerheid sal na die oorlog dalk note moet omruil om grootskaalse vervalsing van die dinar teen te werk. Die vervalsing word gedoen deur sowel die Irakese magte as deur buitelanders.

## Buite perke

Die anti-Irakese koalisie het buite die perke van die VVO se resolusie oor die inval in Koeweit opgetree en die oorlog verander in 'n operasie om burgerlikes uit te wis, sê die hoof van die Warskou-verdrag se magte in 'n onderhoud. Hy het ook sy kommer uitgespreek dat die Amerikaners in 'n posisie is om nuwe tegnologie te toets en die nodige "transformasies" aan te bring.

## Hospitaalkrisis

Hospitale in Bagdad staan op die rand van ineenstorting, en word oorweldig deur tekorte van enigiets van krag en water tot kos en dwelmmiddels. Pasiënte kry dikwels net twee karige maaltye. Brandpasiënte gaan dikwels dood aan infeksie. Dokters is erg gedemoraliseer deur gevalle van pasiënte wat hul vrouens, kinders en ouers in die bomaanvalle verloor het.

## Fietse gewild

Fietse is weer gewild in Bagdad weens die opskorting van petrolverkope. Waar die algemene vervoermiddel voor die oorlog taxi's was, het die pryse van fietse verdriedubbel. Herstelwerkers maak ook goed geld, omdat die Irakese fietse uitgrawe wat tot veertig jaar oud is.

## Nee vir maskers

Die Israelse ambassade in Kopenhagen het geweier om 25 000 gasmaskers wat vir Palestyne in die besette gebiede bedoel was, in ontvangs te neem. Die Israeli's beweer die maskers voldoen nie aan hul vereistes nie. 'n Mens kan niks drink terwyl jy dit aan het nie, sê hulle. Die Dene sê hulle gaan ander maniere ondersoek om die maskers by die Palestyne uit te bring.

## Lyke op dakke

Gesneuwelde Irakese soldate se kiste word in vlae toegedraai en op die dakke van taxi's na hul tuisdorpe geneem.

## Verskerp intifida

Die leiers van die anti-Israeliese opstand vra vir 'n "eskalasie" in die Intifida in die besette Wesbank-gebied en die Gazastrook. Dit sal "die intifida integreer met die Irakese en Suid-Libanese fronte" as deel van die golfoorlog, sê die leiers.

# Bely is moeilik, selfs in 'n ouetehuis

Dr. Nico Smith soek al pratende deur sy indrukwekkende boekversameling teen die muur van sy studeerkamer. Hy haal 'n boek uit: Regverdige Rasse-apartheid (1947), skrywer, prof. Geoff Cronjé.

Dit was in 1982, pas nadat Nico as professor in Sendingwetenskap aan Stellenbosch bedank en sak en pak na Pretoria verhuis het om in Mamelodi predikant van die NGKA te word.

En dit was pas na 'n stormagtige sitting van die Algemene Sinode van die NG Kerk in Pretoria. Hier is ure lank baklei om verlof te kry om 'n erg-verouderde beleidstuk oor volkereverhoudinge, Ras, Volk en Nasie, oor te skryf.

Al meer geboei luister ek terwyl Nico 'n hoofstuk voorlees met die opskrif "Apartheid en voogdyskap in die lig van die Heilige Skrif." Die skrywer: prof EP Groenewald, afgetrede Nuwe Testamentikus van die NGK aan Tukkies, geëerde Bybelvertaler, skrywer van by die twintig boeke, waaronder 'n swaarwig van Bybelverklarings. Bybelverklarings wat nou nog deur teologiese studente gebruik word.

Groenewald en andere was toe midde-in die laaste voorbereidingswerk vir die Nuwe Afrikaanse Bybel, wat die volgende jaar sou verskyn.

'n Nuwe Testamentikus, vroeër jare bestempel as die beste wat die land nog opgelewer het, Bybelvertaler en Bybelverklaarder.

Só skryf hy in 1947 oor die rigtende beginsels in die Heilige Skrif wat rasse-apartheid en voogdyskap steun: "Gelukkig is die Skrif ryk aan uitsprake wat in hierdie verband as rigtinggaanwysend kan dien en waaruit ons sekere vaste beginsels kan aflei. Gelukkig ook is die verklaring van die betrokke tekste so algemeen aanvaar dat niemand ons van 'n willekeurige vertolking in belang van 'n vooropgesette standpunt sou kon beskuldig nie."

Hierdie gegewens lei hom daartoe om rasse-apartheid volledig uit die Skrif af te lei en apartheidsteologie in sy suiwerste vorm te verwoord. (Sien die berig hiernaas).

'n Weergawe van dié standpunt is in 1948 in verslagvorm aan die Transvaalse Sinode van die NGK voorgelê. Danksy die teenkanting van prof. Ben Marais (toe nog 'n dominee) is dit nie aanvaar nie, maar enkele dae later is dié

**Sewe jaar lank het INA VAN DER LINDE probeer om prof EP Groenewald, een van die eerste teoloë van apartheid, onder vier oë uit te vra oor die kerk se erkenning dat die teologiese regverdiging van apartheid 'n fout was. Uiteindelik kon sy verlede week met hom in sy ouetehuis praat. Maar steeds het sy voor die muur van Jerigo gestuit**

besluit op 'n geslote aandvergadering hersien en tog aanvaar.


Marais, self al in die tagtig, vertel nou nog in presiese besonderhede hoe hy die dag in die sinode opgestaan het en toe hy sy besware teen die verslag opper, dit vir hom gevoel het of hy op 'n ysberg staan. Rondom hom het die hele sinode gevries!

Vandag is Groenewald (85) bykans die enigste oorlewende uit 'n geslag apartheidsteoloë wat gehelp het om die invloedryke wit NG Kerk op 'n pad te plaas wat daartoe gelei het dat sy eie susterkerke, die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika, hom skuldig bevind het aan teologiese kettery.

Dit het ook daartoe gelei dat die NGK vir jare in 'n ekumeniese woestyn beland het.

Dis maar die afgelope vyf jaar wat die NGK hom volledig uit die greep wat dié teologie op hom geplaas het, kon begin losmaak.

Die enigste ander apartheidsteoloog uit dié geslag wat nog lewe, is prof. FJM Potgieter, vader van die huidige moderator van die NGK, prof. Pieter Potgieter. Potgieter senior het 'n aantal jare ná Groenewald gekom en hy huldig steeds die apartheidstandpunt. As teoloog is hy egter nooit so hoog as Groenewald geag



**Prof EP Groenewald... die ouderdom bring jou waar jy nie wil wees nie**

nie.

Vir byna 'n dekade wonder ek al: Hoe kon 'n teoloog van formaat soos Groenewald só met die Bybel werk? En ek het hom al drie keer gevra vir 'n onderhoud. Die eerste maal per telefoon in 1984. Hy het botweg geweier toe hy hoor waaroor ek wil kom praat.

Die tweede maal was in 1986 tydens die Algemene Sinode van die NGK in Kaapstad. Die besluit oor apartheid waarin die NGK erken dat "gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke nie as 'n voorskrif uit die Bybel afgelees kan word nie", en dat pogings in die verlede as 'n fout erken en afgewys word, is pas geneem.

Die volgende dag gewaar ek Groenewald in die sinodesaal. Hy sou 'n erepenning vir sy bydrae tot Bybelvertaling kom ontvang. Ek stap na hom toe, stel myself voor en vra of ek met hom oor die besluit kan praat.

Hy stem hoflik in. Wag net hier in die sinodesaal, sê hy, ek gaan net gou saam met die moderatuur tee drink.

'n Uur later toe die sinodegangers begin terugkeer, wag ek nog. By die teekamer vind ek uit dat hy lankal by 'n ander deur uitgeglip het.

Laasweek op Stellenbosch woon ek 'n konferensie vir predikante van die NGK by. Daar word gepraat oor kerkeenheid. Weer sit Groenewald in die gehoor en ek dag: Laat ek vir die laaste keer probeer.

Dié keer luister hy my geduldig uit, teken ligweg protes aan omdat hy reeds afgetree is, nie van koerante hou nie, en nie weet of hy vir my iets te sê het nie.

Tog stem hy in, gee my sy adres en verduidelik presies hoe die pad na sy woonplek in die Strand loop.

En ek juig: Uiteindelik, uiteindelik. Wat hy ookal sê is nuus. As hy met die standpunt van jare gelede saamstem is dit nuus, as hy daarvan verskil, is dit nuus.

Skuins voor my stap prof. Willie Jonker uit en ek dink: As daar iemand is wat in die Kerk moet bely oor apartheid, is dit Groenewald.

Groenewald bly in 'n statige ou hotel op die strandfront. Dis omskep in 'n tehuis vir bejaardes. Donkergroen-matte op die vloer. Donker gange. 'n Man in 'n rystoel sit met kop skuins op die bors en slaap by die voordeur.

In die gang kom 'n vrou met 'n loop-tralie aangeskuif.

Groenewald sit voor sy lessenaar voor die venster. Ek verwonder my aan die manier waarop hy flink opstaan. Hoe kry hy dit reg om so jonk te lyk?

Met outydse hoflikheid word ek 'n sitplek aangewys. Die kombuis en woonvertrek is spierwit-netjies. Sy vrou is laasjaar dood.

Waaroor wil ek praat? Vir gemeenplasigheidjies is nie hier plek nie. Daar's 'n stugheid in die lug. Ek besluit om maar deur-in-die-huis te val.

Groenewald bly lank stil. Vir wie werk ek? Julle is mos moeilikheidmakers? Hy is afgetree, is 'n introvert en soek nie publisiteit nie - het dit trouens nooit gedoen nie. As sy Kerk hom vra sal hy nog raad gee, maar koerante het hom al teleurgestel. Hy dink nie hy het iets te sê nie.

Ek stuit teen die muur van Jerigo.

Later bied hy tee aan. Op pad hysbak toe vra ek: "Is u gelukkig in die tehuis?"

Hy bly 'n oomblik stil. "Die ouderdom is 'n harde leermeester. Hy bring jou op 'n plek waar jy nie wil wees nie". 'n Sweem van weekheid lê om die oë.

Buite wonder ek: Bedoel hy dit op die tehuis? Bedoel hy dit op die Kerk? Wie sal weet?


**South Subscription Special Offer**

The only independent weekly newspaper in the Cape

*SOUTH 1991 calendar free with each annual subscription received before 31 December 1990!*

**RATES:** R30,00 (26 weeks); R60,00 (52 weeks)

***Please complete and mail the form below:***

NAME: ..............................

ADDRESS: ..............................

..............................

..............................

Send form and crossed cheque or postal order to: SOUTH Press Service (Pty) Ltd PO Box 13094 Sir Lowry Road 7900

CODE: .......... PHONE: .......... (h) .......... (w)

Please indicate: ☐26 weeks ☐ 52 weeks


# Só lyk die apartheidsteologie van Groenewald

DIE uitgangspunt van Groenewald se apartheidsteologie is dat die Skrif ryk is aan uitsprake wat die beginsels van rasse-apartheid en voogdyskap onderskryf:

* Die Skrif leer die eenheid van die menslike geslag. Die hele menslike geslag het uit Adam en Eva ontstaan, met ander woorde, uit een bloed.

* Die verdeling van die menslike geslag in rasse, volke en tale is 'n bewuste daad van God. Die verskeidenheid van rasse, volke en nasies dien tot eer van Sy naam. Die poging om die hele menslike geslag as eenheid en homogeniteit te bewaar, lei met die gebeure rondom die toring van Babel tot 'n ingryping deur God waardeur Hy die tale verwar en die verskeidenheid bewerkstellig het.

Die bestaan van aparte volke word deur Jesus en die apostels aanvaar as 'n vanselfsprekende verskynsel.

* Die Here wil dat aparte volke hul apartheid moet bly handhaaf. Die volk wat hom streng afgesonder hou van andere en sodoende sy suiwerheid van bloed, taal, sedes en godsdiens beskerm, kan deur die Here gebruik word om 'n verhewe roeping te vervul - só leer die geskiedenis van Israel. Slegs die volk wat sy identiteit behou, kan aan die Godsbestemming voldoen. Volke wat die skeiding ophef, gaan onder.

* Dié apartheid strek hom oor die hele terrein van die volkslewe uit. God wil volstrekte skeiding hê ten opsigte van nasionale apartheid (aparte volke met eie nasionale grense), sosiale apartheid (geen kulturele, sedelike en ander beïnvloeding deur aangrensende volke nie), en godsdienstige apartheid (nasionale, sosiale en godsdienstige grense tussen Christene van verskillende volke).

* Gods seën rus op die eerbiediging van die apartheid, en sy vloek rus op die opheffing van grense.

* In Christus kom 'n hoër geestelike eenheid tot stand. Afsonderlike kerke vir afsonderlike volke is Bybels.

* Die sterkere het 'n roeping teenoor die swakkere. Die beginsel wat uit die Skrif afgelei kan word is dat een volk 'n ander kan onderwerp, byvoorbeeld Israel wat ander volke onderwerp; die sterkere volk het 'n verantwoordelikheid teenoor die swakkere.

In 'n slotopmerking skryf Groenewald dat die beleid van apartheid en voogdyskap soos deur die Christelike Afrikaner voorgestaan is ten opsigte van die nie-blankes teruggevoer kan word tot die Woord van God.

"'n Beleid van apartheid wat selfs tot die konsekwensie van territoriale segregasie deurgevoer word, sal nie in stryd wees met die grondbeginsels soos hulle in die Bybel voorkom nie.

"Daarby is dit duidelik dat die eerbiediging van die Skrifgegewens die enigste weg is om aan iedere volksgroep die volle geleentheid te gee om te ontwikkel in ooreenstemming met die aard wat die Skepper aan hom toebedeel..."

Met dankbaarheid (kan) gekonstateer word dat die rassebeleid van die Afrikaners 'n bewys lewer van die volk se eerbied vir God en Sy woord. En die Skrif sê: Welgeluksalig is die nasie wie se God die Here is (Ps. 33:12).

## *Ope brief aan Staatspresident FW de Klerk*

# Net iemand wat groot genoeg is, kan sê hy is jammer

*Staatspresident FW de Klerk Maandagaand op TV1 se Agenda, op Freek Robinson se vraag of hy bereid sou wees om te sê hy is jammer oor wat apartheid aan mense gedoen het: "'n Mens sou sekerlik in elke politieke party se geskiedenis ernstige foute kon identifiseer, ernstige oordeelsfoute. Met die wysheid van terugkyk is dit nie moeilik nie. Dit geld nie net die Nasionale Party nie, dit geld sekerlik ook die Arbeidersparty, dit geld seker ook die ANC. Die toets is egter: hoekom het mense dinge gedoen? Die NP soos ek hom ken - en ek het in hom grootgeword - was deurentyd 'n party wat gesoek het na regverdige oplossings, wat gesoek het na 'n wyse om volwaardige selfbeskikking vir elkeen te gee. Om te doen aan die ander wat jy vir jouself opeis. En in daardie sin was die NP se geskiedenis basies een van uit te ryk na regverdigheid."*

**Beste President De Klerk**

Ek wou eintlik al lankal vir jou 'n brief geskryf het om te sê hoeveel waardering ek het vir die stappe wat jy onlangs geneem het om ons land op die pad na die demokrasie te plaas en vir die manier waarop jy help sorg dat die onderhandelingsproses nie skipbreuk lei nie.

Jy het my genoegsaam oortuig dat jy nie van plan is om soos jou voorganger goed vordering te maak net om dan onverwags gatom te swaai nie.

Só oortuig was ek dat ek laasweek 'n ernstige beroep op die ANC gedoen het om die onherroeplikheid van die verandering nou te aanvaar en onmiddellik vir die algehele opheffing van sanksies te vra.

Maar nou ja. Ek het toe nie dié mooi brief geskryf nie. So gaan dit mos maar: 'n mens kom net by 'n ding uit as jy wil kla.

Dit was jou uitlatinge oor 'n apologie oor apartheid wat my genoeg ontstel het om toe uiteindelik die pen op te neem.

Nie net sê jy reguit jy gaan nie namens die Nasionale Party en die Afrikaner sê jy is jammer oor wat apartheid oor geslagte heen aan ons land se swart en bruin bevolking gedoen het nie, jy gaan so ver om te sê die NP se geskiedenis is "basies een van uit te reik na regverdigheid".

Soos om duisende mense uit hul huise in Distrik Ses en Sophiatown te smyt, dit met bulldozers te laat platstoot en die grond vir witmense te gee, Meneer die President?

Soos om 87 persent van ons land se grond vir witmense te vat en die meerderheid op die ander 13 persent te laat krepeer?

Soos om letterlik miljoene gewone landsburgers in die tronk te laat beland net omdat hulle nie die wit baas se dompas gedra het of die regte handtekening daarin gehad het nie?

Soos om hulle in haglike townships in te hok?

Soos om 'n onderwysstelsel te ontwerp om swartmense minderwaardig te hou?

Soos om vir swartmense te sê die beste werk is vir witmense, en swartmense moet eintlik maar arbeiders bly?

Soos om vir miljoene swartmense te sê hulle het geen burgerregte in die land van hul geboorte nie, hulle moet dit in die een of ander korrupte tuisland waarmee hulle niks te doen het nie, gaan uitoefen?

Is dit "om aan ander te doen wat jy vir jouself opeis"? Ag nee, President De Klerk, jy kan nie ernstig wees nie.

As 'n goeie Dopper weet jy mos in jou hart dat apartheid boos was. Dit het mense van hul menswaardigheid ontneem; dit het hele gemeenskappe ontwortel; dit het gesinne verskeur; dit het misdadigers van gewone mense gemaak.

Jy weet so goed soos ek die "afsonderlik-maar-gelykwaardig"-foefie waarmee die Nasionale Party en die NG Kerk jare lank apartheid geregverdig het, was bloot Boerevemeukery.

Apartheid was doodeenvoudig wit baasskap in die politiek en die ekonomie. Dit het bepaal dat 'n swart vel 'n mens minderwaardig maak teenoor iemand met 'n wit vel. Dit was die essensie van die ideologie onder Malan, Strijdom, Verwoerd en Vorster.

Die NG Kerk het dit begin besef en by monde van prof Willie Jonker bely en om vergifnis gevra. Een van jou eie adjunk-ministers, Leon Wessels, besef dit en het dié week weer gesê apartheid was 'n "verskriklike fout" en dat die enigste manier om 'n gesamentlike toekoms te bou, is om baie eerlik oor die verlede te wees.

En juis vanoggend sien ek in die jongste Newsweek word Pik Botha aangehaal: "To allocate rights and privileges on the basis of a physical characteristic was really tantamount to sinning against God, because he created all of us."

Maar jy dink nog die bedoeling agter apartheid was reg, dis net dat dit nie gewerk het nie? Amper so sinies soos Piet Cillié wat gesê het die Afrikaner moes apartheid probeer het, al was dit net om te sien dat dit nie werk nie.

Goed, sê jy, sê nou maar apartheid wás boos, hoekom moet ek myself verneder en om verskoning vra? Veral ek wat apartheid ongedaan gemaak het?

Natuurlik verstaan ek dat Afrikaner-politiek warmbloedige politiek is. Daar is nie plek vir swak mae en bloederige lewers nie. En ek verstaan hoe belangrik is dit dat jy die meeste witmense, en veral Afrikaners, met jou saamneem op jou pad van onderhandeling en skikking.

'n Senior lid van jou party het my ook vertel dat daar 'n paar manne in jou koukus is wat gesê het as jy ekskuus sê, loop hulle uit die party uit.

Dis juis hiér waar politici van leiers onderskei word.

Kom ons kyk só daarna: Is dit denkbaar dat die Duitsers nié ná die Volksmoord vir die Jode om verskoning kon vra nie? (Toemaar, dis net 'n vergelyking, ek sê nie apartheid is soos Nazisme nie.) Is dit denkbaar dat die Amerikaners nie vir hul Japanse burgers om verskoning kon vra nadat hulle ná Pearl Harbour van hul burgerregte ontneem is en in konsentrasiekampe gegooi is nie?

Sou die Duitsers en die Amerikaners ook daarmee kon wegkom deur te sê hulle het goed bedoel, hulle planne het net nie goed uitgewerk nie? Die wêreld sou hulle uitgelag het.

Vir my is versoening tussen alle mense en groepe in Suid-Afrika 'n voorvereiste vir vrede en voorspoed.

Solank jy weier om te erken apartheid was verkeerd en boos en jy weier om namens jou party aan die slagoffers van die stelsel te sê jy is jammer, sal ek - en ek vermoed miljoene swartmense - se agterdog bly voortbestaan dat jy en jou party nie regtig in julle harte verander het nie, maar bloot besef het ander stappe is nou nodig om jul eie voortbestaan en bevoorregte posisies te verseker.

Dan sal daar ook geen argument wees nie teen dié jongmense wat sê die Boere is verslaan deur die gewapende stryd en internasionale druk en moes teen hulle sin vir swartmense burgerregte gee.

Niemand wil hê jy moet vir die ANC of die PAC om verskoning vra nie. Jy moet jou mede-landgenote om verskoning vra.

En niemand wil hê jy moet sak en as op jou kop strooi en gaan lê dat swartmense jou kan skop en verneder nie.

As jy staatsman genoeg is, as jy genoeg in jouself glo, dan sal jy ons swart mede-burgers in die oë kyk en vir hulle sê: Apartheid was 'n verskriklike fout. Vat ons hand, en aanvaar ons is opreg jammer oor wat dié bose stelsel aan julle en julle voorgeslag gedoen het. Vergewe ons en stap saam met ons die toekoms in.

Mag ek voorstel dat jy een tree verder gaan?


Gee jou minister van Justisie opdrag om elke mens wat 'n kriminele rekord weens apartheidswetgewing het, se rekord skoon te vee. Anders gaan dié inskrywings op 'n mens se persoonlike lêer bly as 'n konstante herinnering aan die Eeu van Onreg.

Doen dit, Meneer die President, en ek lig my hoed hoog vir jou en ek sê vir almal wat wil hoor: Hier is 'n man wat groot genoeg is om ons uit die woestyn na die Beloofde Land te help lei.

**Groete en sterkte**
**Max du Preez**

# 'De Klerk sal van die Broederbond ontslae moet raak'

**Hans Strydom, wat in die vroeë tagtigerjare bekendheid verwerf het met sy ontmaskering van die Broederbond, is ontnugter deur die politiek. Nou gaan hy aftree en 'n boek skryf. PEARLIE JOUBERT het met hom gaan gesels**



Hans Strydom (Foto: Ilse Joubert)

Hans Strydom is 'n kettingroker, is mal oor die geskiedenis, het drie kinders, is ontnugter met die politiek, opgewonde oor die nuwe Suid-Afrika en gaan nou, na 18 jaar, uit sy Melville-huis na Cullinan buitekant Pretoria trek.

Na jare in die joernalistiek en die politiek is hy ontnugter met politieke "magsbeheptheid" en wil nou aftree.

Hy is nie 'n man wat helde het nie, "want mens kom gou agter dat die mense almal maar kleivoete het", sê hy.

Hy het egter 'n groot bewondering vir BJ Vorster se redenaarsvermoë gehad, vir alles wat Helen Suzman op haar eie reggekry het, vir Albert Luthuli van die ANC, genl Hertzog, Jan Smuts en Robert Subukwe, die eerste leier van die PAC.

Strydom, wat groot opskudding veroorsaak het met die ontmaskering van die Broederbond in die vroeë tagtigerjare, het onlangs uitgetree as onafhanklike stadsraadslid van Northcliff en gaan binnekort in Cullinan woon, 'n boek skryf en rus.

As opgeleide onderwyser het Strydom nooit 'n dag skoolgehou nie, maar by die Argus-koerantgroep as joernalis gaan werk.

Hy was 12 jaar lank die assistent-redakteur en nuusredakteur van die Sunday Times, vyf jaar parlementêre korrespondent vir verskillende koerante en het bekenheid verwerf as iemand wat die Verenigde Party "doodgeskryf" het.

Die oopvlekking van die Broederbond was volgens Strydom een van die opwindendste tye van sy lewe.

"'n Man, wat nie sy naam genoem wou hê nie, het gebel na die kantore van die Sunday Times en gesê hy het inligting oor die Broederbond. Dié ou het gewetensbesware oor die Broederbond gekry na die 1976 Soweto-onluste."

Volgens hom wou die man praat omdat soveel mense dood is weens die afdwinging van Afrikaans in swart skole - "wat Broederbondbeleid was".

"Ons het 18 jaar se dokumente by die man gekry en vir ongeveer 'n week na die platteland gegaan om die stories te skryf.

"Ja, dit was 'n opwindende tyd. Ons het vir 'n tyd lank veiligheidswagte gehad en dreigoproepe ontvang, en selfs die kinders het moeilikheid opgetel," vertel hy.

Strydom beskryf die Broederbond as "'n kanker van ons samelewing" wat steeds een van Staatspresident FW de Klerk se grootste probleme in die toekoms sal wees.

"Die Broederbond het vir jare, en nou nog steeds, vrye debat bemoeilik en gevestigde belange beskerm.

"De Klerk sal van die Broederbond ontslae moet raak. Hoe kan 'n nuwe grondwet opgestel word deur lede van 'n organisasie wat op alle vlakke diskriminerend is? Hulle is nie net eksklusief ten opsigte van kleur nie, maar ook ten opsigte van geslag, van taal, van geloof en afkoms. Daar is nie meer plek vir so 'n geheime organisasie nie."

Volgens hom is die Broederbond steeds een van die suksesstories van die eeu.

"Dit is 'n storie van hoe 'n klein groepie mense uiteindelik 30 miljoen mense beheer het."

Strydom wat verlede jaar uit die DP bedank het, PFP-lid van Northcliff was en later DP-stadsraadslid was, sê sy politieke ontnugtering het reeds tydens sy vyf jaar in die persgalery van die parlement plaasgevind.

"Ek is idealisties en terwyl ek in die parlement gesit het, het ek geluister na die donkieminister wat vir die spoorwegtrok-minister vrae vra en so aan.

"Ek het Verwoerd geglo toe hy "seperate, but equal" gesê het. Toe ek nog 'n jong joernalis was, moes ek egter een dag 'n onderhoud met 'n swart dokter in Soweto gaan voer. Hy was net so goed gekwalifiseerd soos enige ander wit dokter, maar het nie naastenby soveel geld soos 'n wit dokter verdien nie.

"Dit was net daar..."

Strydom was betrokke by die stigting van die DP. "Ek was baie bly toe die DP gestig is en dalk was ek maar net naïef. Die DP was vir my die antitese van die Broederbond, maar later moes ek agterkom dat iemand soos Sampie Terreblanche en Wynand Malan lede van die Broederbond is. Dié dubbele lidmaatskap was absoluut onaanvaarbaar vir my.

"Wimpie de Klerk was in een stadium die politieke adviseur van die DP, NP én lid van die Broederbond - ek moes uit die DP bedank. Ek het geen keuse gehad nie. Vir my was dit 'n beginselsaak.

"Die DP was die laaste strooi. Hulle was altyd so krities, maar het iewers langs die pad hul idealisme en suiwerheid van geloof verloor. Toe bedank ek."

Na sy bedanking uit die DP was Strydom, en is vandag nog, 'n onafhanklike.

"Ek is klaar met die politiek en sit vandag maar die kat so uit die boom en bekyk. Ek sal nie maklik weer in die politiek betrokke raak nie.

Sy redes hoekom hy nou uit die stadsraad bedank, is duidelik: "Die plaaslike owerheidstelsel in Suid-Afrika speel vierde viool in alle sake. Ons is soos blerrie tandlose chihauhau's. Wragtag, dit is 'n sham. Die burokrasie is net te erg en ek het nie langer kans gesien om vasgebind te wees aan gras sny, paaie, vullisverwydering en blaffende honde nie."

Strydom sou graag die moordbende-stories wou skryf, sou graag vroeër uit die politiek en joernalistiek tree en begin skryf, wil nog 'n boek skryf oor politieke intriges en die veiligheidsmagte en sal wil uitvind wat die swartman se naam was wat die Cullinan-diamant ontdek het.

# 'Onsubtiele poging om die ANC te verdeel'

**Ronnie Kasrils is reeds sedert Junie 1990 voortvlugtend en opereer ondergronds. Na aanleiding van Hennie Serfontein se berig "Kommuniste smeer glo ANC-leiers" (Vrye Weekblad, 15 Februarie 1990) waarin hy sê dat Kasrils en Mandla Khuzwayo in 'n subtiele smeerveldtog teen ANC-leiers betrokke is, antwoord Kasrils en Khuzwayo as volg**

IN sy artikel "Kommuniste smeer glo ANC-leiers" (Vrye Weekblad, 15 Februarie 1991) gaan Hennie Serfontein voort met sy pogings, wat op skinderpraatjies en onwaarhede gegrond is, om die alliansie tussen die ANC en die SAKP verdag te maak. In September verlede jaar het hy misleidend oor die SAKP se rol in die Wes-Kaaplandse ANC-streekkonferensie berig. Dié keer gaan dit oor 'n artikel wat ons saam in Work in Progress (WIP) geskryf het.

Eerstens die onwaarhede. Mandla Khuzwayo is nie 'n "senior ondergrondse lid van Umkhonto We Sizwe" nie, maar wel 'n lid van die ANC se politieke ondergrond. Ronnie Kasrils is nie net 'n leier van die SAKP nie, maar ook lid van die ANC se Uitvoerende Komitee (NEC). Die rede waarom Serfontein dié feit verswyg, is om Kasrils van die ANC-leierskorps te distansieer. Sodoende kan hy die valse storie dat Kasrils teen die ANC werk, verder ontwikkel. Maar Kasrils is deel van die leierskorps en lojaal aan hulle besluite.

Kasrils werk nie ondergronds weens "bewering e dat die polisie hom soek" nie, maar weens die feit dat die regering sy indemniteit teruggetrek het. Die Veiligheidstak sê openlik, met die waarskuwing dat hy "gewapen en gevaarlik" is, dat hulle na hom soek, én hulle het sy foto in die pers geplaas.

As die artikel wat ons saam geskryf het, "subtiel deel" is van 'n veldtog, is dié subtiliteit so volledig dat ons dit nie opgemerk het nie. Ons is lede van die ANC en dit is ons demokratiese reg om aan die formulering en debat oor die beleid en taktiek van dié bevrydingsbeweging deel te neem. En die artikel is in der waarheid, lank voor dit in WIP verskyn het, aan die leierskap voorgelê.

En nou die skindernuus. Serfontein was nooit deel van Kasrils se private gesprekke nie. Ons is seker dat hy nooit Kasrils se private gesprekke kon afluister nie omrede ons ondergronds werk. Kasrils is ook seker daarvan dat niemand met wie hy gepraat het sy woorde só sou verdraai het nie. Dit wil dus voorkom of Serfontein hom op gerugte moes verlaat oor wat Kasrils gesê het. Dit het hom egter nie verhoed om Kasrils regstreeks aan te haal nie. En Serfontein se gebruik van die woorde "private gesprekke" is 'n goedkoop poging om te insinueer dat Kasrils verskillende dinge in die privaat as in die openbaar sê. Vir die rekord: Kasrils ontken dat hy enigiemand "sell-outs" genoem het.

In ons artikel, soos bewys deur die talle onderhoude wat ons aan die pers toegestaan het, aanvaar ons dat onderhandelings nodig en onvermydelik is. Hoe dit onderhandelings ondermyn, weet ons nie. Nêrens in die artikel stel ons standpunte teen onderhandelings nie. Wat ons wel probeer doen het, is om onderhandelings in die konteks van die strategiese doel van die ANC - die oordrag van mag aan die volk - te bespreek. Soos ons geskryf het: "In this article we have not counterposed mass struggle to negotiations. Far from it."

Ons oproep tot 'n program van massa-aksie volg op dié van die Raadplegende Konferensie van die ANC wat 1991 as die jaar van "Massaaksie vir die oordrag van mag na die volk" verklaar het. Dié vergadering het ook in sy "Resolusie oor Onderhandeling" gesê: "Negotiations is only one form of struggle towards the transfer of power to the people."

By 'n massa-vergadering ná die konferensie het Nelson Mandela die volgende gesê: "Conference therefore concluded that it was important for the ANC to maintain a correct balance between the various aspects of our strategy and tactics. Mass mobilization, mass action ... still constitute vital elements of that strategy and must therefore be maintained." In ons artikel het ons oor dié balans geskryf.

Verder, by die Potwa-konferensie, het Mandela met betrekking tot onderhandelings gesê: "It seems the power of logic is insufficient ... let them have the power of the people." Dié aanhaling gee geen aanduiding van 'n verskil tussen ons posisie en dié van kamaraad Mandela, of enige ander belangrike deel van die ANC nie.

Diegene wat Serfontein se storie wil verdedig, moet eers uitvind watter lede van die NEC die mosie opgetrek het dat die gewapende stryd opgehef moet word, en geskryf het: "...in the interests of moving as speedily as possible towards a negotiated peaceful political settlement." Ons glo die antwoord op dié vraag sal die onwaarhede in Serfontein se berig uitwys.

Diegene wat wil weet wat ons standpunt is, moet ons artikel lees. Ons glo hulle sal dan sien dat daar geen "subtiele veldtog" is om die ANC-leierskap te ondermyn nie. Wat Serfontein se artikel wel bewys, is dat daar nog 'n onsubtiele veldtog aan die gang is om die ANC te verdeel. Die enigste vraag wat nou nog beantwoord moet word, is wie word deur wie gebruik om die veldtog te lei?

Ons lees Vrye Weekblad as 'n alternatief op Afrikaanse beriggewing wat op gerugte en anti-kommunisme gegrond is. Maar Serfontein se berigte oor die ANC en die SAKP is nader aan dié van Rapport as julle verklarings om 'n alternatiewe Afrikaanse standpunt te ontwikkel.

Ronnie Kasrils

# Verwoerd het reeds van vroeg af beïndruk



## Messias of rassistiese fanatikus?

HENDRIK FRENSCH VERWOERD is op 8 September 1901 in Amsterdam, Nederland gebore. In 1903 verhuis sy familie na Suid-Afrika en vestig hulle in Wynberg, Kaapstad.

Hy gaan na die Duitse Lutherse Laerskool in 1907. In 1912 trek die familie na Salisbury in die destydse Suid-Rhodesië waar hy sy skoolopleiding in die eksklusiewe Engelse Milton-hoërskool as die beste student voltooi.

In 1917 verhuis hulle na die Vrystaat en word die jong Hendrik 'n Afrikaner-rebel. Op Stellenbosch beïndruk hy as student en akademikus, en verwerf al sy grade met lof.

Op 26-jarige leeftyd word hy professor in toegepaste sielkunde, en in 1927 vertrek hy vir verdere studie na Duitsland.

Hy begin sy openbare lewe in 1934 en spreek veral die armblanke-vraagstuk tydens die Volkskongres op Kimberley aan.

In 1937 word hy redakteur van Die Transvaler, die eerste mondstuk van die Nasionale Party in die Transvaal. Daarmee begin sy politieke loopbaan en jarelange vriendskap met adv Hans Strijdom, saam met wie hy die grondslag van die NP-oorwinning in 1948 gelê het.

In die dertigerjare staan hy reeds as 'n ekstremis bekend. Hy was aktief deel van 'n openbare veldtog om die stroom van Joodse vlugtelinge vanuit Nazi-Duitsland na Suid-Afrika tot die minimum te beperk. Hy was mede-verantwoordelik daarvoor dat die Transvaalse NP tot in 1950 lidmaatskap van Jode verbied het.

In 1941 verloor hy 'n hofsaak toe die hof bevind dat Die Transvaler 'n platform ter ondersteuning van Nazi-Duitsland was.

In 1950 word hy Minister van Naturellesake. Op 2 September 1958 word hy Eerste Minister en leier van die NP. Hy beklee dié posisies tot en met sy dood op 6 September 1966.

In dié sestien jaar het Verwoerd die aangesig van Suid-Afrika herskep met die verskuiwing van gemeenskappe en die proliferasie van apartheidswette wat rasse-skeiding op alle vlakke van die samelewing probeer afdwing het.

Hy probeer die droom van 'n wit Suid-Afrika en swart tuislande implementeer.

Sy Wet op Bantoe-owerhede van 1953 lei tot die Wet op Bantoe-selfregering van 1959, wat die weg baan vir die "onafhanklikheid" van Transkei in 1976 (en later die ander tuislande) en selfregering vir die res.

Vanaf 1952 word die Naturelle Wet en later die Bantoe Wet voortdurend gewysig om instroming van swartmense na die stede met 'n ysterhand te beheer. Die paswette is voortdurend strenger gemaak en derduisende "onwettige" swartes in die stede is tronk toe as gevolg van dié wet.

Met die Bantoe Onderwys Wet in 1953 neem die staat totale beheer van alle swart onderwys, ook van Engelse kerkskole, oor. Die Uitbreiding van Universiteite Onderwyswet van 1959 skep swart universiteite en verbied swartes toegang tot blanke instellinge.

In 1957 maak hy opslae met sy sogenaamde "kerk klousule" toe hy die Naturelle Wet wysig om te probeer om gemengde byeenkomste, insluitende kerkdienste, in kerke in "blanke gebiede" te verbied.

Verwoerd word gesien as die "vader" van die huidige Republiek van Suid-Afrika. In 1960, nieteenstaande teenstand van binne die party, waag hy 'n kans en roep 'n referendum uit wat hy met 'n klein meerderheid wen.


In 1960 vind die Sharpeville-slagting plaas, die eerste noodtoestand word uitgeroep en die ANC en PAC word verban. Verwoerd ignoreer briewe van Albert Luthuli en Nelson Mandela. In 1963 is daar die berugte Terrorisme Wet, die begin van verskeie wette oor aanhouding sonder verhoor.

- HENNIE SERFONTEIN



Verwoerd en Harold Macmillan, die destydse Britse premier

**HENDRIK FRENSCH VERWOERD (bo) staan bekend as die Argitek van Apartheid as ideologie, 'n kwasi-religie. Vir die ouer geslag swart Suid-Afrikaners is hy die simbool van wit oorheersing; die Hitler van die Boere. Vir baie Afrikaners is hy nog die Grootste Volksleier van Alle Tye en die skepper van die Republiek. Hy was die vader van die idee dat Suid-Afrika 'n suiwer wit staat moes wees, en dié idee is steeds die filosofiese basis van die ver-regse groepe se denke vandag. Die planne om 'n monument vir hom in Pretoria op te rig, het nou die vraag laat ontstaan: durf ons nou, in dié oorgangstyd na die Nuwe Suid-Afrika, vir dié man 'n monument bou? Op die volgende vyf bladsye gee historici en kenners hul mening en vertel vriende, vyande en familie hoe hulle hom onthou**



Verwoerd saam met die destydse Rhodesiese premier, Ian Smith

# Nou druk 'n Jood Verwoerd van sy plein af!



Verwoerd as 'n jongman

**SAMMY Marks, pionier-sakeman in die dae van die ZAR, en nogal 'n Jood, het nou byna vir Hendrik Verwoerd van die plein in die middestad afgedruk.**

**Die Verwoerdplein sou eers die hele straatblok oorkant die Strijdomplein beslaan het, ingevolge 'n 1966-besluit van die Stadsraad. Dié besluit is enkele dae na die moord op Verwoerd geneem.**

**Maar intussen het 'n konsortium sakemanne sowat twee derdes van die straatblok gekoop en besluit om dit liefs te vernoem na 'n pionier-sakeman van Pretoria, Sammy Marks. Die mooi baksteen-gebou reg op die straatfront in Kerkstraat, staan ook bekend as die Sammy Marks-gebou.**

**Hier gaan 'n kompleks van R215 miljoen opgerig word.**

**Van Verwoerdplein het nou net 'n derde oorgebly, op die hoek van Prinsloo- en Kerkstraat. Dis die grootte van 'n klein agterplasie en gaan deur die Stadsraad ontwikkel word saam met die res van die terrein.**

**Die Hendrik Verwoerd Monumentfondskomitee, met dr Willem Cruywagen as voorsitter, lyk vasberade om ten spyte van die omstredenheid, voort te gaan met die plan om 'n gedenkteken, hetsy 'n monument of 'n beeld, op die lappie grond aan te bring.**

**Die gedagte was vroeër dat 'n drietal monumente in die middestad die totstandkoming van die Republiek moet gedenk, het Cruywagen vandeesweek gesê. Dit sou uit drie pleine bestaan, waarvan die eerste Kerkplein ter herinnering aan die ou Zuid-Afrikaansche Republiek, 'n plein vir JG Strijdom omdat hy die gedagte van 'n Republiek lewend gehou het, en dan Verwoerd-plein vir die man wat Republiekwording verwesenlik het.**

**Oor die monument wat 'n simbool van onderdrukking vir baie sal wees, sê Cruywagen: "Daar is baie goed waarin mense baie dinge kan lees. Jan Smuts se standbeeld staan in Pretoria en daar is baie mense vir wie dit aanstoot gee, maar daar was nie 'n plan om dit om te stoot nie. En wat van koningin Victoria...**

**"Die idee om Verwoerd te vereer loop langer as resente tye. Daar is 'n stukkie grond aangewys waaroor die Stadsraad beheer het en hulle het besluit dat dit Verwoerdplein genoem moet word. Dit is ons taak om 'n gedenkteken op te rig.**

**"Moet daar nou 'n ewige twis wees oor die stukkie van 40 meter by 40 meter? Hoekom moet Verwoerdplein verwyder word, terwyl Strijdomplein nog daar oorkant is? En hoe kan hulle van die Sammy Marks-plein praat terwyl daar net geboue is en geen plein nie?"**

- INA VAN DER LINDE

# 'n Rassis, ja, maar hy is op die ashoop van die geskiedenis

**Hoe behoort ons Verwoerd te onthou? Watter rol het hy gespeel om Suid-Afrika in konflik en polarisasie te dompel, en hoe gaan die geskiedenis hom oordeel? HENNIE SERFONTEIN het met Nic Olivier van die Demokratiese Party en INA VAN DER LINDE het met Alex Mouton van Unisa daaroor gesels**



Die Verwoerds by die Blyvooruitzicht-goudmyn in November 1959

HOEWEL daar voor 1948 verskeie segregasiewette bestaan het, was dit Verwoerd wat vanaf 1950 'n nuwe ideologie geskep het, naamlik die ideologie van apartheid, sê Nic Olivier, oud-parlementariër, oud-akademikus en navorser van die Demokratiese Party.

As destydse "verligte" professor in Naturelle Administrasie aan die Universiteit van Stellenbosch, het Olivier as bestuurslid van die Buro vir Rasse-aangeleenthede (Sabra) in die jare vyftig en sestig bitter met Verwoerd oor sy apartheidsideologie gebots.

"'n Ideologie is soos 'n geloof. Dit het sy eie beginsels. Die vraag was nie of iets goed of sleg was nie. Al wat belangrik was, was of dit in ooreenstemming met die apartheidsideologie was. Dit was vir Verwoerd genoeg," sê Olivier.

"Die basis van Verwoerd se apartheidsideologie was die maksimale skeiding op grond van ras en kleur.

"By my, wat regstreeks met hom te doen gekry het, was daar nooit enige twyfel dat hy 'n absolute rassis was nie. Vandag probeer mense heel dikwels om hom anders te onthou en om mooi dinge aan hom toe te dig deur te beweer dat hy meer liberale aanpassings van sy beleid in die lang termyn wou doen.

"Dit is verkeerd en 'n valse vertolking van die geskiedenis, want Verwoerd was deur en deur 'n rassis."

Olivier sê die vraag is nog nie beantwoord nie hoe Verwoerd, wat in Nederland gebore is en vanaf sy sesde jaar op goeie Engelse skole in die ou Rhodesië was, in so 'n rassis kon ontwikkel het. "Wat het gebeur in sy lewe dat hy so rasbehep geword het?"

Olivier wys op drie sake wat Verwoerd se rassisme bevestig:

Eerstens was daar die talle apartheidswette wat deur hom - eers as minister van Naturellesake vanaf 1950 tot 1958 en daarna as Eerste Minister - ingedien is. Dit het absolute rasseskeiding op residensiële, sosiale, politieke, maatskaplike, ekonomiese, skool- en universiteitsvlak ingestel, waarvan die verbreking dikwels aan swaar strawwe onderhewig was.

Dan was daar sy absolute verwerping van die Tomlinson Kommissie van Ondersoek wat na 1955 bekend gemaak is. Verwoerd het blanke beleggings in die tuislande verbied. Dit moes op die grense met "blank" Suid-Afrika plaasvind, met alle nywerhede aan blanke kant.

Olivier sê: "Dit is ironies dat Verwoerd vandag nog in vele oorde as die apartheidsfilosoof en skepper van swart state gehuldig word.

"Want dit word gerieflik vergeet dat die uiters geringe kans wat daar ooit bestaan het dat die swart gebiede tot ekonomies lewensvatbare tuislande en aparte politieke eenhede kon ontwikkel, deur Verwoerd self reg aan die begin gesaboteer is.

"Dit was die regstreekse gevolg van sy blinde weiering om die aanbevelings van die Tomlinson-kommissie onmiddellik te implementeer."

Verwoerd het ook oor die jare heen volstrek geweier om gemengde afvaardigings te woord te staan. "Hulle moes óf uit blankes, óf uit swartes bestaan. Anders het hy nie met hulle gepraat nie," sê Olivier.

Dr Alex Mouton, dosent in eietydse geskiedenis aan Unisa, sê ongeag wat Verwoerd bereik het op die gebied van welsyn, die kultuurgebied of die feit dat hy 'n Republiek tot stand gebring het, gaan hy in die Nuwe Suid-Afrika geoordeel word aan die uitwerking van apartheid. En dit is verdoemend.

Mouton, wat sy doktorsgraad gedoen het oor Margaret Ballinger, groot parlementêre teenstander van Verwoerd in die vyftigerjare, meen egter dat die siening van Verwoerd as 'n soort bose Hitler, wat met apartheid 'n soort "finale oplossing" in die oog gehad het, onregverdig is.

"Verwoerd gaan deur die geskiedenis vergeet word. Van die man wat deur die Afrikaner gesien is as die groot messias, se grootse planne het niks oorgebly nie. Reeds terwyl hy aan bewind was, het sommige Nasionaliste aan sy rigting begin twyfel en twee jaar na sy dood is stelselmatig begin om weg te beweeg van dié beleid.

"In die toekoms sal daar moontlik nog boeke verskyn waarin hy weer as persoon in perspektief geplaas word, en waarin daarop gewys word dat hy as persoon nie boos was nie. Dat die wrede beeld van hom wat nou deur baie voorgehou word, vals is.

"Maar die geskiedenis fel harde oordele. Verwoerd sal nooit herstel word tot die beeld van 'n man van formaat, 'n unieke genie, soos wat die Afrikaners hom destyds gesien het nie. Verwoerd het figuurlik op die ashoop van die geskiedenis beland."

Mouton wys daarop dat die konteks waarin Verwoerd tot Afrikaner-messias verhef is, in gedagte gehou moet word. Hoewel die Afrikaner in die vyftigerjare aan bewind was, was hulle onseker oor die toekoms. Die Nasionale Party het wel met die Engelse afgereken, maar daar was 'n gevoel van waarheen nou, wat gemaak met die "oorweldigende swart massa"? Hoe gaan die Afrikaner se voortbestaan verseker kan word?

En hier kom 'n man met 'n plan. 'n Man met 'n briljante brein, wat 'n droom kon weef oor 'n toekoms waar swart en wit tot op die laagste vlak absoluut geskei kan word, elkeen afsonderlik en volwaardig in sy eie gebied kan ontwikkel.

'n Nederige vaderfiguur met 'n sagte blik en 'n vriendelike glimlag, wat vakansies visvang, 'n eenvoudige lewenstyl handhaaf en met sy kinders speel. Iemand met wie die volk kon identifiseer.

En 'n man met 'n legendariese oorredingsvermoë. Selfs sy grootste politieke vyande het met tye in die Parlement sit en luister na Verwoerd se uiteensetting van die beleid en soms gewonder: Is hy nie dalk reg en ons verkeerd nie? Met tye moes hulle hulself knyp om uit Verwoerd se droom wakker te word.

Was Verwoerd die "vader van apartheid"? Nee, sê Mouton. Die gedagte van segregasie en ontwikkeling van die eie gebiede waarin swartes gewoon het, kom reeds uit die Britse Koloniale tydperk. Wit liberale het reeds in die dertigerjare gedebatteer oor segragasie.

Mouton sê terwyl Verwoerd se voorgangers Suid-Afrika se rassebeleid gesien het as rassesegragasie en permanente baasskap oor die swartes, het Verwoerd gekom met die gedagte van afsonderlike maar parallelle ontwikkeling. Die skeiding moes ook tussen etniese groepe afgedwing word.

In sy raamwerk was daar nie iets soos ontstamde swartes nie. 'n Xhosa bly 'n Xhosa en 'n Zoeloe 'n Zoeloe, al moet dit dan afgedwing word. Dit was suiwer paternalisme, en Verwoerd het met sy hele wese geglo hy doen dit werklik tot voordeel van die swartes en die bruines en die Indiërs, sê Mouton.

Hy het agter die lessenaar gesit en planne netjies op papier uitgewerk - 'n burokraat wat geglo het hy doen goed, maar wat nie die uitwerking van die teorie op die mense in die praktyk beleef het nie. Mense wat in massas op die verlate vlaktes afgelaai is, 'n ekonomiese beleid wat nie vatbaar is nie, families wat uitmekaar geskeur is, mense wie se geboortegrond afgevat is.

Opstande moes onderdruk word, en daarvoor was strenger veiligheidswetgewing nodig. In die proses is die regte van die individu heeltemal ondermyn.

'n Ander kenmerk van Verwoerd was sy onverdraagsaamheid teenoor mense wat nie met hom saamgestem het nie, sê Mouton. Dit was donker jare vir die Afrikaner en daar was nie plek vir andersdenkendes nie, ook nie vir "liberale nasionaliste" soos NP van Wyk Louw nie, wat kwaai met Verwoerd gebots het.

"Verwoerd het daarin geslaag om die Afrikaner, wat vroeër 'n nasie van vrye denkers was, te verander in 'n nasie met die mentaliteit van staatsamptenare - 'n nasie wat nie langer vir hulself gedink het nie," sê Mouton.

Só het die oud-redakteur Schalk Pienaar dit gesien: "In die gistinge en malinge van ons tyd het so baie Suid-Afrikaners onder dr Verwoerd lui geword. Sommige het in kleursake heeltemal opgehou dink. Ander het hulle twyfelinge besweer in die geloof: Hy weet; laat dit aan hom oor."

## 'Dis 'n growwe belediging'

**"VOORDAT Hendrik Verwoerd in 1958 Eerste Minister geword het, het 'n mens gedink dat daar nog 'n moontlikheid bestaan het dat die probleme van Suid-Afrika vreedsaam opgelos kon word. Maar na die Verwoerd-oorname het dit baie gou duidelik geword dat so iets heeltemal onmoontlik geword het en dat ons slegs een uitweg het, en dit was om te veg."**

**Dit is hoe Pallo Jordan, inligtingshoof van die ANC en 'n deurwinterde historikus, die plek van Verwoerd in die Suid-Afrikaanse geskiedenis beoordeel.**

**Hy wys daarop dat dit onder Verwoerd was dat die ANC en PAC verban is en die diaboliese veiligheidswette wat 90 en 180 dae sonder verhoor moontlik gemaak het, ingestel is.**

**"Onder die swartmense word hy veral onthou en gehaat oor die bitterheid veroorsaak deur sy rassistiese Bantoeonderwysbeleid: deur die nuwe, streng dompaswette en vir die skepping van Bantoestans," sê Jordan.**

**Jordan meen dat hoewel sekere apartheidswette wel reeds bestaan het, was DF Malan en Hans Strijdom as eerste ministers nie so fanaties soos Verwoerd nie.**

**Hy was baie sistematies en het apartheid tot in die fynste detail as 'n stelsel uitgewerk.**

**"Ons mense sal die bou van 'n monument vir dié man as 'n growwe belediging en 'n gespuug in ons gesigte beskou," waarsku Jordan.**

# Spiritualiteit - piëtistiese ontvlugting of die soeke na ewewig?

Spiritualiteit is op die oomblik hoogmode. Dit word beoefen, gepreek, en by kweekskole doseer. Die boekwinkels loop oor van boeke daaroor. Kerkleiers is begaan oor 'n gebrek aan spiritualiteit by lidmate, om nie eens te praat van die leemte by predikante self nie. Beteken dit dat mense op soek is na "dieper dinge"?

Die meer siniese onder ons sal seker sê dat mense wat bedreig voel en onwillig is om met die onaangename en onaanvaarbare in hulle konteks te worstel, in spiritualiteit onvlugting soek.

Daar is onteenseglik meer as 'n tikkie waarheid in dié stelling. Beteken dit egter dat spiritualiteit eenvoudig as 'n vorm van piëtistiese ontvlugting afgeskryf moet word? Wat is spiritualiteit eintlik?

In die eng betekenis van die woord kan spiritualiteit omskryf word as "die gedissiplineerde gebedslewe". Sommige wil dit wyer uitlê, en vertolk spiritualiteit eenvoudig as 'n "Christelike leefwyse".

Wat wel duidelik is, is dat spiritualiteit vir verskillende mense uiteenlopende betekenisse het en dat daar nie net een christen-spiritualiteit is nie. Die spiritualiteit van die charismatiese vernuwing verskil byvoorbeeld van dié Christene wat met Marxiste in gesprek is.

Daar is besliste feministiese-, bevrydings- en swart-, gereformeerde-, katolieke -, ensovoorts spiritualiteite.

'n Diepgaande verskil bestaan tussen diegene wat spiritualiteit net as onttrekking en afsondering sien en diegene wat dit as die betrokkenheid en aktiewe deelname van Christene in hul leefwêreld beskou.

Die ontwerp van 'n relevante spiritualiteit is nie in die eerste plek die werk van teoloë nie. Almal wat op die geloofspad bid en worstel is besig om hulle eie spiritualiteit te beoefen.

Die uitdaging is om 'n betekenisvolle spiritualiteit vir ons huidige konteks te vind. Spiritualiteit kan nie eenvoudig as irrelevant of as blote ontvlugting oorboord gegooi word nie, want daarsonder is daar geen geloofslewe nie.

Uiteindelik gaan spiritualiteit om die soeke na ewewig in die uitleef van geloof. Die strewe na 'n ryker spiritualiteit sal verskillende weë volg. Vir sommige sal dit meer tye van stilte, meditasie en gebed beteken, vir ander 'n groter deelname in hulle gemeenskap.

Myns insiens behoort hedendaagse spiritualiteit uit twee onontbeerlike bestanddele te bestaan. Eerstens gaan spiritualiteit om verhoudings, dit wil sê spiritualiteit is die soeke na 'n diepe verhouding met onsself, met God en met ander mense. Dit spruit uit die groot gebod om jou God met jou hele wese en jou naaste soos jouself, lief te hê. Die aktiewe liefwees vir God, self en naaste, is die uitleef van verhoudings.

Hoe lyk sulke verhoudings? Hulle is die teenoorgestelde van isolasie, vervreemding, apartheid en apatie. Om in 'n verhouding te staan beteken om kant te kies teen al die "-ismes": seksisme, rassisme, klassisme, ensovoorts. Dit beteken om betrokke te wees by myself, by God, by my naaste, by my gemeenskap en in die skepping.

Dit is juis dié betrokkenheid wat in ons land se geskiedenis so ontbreek, veral gedurende die jare van kolonialisme en apartheid. 'n Verhoudings-spiritualiteit wat oor verwantskappe en betrokkenheid heen gaan, kan in ons huidige omstandighede net helend van aard wees.

In die tweede plek behoort die twee onlosmaaklike temas wat in Joodse en Christelike geskrifte sentraal staan, naamlik liefde en geregtigheid, die kern van 'n betrokke spiritualiteit te vorm.

My verhouding met God en met my naaste



Geloofspraatjies

DENISE ACKERMANN

word gekenmerk deur optrede wat van liefde en geregtigheid spreek. Geregtigheid sonder liefde is 'n weerklank van die wettisisme van die Fariseërs. Liefde wat nie begaan is oor geregtigheid nie, is blote sentimentaliteit.

Bogenoemde mooiklinkende begrip sal stellig vir meeste mense in hierdie land wat hulself Christene noem, aanvaarbaar wees. Die probleem lê nie by die pragtige konsepte nie, maar wel by die praktyk. Dit is maar dieselfde ou hartseer storie van gebrekkige geloofspraktyke wat ons land so beduiwel.

Wanneer daar gepoog word om na ons huidige konteks te kyk vanuit 'n spiritualiteit wat klem lê op verhoudings, liefde en geregtigheid, dit vir die meeste mense seker duidelik is dat so 'n spiritualiteit onmoontlik in 'n apartheids-boerestaat, of in 'n suiwer wit kerk, of in 'n kerk wat teen vroue diskrimineer, gehandhaaf kan word.

Wat minder duidelik is, is die feit dat die handhawing van die gaping tussen die armes en die rykes, ook vir ons spiritualiteit gevolge het.

Ons behoort erns te maak met ekonomiese ongeregtigheid en sosiale ontwrigting omdat 'n liefdevolle verhouding met ons naaste ons erns is.

Die ongelykheid sal byvoorbeeld inhou dat almal wat voorheen apartheid ondersteun en gehandhaaf het, berou sal moet toon. Veral vir politici, kerk-, gemeenskap- en sakeleiers sal sulke berou in die openbaar moet geskied. Hoekom word ons "gehoorsame" plaaslike media nie vir dié doel ingespan nie? 'n Mens is dankbaar vir programme soos dié wat onlangs oor die gruwels van die hostellewe vertoon is. Sou ons nie veel meer bereik nie as so 'n program voorafgegaan is deur 'n skulderkenning deur diegene wat betrokke was by die instel, handhawing en uitbuiting van dié tragedie?

Eers dán word ons deel van die transformasie van ons gemeenskap en sal ons ernstig oor die aard van ons spiritualiteit en oor ons morele en godsdienstige oortuigings wees.

Spiritualiteit is 'n lewenstaak waardeur ons ons geloofsoortuigings uitleef, in gebed én in stilte én in ons verhouding tot ons naaste.

Dit is nie vreemd om te praat van die spirituele "vesel" of aard van 'n volk nie.

Spiritualiteit is nie net 'n private saak tussen my en my God nie.

*(Dr Denise Ackermann is verbonde aan die departement Praktiese Teologie van die Universiteit van Wes-Kaapland)*

# Geen rede tot tevredenheid

**Kort na die ANC se Nelson Mandela en Inkatha se Mangosuthu Buthelezi vredesberaad vroeër vandeesmaand, het geweld in Umgababa losgebars wat 17 lewens geëis het. ROY AINSLIE en MARY DE HAAS van die Demokratiese Party se Onrusmonitorgroep gee hul oordeel oor die vredesproses en vertel wat presies by Umgababa gebeur het**

Hoe welkom die samesprekings op leiersvlak ookal is, dit moet vergesel word van volgehoue pogings om op grassroots-vlak 'n klimaat van politieke verdraagsaamheid te kweek. Sulke pogings moet Inkatha se openbare disassosiasie met krygshere en vigilantes insluit en die ANC moet hul ook losmaak van die com-tsotsis.

Hoewel dit voorkom of die aantal sterftes in die meeste gebiede afgeneem het (vergeleke met die eerste paar maande van 1990), is daar geen rede tot tevredenheid nie. Vigilantes, krygshere (wat dikwels met sekere stamhoofde saamwerk), com-tsotsis en kriminele bendes is opvallend in talle gebiede, en die bedrywighede van die KwaZulu-polisie vra vir 'n indringende ondersoek.

Te midde van wydverspreide aantygings dat Inkatha-lidmaatskap 'n voorvereiste is vir skooltoelating, is die berigte van gewapende polisiemanne by skole veral onrusbarend. Wat ook onmiddellik ondersoek moet word, is die uitreiking van R1-gewere aan "stampolisie".

Dié lede word deur die stamhoofde gekies (ongeveer vyf per stamowerheid) en na Ulundi vir opleiding gestuur. In die lig van die regering se streng maatreëls teen wapens - en die ontevredenheid oor die ANC se voorstelle dat sy lede toegelaat moet word om hulself te beskerm - is die openlike bewapening van een politieke faksie onverstaanbaar.

Solank die stampolisie bewapen is, en 'n bevooroordeelde KwaZulu-polisiemag voortbestaan, is dit heeltemal onrealisties om te verwag dat gemeenskappe hul reg tot selfverdediging moet laat vaar. Die uiteindelike verantwoordelikheid vir die daarstelling van vrede rus op die Suid-Afrikaanse regering, en sy strukture van wet en orde (die SAP, SAW en die howe). Die administrasie van wet en orde moet doeltreffend en onpartydig wees, en geregtigheid moet geskied. Daar lê nog 'n lang pad voor.

Wat betref die SAP en die SAW: hulle het 'n belangrike rol gespeel om geweld in sekere gebiede hok te slaan, soos in KwaMashu K Section - en hier is dit van uiterste belang dat hulle hul polisiebedrywighede voortsit, want die bendes wat optree is nie bloot kriminele nie; hul teikens is dikwels ANC-simpatiseerders, en daar is openlike oorlegpleging met die KwaZulu-polisie (soos byvoorbeeld 'n gesamentlike Nuwejaarsparty).

In ander gevalle laat die optredes van SAW en die SAP veel te wense oor. In KwaMakhuta en Umgababa wil dit voorkom of hulle nie doeltreffend opgetree het om die aanvalle en moorde te verhoed nie. Lede van die SAP word aangekla weens die dood van 'n jongman, Vincent Mkhize, by Ndwedwe.

AK47-gewere is ook nie net beperk tot ANC-simpatiseerders nie. In Januarie, byvoorbeeld, is die indoena van 'n Inkatha-stamhoof in Zoeloeland, en 'n Inkatha-leier in die KwaMashu-hostel, wat aangekla is weens die besit van wapens, op borgtog vrygelaat.

Umgababa is die ergste getref in die jongste vlaag van geweld in Natal. In Januarie alleen is 31 sterftes aangeteken.

Die huidige onrus het begin met die moord van vyf mans deur impi's teen die einde van November verlede jaar. Maar die saad vir dié geweld is reeds maande voor die tyd gesaai.

Die gebeure by Umgababa moet in 'n groter konteks van wat in ander dele van die gebied gebeur het, gesien word - in besonder die pogings om stamhoofde te mobiliseer om die ANC se groeiende invloed teë te werk.

In 1990 was daar toenemende spanning in die gebied tussen mense wat losweg in die kategorieë "Inkatha" en "ANC" verdeel word. Laasgenoemde sluit jeugdiges in wat as "comtsotsis" bekend staan as gevolg van hul kriminele neigings. Maar kriminele optrede word geassosieer met Inkatha-mense.

Dit kan nie betwis word dat sekere jeugdiges, gedurende 1990, hoogs onverantwoordelik opgetree het nie. Hulle was betrokke by intimidasie en geweld. Maar, geweld teen mense wat meestal nie jeugdiges is nie, was opvallend. In Mei 1990 het mev Mbeko (wat as comrade gebrandmerk is) byvoorbeeld lelike brandwonde opgedoen nadat haar huis met petrolbomme bestook is; haar man en seun is in November vermoor. In die middel van 1990 is Dimba, 'n indoena van die plaaslike hoofman, vermoor weens sy beweerde betrokkenheid by die moord op plaaslike jeugdiges.

Teen die einde van 1990 het die meeste inwoners van Umgababa in vrees gelewe. Van dié wat teenwoordig was by die vergadering wat by die stamhof by Mnini gehou is, het gehoor van beplande aanvalle op comrades, en daar was geloofwaardige verslae oor die werwing van mans, veral werkloses, en hul opleiding as amabutho in 'n gebied suid van Umkomaas wat in die laaste weke van 1990 as amaHlongwa bekend gestaan het. (Daar was ook gerugte van geld wat vir dié doel beskikbaar gestel word.)

Ná die moorde in November het die gemeenskap nog aanvalle gevrees - veral oor die Kerstydperk. Sporadiese voorvalle het voorgekom, maar die eerste groot aanval, waarin 17 mense dood is, het op 5 en 6 Januarie gekom. Dit wil voorkom of dié aanvalle, en dié wat op 28 Januarie gevolg het, vanuit die Ehlanzeni-gebied geloods is. 'n Plaaslike krygsheer word geïmpliseer.

Die aanvalle was grootliks teen comrades gemik, maar gevalle van strooptoge en verkragtings - asook eise om "beskermingsgeld" - is ook aangemeld. Die teenwoordigheid van die veiligheidsmagte in dié gebied het nie die aanvalle voorkom nie.

# Is daar lewe na Joan Hambidge?

**Is daar 'n intellektuele lewe in Afrikaans? HANS PIENAAR wonder hardop hieroor na aanleiding van Joan Hambidge se weeklikse rubriek in Beeld, Op my literêre sofa**

Al ooit gewonder waarom Lothar Neethling nog 'n lid van die Akademie vir Wetenskap en Kuns is? Lees Joan Hambidge se rubriek Donderdae in Beeld, en jy word dalk iets wys.

Ek wil nie 'n geveg met Joan Hambidge of Beeld op tou sit nie. Ek deel nie in die neiging van kritici van haar polemiese stellings om haar digkuns ook af te kraak nie. Daar is 'n stuk of tien van haar kamergedigte waarvan ek al baie gehou het.

Dieselfde geld vir haar rubriek. Beeld lewer inderdaad 'n voortreflike diens om trefsekere demonstrasies te lewer van wat verkeerd is met die intellektuele lewe in Afrikaans.

Neem maar haar tirade teen Marianne de Jongh, wat kwansuis so akademikaans sou geskryf het in haar studie van Marxisme in die Afrikaanse letterkunde. Dit was die cue vir die haters van denke van gehalte om uit die closet te klim - was dit nie vir Sinterjoan nie, sou ons nooit van hulle geweet het nie.

'n Franse professor het die ongelooflike gedoen om onontbeerlike figure vir enige kreatiewe denke enige plek ter wêreld af te skryf - Roland Barthes, Jacques Derrida en Michel Foucault. 'n Antieke kinderboekskrywer val De Jongh sommer van 'n kant af aan, sonder om te besef dat hy met 'n bietjie intelligensie De Jongh se boek sou kon gebruik om sy eie ideologiese vooroordele te bevestig.

Die ontnugterende is om te ontdek dat De Jongh se boek - ek het dit pas begin lees en helder en klaar gevind - een van die bittermin studies in Afrikaans is wat kan begin kers vashou met die ontsaglike oplewing in die filosofie en teoretiese denke wat ook nou al so te sê sy einde in Europa bereik het.

In 'n onlangse aflewering van haar rubriek gaan Hambidge voort met haar demonstratiewe diagnose van die powere wanneer sy skryf oor dubbele standaarde wat kwansuis so toegepas sou word in die debat rondom strugglekuns.

In die eerste plek illustreer die soms ongelooflike swak navorsing en argumentering wat die werk van 'n magdom akademici op alle terreine kenmerk. Joernaliste, vir wie die nagaan van feite en bewyse daarvoor 'n saak van lewe en dood is, sit daagliks opgeskeep met die rommel wat die kultus van die kenner oplewer.

Die werklike toedrag van sake is tog dat daar nie 'n stelsel van literêre pryse sonder dubbele standaarde bestaan nie. Die meeste pryse het komplementêre afdelings of verdere pryse om byvoorbeeld beginners aan te moedig.

Die ATKV moedig doelbewus swak skryfwerk aan as deel van 'n verskuilde politieke program om Afrikanermag te probeer perpetueer. En met die Hertzogprys word beslis nie dieselfde standaarde as met die Nobel- of Bookerprys toegepas nie.

Hoekom behoort daar dan nie ander standaarde te geld vir swart digkuns nie? Of waarom nie die standaarde gebruik wat toegepas is met die toekenning van die heel eerste Hertzogpryse nie?

Dit behoort eintlik 'n interessante speletjie te wees, sulke vergelykings. Dit kan dalk 'n ander lig werp op die fasiele mite, deur mense soos Hambidge bevorder, dat strugglekuns noodwendig swak moet wees. Lank voordat Elsa Joubert "Poppie Nongena" gelewer het, was daar Sol Plaatje se "Native Life in South Africa" - trouens, lank voordat Tom Wolfe die "journalism" in New Journalism kon spel, het Plaatje dit al beoefen.

Maar waarom moet 'n mens sulke futiele argumente voer?

Die jong swart skrywer van vandag ontdek in 'n konteks van agterlikheid en ongeletterdheid in die skryf van 'n brief aan 'n koerant dieselfde opwinding en krag-van-die-woord as 'n vertroetelde adolessent wat 'n poësiekompetisie op 'n blanke universiteit wen.

Elkeen moet aangemoedig word. En uiteraard gaan jy die transformasie van die briefskrywer in 'n romansier, heeltemal anders aanpak as die verdere vertroeteling van die adolessent.



Feit is dat daar in die vyftigs in die swart Engelse letterkunde 'n sterk tradisie aan die ontwikkel was wat werk van 'n veel hoër standaard as die gemoedelike lokaal-realisme wat Afrikaanse skrywers gelewer het - deur skrywers wat almal vierkant in die struggle gestaan het.

Die apartheidsbewind het hierdie tradisie, gewortel in die dekades-vooruit-kultuur van Sophiatown, met wortel en tak uitgeroei. Skrywers het uitgewyk, 'n paar van hulle het selfmoord gepleeg. Al wat oorbly, is argiewe en 'n nywerheid van nostalgie.

Hierdie kultuur kan tog nie oornag weer - indien ooit - gevestig word om koffietafelprodukte vir die dilettantes te lewer nie. Jy kan nie van 'n vermoorde verwag om uit die graf op te staan en Wagner te begin sing sonder grond in sy mond nie.

Dubbele standaarde kan alleen vermy word as jy net een kriterium vir jong kunstenaars laat geld, dié van WF Hermans - 'n skrywer behoort nie geoordeel te word aan wat hy al geskryf het nie, maar aan wat hy nog gaan skryf. In dié opsig is alle skryfvorms deesdae gelyk - ook "swak" struggle genres aan "goeie" kamergedigte.

In so 'n konteks, waarin die oorgrote meerderheid potensiële skrywers lamgelê is deur oorgeërfde onvermoëns, sal die verering van kamergedigte of raaiselromans neerkom op die korrupste toepassing van dubbele standaarde denkbaar, want die toekoms van dié vorme is 'n kunsmatige toekoms.

Hierdie soort argumentasie is maklik om uit te werk. Dat Hambidge en Kie hulle nie verwerdig om dit te doen nie - al is dit om dit teen te staan nie - is vir my 'n aanduiding nie net van 'n dekadente soort intellektuele luiheid by hulle nie, maar die skrynende intellektuele armoede onder Afrikaanssprekendes.

Dis dieselfde stasis wat die Akademie vir Wetenskap en Kuns nie eens laat brom in sy slaap wanneer een van sy lede deur 'n regter beskuldig van flagrante misleiding nie. Waar 'n moontlike moordenaar soos Lothar Neethling se lidmaatskap in beskaafde lande onmiddellik opgeskort sal word, veral wanneer sy wetenskaplike vaardighede in die gedrang kom, swyg die Akademie soos 'n masoleum.

Die kanse dat so iets sal gebeur, is omtrent nul. 'n Groepie skrywers het kort na die Valleberaad in 1989 prof Elize Botha, voorsitter van die Akademie, uitgedaag om haar teen aanhouding sonder verhoor en die destydse mediaregulasies uit te spreek - dit raak tog die vrye vloei van inligting wat onontbeerlik is vir enige akademiese en intellektuele lewe. Daar het niks van gekom nie, altans nie sodat enigiemand daarvan weet nie.


En moenie dink dat dit aan die sogenaamde "linkerkant" beter gaan nie. Die Boere-left het lankal uiteengeval in 'n groepie paranoïese individue wat mekaar verhoë ontsê en afdank om onbenullige redetjies.

By die Universiteit van Wes-Kaapland word werk van onskatbare waarde gelewer met die herskrywing van die geskiedenis, maar verder lyk die Marxiste soos afvallige mafiosi wie se voete in blokke sement vasgesit, en daarna vergeet is.

Daar staan hulle nou op die kaai, baie solied en solidêr, maar hulle kan net waai vir skepe wat nimmer gaan dok nie. Die UWK smous met versigtige slagspreuke soos dat hy die intellektuele tuiste van die "Left" wil word, maar hy is oënskynlik so uit voeling met die werklikhede van die nuwe Oos-Europa, en die nuwe Afrika, dat hy gevaar loop om maar net 'n intellektuele weeshuis vir ideologiese verlorenes te word.

# Bevraagteken die deskundiges of bly 'n slagoffer

Groenpraatjies



**MIKE KANTEY**

Vier weke gelede het ek onderneem om dié rubriek tussen teorie en praktyk af te wissel. Daar is die ou grappie wat beskryf hoe 'n insurgent gewaarsku is teen skerpskutters in die oerwoudbome. Hy het so op die bome gekonsentreer dat hy in 'n gat geval het. Maar selfs terwyl ek belowe het om dié dualismes en teenstrydighede wat so deur die sensasionele media aangehang word te vermy, het ek onmiddellik self in die slaggat van intellektuele gesprek geval: teorie vs praktyk.

Van nou af, belowe ek plegtig, om van die heup af te skiet.

In dieselfde rubriek vier weke gelede het ek geprobeer om die verskillende houdings en benaderings jeens ekologie en die omgewing te omskryf. Ek het ook aangevoer dat geen enkele benadering bo die ander bevoordeel behoort te word nie. Maar as 'n selfrespekterende eko-aktivis nou 'n besondere belang of benadering geïdentifiseer het, hoe gaan hy te werk?

Gedurende die afgelope paar maande is ek oorval met oproepe en briewe waarin ek - persoonlik - gevra word om sekere kwessies op te neem. Dit blyk dat my benoeming tot die helfte van die voorsitterskap van Earthlife Africa Kaapstad (ek deel dit met Stephen Smith) 'n soort mistieke mantel daarmee saambring wat met ons aanstelling om ons gedrapeer is. 'n Amper hoorbare sug van verligting het deur die vertrek weerklink toe ons dié aanstelling teësinnig aanvaar het. Amper asof hulle wou sê, "O, wel, Mike en Steve sal die werk doen. Ons sal huis toe gaan." En weg was hulle, om nooit weer 'n vergadering vol te pak nie.

Almal van hulle - en laat ek dadelik byvoeg dat dit 'n aantal hardwerkende en pligsgetroue uitsonderings insluit (of hulle nou Earthlifelede of buitestaanders is) - is opgesaal met een groot gestremdheid: ontmagtiging (disempowerment).

Die ontmagtiging beteken dat jy nooit gesag hoef te bevraagteken nie, veral as jy dit self gekies het. Dit beteken as daar iets vrot in die gemeenskap is, 'n ander deskundige dit sal regruk. As 'n ander ekspert dit nie opfix nie, sal iemand anders so 'n herrie daaroor opskop dat die regering of 'n ander owerheid 'n deskundige sal aanstel om dit reg te maak. En as dít nie gebeur nie, sal een of ander iemand 'n kommissie van ondersoek aanstel of sal dit een of ander tyd op die TV-program 50/50 verskyn.

Wat ookal gebeur, dit is nie my probleem nie.

En as dit my probleem is, hoef ek net die eerste die beste deskundige te vind. Dit bring my by my gunsteling anekdote oor die media en sy onversetlike aanhang van kundigheid. Ek het skool verlaat met fisika en chemie. In 1983 het ek navorsing oor die kernnywerheid begin doen en sedertdien nog nie opgehou nie.

Ek het elke denkbare onderwerp van subatomiese fisika en fundamentele chemie, tot metallurgie, kern-ingenieurswese, biofisika, molekulêre biologie, geofisika en geotegniese ingenieurswese en dies meer gedek, totdat ek begin wonder het of daar enige vertakking van die wetenskap is wat nie deur die kernnywerheid geraak is nie.

Ná sowat sewe jaar daarvan, het 'n joernalis my om kommentaar gebel en gevra: "Is jy 'n wetenskaplike?" Natuurlik het ek nee gesê en hy het dadelik afgelui.

Ek was duidelik nie 'n kundige nie.

Kim van Wijk van die Seal Action Group, is deur 'n regerings-aangestelde raad van ondersoek na die rob-praktyk gekoöpteer. Toe sy gevra word wat sy van die finale verslag dink, het sy geantwoord: "Ek is baie gelukkig daarmee. Almal van ons hier is tog wetenskaplikes."

Sy het bedoel ons is almal kundiges.

Nou onderneem ek om nie Althusser en Foucault, Illich en Freire voor jul neuse te swaai nie, maar ek het 'n groot probleem - selfs binne myself - met die idee van deskundigheid. Die Kanadese eko-anargis, Murray Bookchin, praat van "die gelykheid van ongelykes" en vir my is die idee van grassroots-demokrasie implisiet aan die konsep. Dit eis dat elke enkele deelnemer aan enige politieke aksie (hetsy teen apartheid of 'n wolkekrabberontwikkeling in 'n woonbuurt) 'n duidelike en gelyke reg het om iets te sê. Nog belangriker, alle besorgde mense behoort in staat te wees om teen vermeende ongeregtigheid op te tree en 'n soort genoegdoening te ervaar.

Nou waarom doen hulle dit nie?

Die rede is dat hulle grootgemaak is om nie gesag te bevraagteken nie, om te aanvaar wat die "deskundiges" sê en konfrontasie te vermy.

Tensy, en totdat gewone mense die magtiging kollektief binne hulself vind om owerhede en deskundiges aan te vat, sal ons slagoffers van grootheidswaan en korporatiewe hebsug bly.

*(Mike Kantey is 'n eko-aktivis van Kaapstad)*

# Dwingende gedigte in 'Knetterende woord'

***DIE KNETTERENDE WOORD***
***Deur Sheila Cussons***
***Tafelberg (R24,95)***

***FANIE OLIVIER***

DAAR is, onbegryplik, by sommige mense die verwagting dat elke nuwe bundel van 'n betekenisvolle digter bakens moet verskuif in navolging van die eis van "vernuwing."

Waar en hoe dit onstaan het, is my duister, maar dit hou in ieder geval g'n water nie as dit kom by die werk van Sheila Cussons.

In "Die knetterende woord" (haar elfde selfstandige bundel gedigte, meen ek) sit sy haar oeuvre oor die verkenning van die godheid voort. Sy bekyk, vol vrae, die manifestasie daarvan in die figuur van Christus en ontdek, vol verwondering, die tekens van Hom en sy genade in die natuur, mens-wees en die taligheid van die poësie self.

Die titel van hierdie bundel met sy 71 gedigte sluit by al hierdie dinge aan: die mistieke vuur, die woorde wat verteer, maar terselfdertyd nooit uitbrand nie. Haar bandontwerp berei die leser reeds hierop voor: die hostie wat omhoog gehou word en die inskripsie oor die engele daarby.

Die indeling van die gedigte in die vyf afdelings van die erediens bevestig die religieuse inslag en plaas dit weer stewig binne die Rooms-Katolieke tradisie. Religieuse verse, maar nooit kerklik, dogmaties, leerstellig nie.

Binne hierdie wêreld vorm die transfigurasie van Christus, waardeur alles wat bestaan, self getransformeer word, skering en inslag van die bundel. 'n Gedig soos 'Dat...' verduidelik dit aan die leser, maar in baie verse kry dit sommer net gestalte en kan enige leser verstaan hoekom *niks, nie eens die geringste klip, ooit weer dieselfde sou* wees nie.

Metafisiese poësie dus, en soos sy in die merkwaardige Engelse gedig (daar is 17 in die bundel) 'Metamix' verklaar: *we also do agree /there nothing nowise equal be to metaphysic poesy.*

Soos dikwels in al haar bundels gebeur, is daar ook hier sleutels wat die leser help om die bundel as geheel en die verstaal te verstaan. 'n Gedig wat in hierdie verband genoem moet word, is 'Vir julle, 'n brief', waarvan daar ook 'n Spaanse weergawe verskyn.

Daar is baie "julle's" in hierdie bundel, en 'n stewige aantal verse word opgedra of gewy aan vriende en ander skrywers. Hoewel die bundel dus primêr religieus van inslag is, bevestig gedig na gedig terselfdertyd ook die *mens*gerigtheid van dié poësie.

Diegene wat Cussons se gedigte ken, sal reeds weet dat die mens altyd paradoksaal voorgestel word: nietig en verganklik enerstyds; heilig en heerlik andersins. Só verklaar die slot van die gedig 'Mens': "Want 'Wat is die mens...?' Skitterskuim, onblusbaar, Vuur."

Obsessie is 'n woord wat mens seker kan gebruik om die dwingendheid van die gedigte in "Die knetterende woord" te omvat. In 'Triomf' lees 'n mens dan ook: *Slegs een obsessie ding met U meel en dit deurdring van U: die poësie.*

En in die soeke - en die versoeking wat hiermee saamhang - na die woord, die formulering, die juistheid om te omvat en te ontsluit ("Die woord is 'n ontsluitspier", staan daar in "'n Conceit'), gebeur dit keer op keer dat die gedigte al hoe digter word: in 'Triomf' verklaar die digteres: "En waarmee U my al hoe meer, al hoe veelduidiger-dig Dig: /'n vang, en los in woorde, 'n speletjie van wegduikel /en vindmekaar in steeds my-verrassender getaalde Sin."

Dis moeilike verse hier, sonder liriese meesleurling - jy gaan sit nie en lees sommerso hierdie bundel deur nie!

Terselfdetyd is daar speelse, ligte oomblikke, terwyl die verkenning van Bybelgeskiedenisse nog vir baie lesers in Afrikaans toeganklik bly.

Wat mense oor 'n paar dekades (as parate Bybelkennis nie meer vanselfsprekend is nie) met hierdie gedigte gaan maak, is natuurlik 'n ander kwessie. Maar dit is 'n droefenisse vir lesers later...

Intussen bring "Die knetterende woord" veel vreugdes. Dit is 'n bundel wat die Afrikaanse poësie, en veral die Afrikaanse religieuse versskat, ingrypend verryk en wys hoe daar in taal *gesê* kán word.

***Fanie Olivier** is 'n digter, akademikus en rubriekskrywer*

# Mandela 'n rots in hemel se swart kuil

***MANDELA'S EARTH***
***And other poems***
***Deur Wole Soyinka***
***Methuen (R19,95)***

***WILHELM LIEBENBERG***

"WE keep him (Mandela) for the same reason the Allied Powers are holding Rudolf Hess." So word die woorde van Pik Botha verewig in die digkuns van Soyinka, wat as Afrika se "grootste skrywer" bekend staan.

"Mandela's Earth", sy eerste publikasie sedert hy in 1986 die eerste uit Afrika geword het om die Nobelprys vir letterkunde te ontvang, het onlangs op die rakke van ons eksklusiewer boekwinkels verskyn.

Dit is nie ongewoon dat hy die stryd teen Apartheid hier aan die Suidpunt van Afrika in sy digwerk betrek nie. Sy lang epiese gedig "Ogun Abibiman" van 1976, is opgedra aan "the Fallen of Soweto".

Daarin word die Yoruba-god Ogun en die Zoeloe-generaal Tsjaka bymekaar gebring as Pan-Afrikaanse simbole vir die heropstanding van 'n verlore Afrika. In sy jongste bundel is dit Mandela wat 'n wyer simboliese betekenis verkry ingevolge die bevryding, nie net van Suid-Afrika nie, maar van die hele kontinent.

"Your logic frightens me, Mandela," is die woorde waarmee die titelgedig begin. "Your patience grows inhuman," voeg hy by. Mandela word uitgebeeld as 'n uitsonderlike figuur wat uittroon bo gewone sterflinge, wat, anders as wat daar in die res van Afrika gebeur het, nie val vir die foefies van 'n te maklike bevryding nie.

"How coldly you disdain legerdemains," dig Soyinka, en "Are you bigger than Nkomati? Blacker /Than hands that singned away a continent for ease?" vra hy. "'No!' he said" is die titel en refrein van 'n onderhandeling waarin Mandela voorgestel word as onwrikbaar soos 'n rots - "that rock /In the black hole of the sky".

*Still they came, seducers of moment's*
*Slack in thought, but - no, he said.*

Ook Winnie Mandela word besing as 'n "Joan of Arc".

*She was*
*The rare illuminated scroll in whose prophesies*
*Humanity discerns its fate. The world would read her*
*In a hundred tongues.*



***Wole Soyinka***

Aldus Soyinka.

'n Afdeling word gewy aan die simboliek van Winnie se bedsprei. Dit verteenwoordig liefde en hoop, in teenstelling tot die haat wat verteenwoordig word deur die infantiele SAP wat dit gekonfiskeer het omdat dit in die kleure van die ANC was. Dit is hierin, asook in die beskrywing van 'n begrafnis in Soweto, waarin Soyinka se eie visie miskien die sterkste na vore kom. In die begrafnisritueel word die tradisionele Afrika-kultuur veral beklemtoon, synde "Ceremonials well rehearsed, /All outward acts of group cohesion".

Wat dit is waarvoor Mandela, Ogun en Tsjaka die laaste hoop uithou, word duideliker as mens dit teen die agtergrond van Soyinka se oeuvre beskou. Sy Pan-Afrikanisme hou naamlik verband met 'n "kosmiese totalitisme" van Afrika-denke wat hy uitspel in sy werk "Myth, Literature and the African World" (1976). Hierdie "totalitisme" kom neer op 'n tradisionele Afrika-metafisika wat onkenbaar sou wees vir die Europeër met sy "kompartementaliserende" manier van dink.

Elders in hierdie nuwe bundel vind mens dan ook tipies 'n hunkering na die vergange Afrika-tradisie wat deur Ogun en Tsjaka verteenwoordig word. In 'Cremation of a wormy caryatid' word die onsigbare verval van die ou gode uitgebeeld deur die innerlike verpoeiering van 'n houtbeeld deur houtwurms terwyl die uiterlike vorms behoue bly. "The soul adapts to strange lands," word gesing, "yet ever yearns for home."

Naas hierdie romantiese verlange na die vergange, bied die bundel 'n skelgedig oor die nuwe, soos in New York. "The word has turned mere gesture in NY," vertel hy in 'n verslag van 'n besoek. "The wandering tribe still scurries round /In search of lost community". Die Amerikaanse held. 'n "TV anchor man", is a "Mind calloused to universal loss." In NY vind Soyinka net "incantations without magic".

Net so ook word daar ook in 'n afdeling van die bundel, "After the deluge", geskel op korrupte Afrika-Leiers. In "The apotheosis of master sergeant Doe" word duidelik getoon hoedat die droom van 'n totalistiese Afrika-metafisika in die politieke praktyk van 'n onafhanklikwordende vasteland verloën is.

Chidi Amuta wys in "The Theory of African Literature" op twee ideologies onderskeibare groepe skrywers in Nigerië. Daar is die weliswaar polities bewuste ouer skrywers soos Achebe, Clark en Soyinka wat 'n meer konserwatiewe, etnies gebaseerde tradisie met 'n basies liberale lewensbeskouing verteenwoordig. Dan is daar ook 'n jonger, meer linkse groep wat veral krities staan teenoor die teenstrydigheid tussen die rykdom van die bevryde Nigeriese elite en die voortdurende armoede van die massas in die era na onafhanklikheid.

'n Mens sou Soyinka se estetika ook kon kontrasteer met dié van bevrydingsteoretici Fanon en Cabral, en die Keniaanse skrywer Ngugi wa Thiong'o. Waar Ngugi besluit het om nie meer in Engels te skryf nie (wat nie deur die gewone mens in Kenia verstaan word nie) en in Kikuyu begin toneelstukke opvoer het, vind mens by Soyinka 'n verwikkelde Engels vol geleerde woorde wat selfs vir 'n lektor by Wits nie altyd maklik is om te volg nie. Soyinka is in Afrika-terme 'n digter van en vir die elite.

Teen hierdie agtergrond is dit dan interessant dat hy (wat self in 1967 vir 26 maande aangehou is sonder verhoor) in hierdie bundel 'n gedig met die titel, "My tongue does not marry slogans", opdra aan een van die jonger Nigeriese digter, Odia Ofeimun, wat in sy werk "A poet lied" 'n aanval geloods het op "bourgeois individualistiese" poësie wat verhewe is bo die stryd.

"I find no poetry in slaughter fields /No lyric grace" is Soyinka se antwoord... "sooner /silences than tongues that tickle slogans." Daar is menige culture vulture uit die meer bevoorregte lae van die die bevolking hier ter plaatse by wie Soyinka se vrees vir 'n reduksionistiese struggle-kultuur sal aanklank vind:

*But if phrasemongers have indeed usurped the world,*
*And dreams come packaged, handy like a sausage roll,*
*The poet chooses: DANGER - DREAMS AT WORK.*
*Now mark* my *slogan well.*

En tog is dit die digter se drome wat volgens die titelgedig se slotwoorde nie opweeg teen die daad nie.

*I submit:*

*Utterances flung like lead shot will never*
*Forge the chain mail of our collective will.*
*Only the salt of sweat-bathed palms*
*Pressed in anger will corrode*
*These prison bars.*

Maar dan is Mandela, in Soyinka se voorstelling, bo-menslik.

*Remember dreams that* will *go sour, ideals*
*Afloat upon the cesspools of our time -*
*Aborted foetuses*

het hy geskryf in "Ogun Abibiman". "Is our world light-years away, Mandela?" skryf hy in "Mandela's Earth". Mens wonder wat hy vandag, na die wêreld se beroemdste gevangene se vrylating, sal dink. Mandela simboliseer in hierdie werk die laaste vesting van 'n verlore Afrika wat nie na al die onafhanklikheidswordinge in die Noorde weer teruggekeer het nie. 'n Romatiek ver verwyderd van die snel veranderende werklikheid.

***Wilhelm Liebenberg** doseer Afrikaans en Nederlands by Wits*




*A scene from 'Dances with Wolves'*

# 'End of living; beginning of survival'

**KEVIN COSTNER, America's audacious crusader, attempts to symbolically turn back the clock with a film which draws attention to the plight of Native Americans. "Dances with Wolves" has garnered 12 Oscar nominations and invited accusations of racism. "Dances" ends 12 years before the Sioux nation surrendered to the US government, committing themselves to a future deprivation and degredation.**

**This letter, attributed to Chief Seattle, who died in the late 19th century, to the then president of the US is reason enough to justify the making of epic tribute to the "red man":**

"How can you buy or sell the sky, the warmth of the land? The idea is strange to us.

If we do not own the freshness of the air and the sparkle of the water, how can you buy them?

Every part of this earth is sacred to my people. Every shining pine needle, every sandy shore, every mist in the dark word, every clearing and humming insect is holy in the memory and experience of my people. The sap which courses through the trees carries the memories of the red man.

The white man's dead forget the country of their birth when they go to walk among the stars. Our dead never forget this beautiful earth, for it is the mother of the red man.

We are part of the earth and it is part of us. The perfumed flowers are our sisters; the deer, the horse, the great eagle, these are our brothers. The rocky crests, the juices in the meadows, the body heat of the pony, and man - all belong to the same family.

So, when the Great Chief in Washington sends word that he wishes to buy our land, he asks much of us. The Great Chief sends word he will reserve us a place so that we can live comfortably to ourselves. He will be our father and we will be his children. So we will consider your offer to buy our land. But it will not be easy. For this land is sacred to us.

This shining water that moves in the streams and rivers is not just water but the blood of our ancestors. If we sell you land, you must remember that it is sacred, and you must teach your children that it is sacred and that each ghostly reflection in the clear water of the lakes tells of events and memories in the life of my people. The water's murmur is the voice of my father's father.

The rivers are our brothers, they quench our thirst. The rivers carry our canoes, and feed our children. If we sell you our land, you must remember, and teach your children, that the rivers are our brothers, and yours, and you must henceforth give the rivers the kindness you would give any brother.

We know that the white man does not understand our ways. One portion of land is the same to him as the next, for he is a stranger who comes in the night and takes from the land whatever he needs. The earth is not his brother, but his enemy, and when he has conquered it, he moves on.

He leaves his fathers' graves behind, and he does not care. He kidnaps the earth from his children, and he does not care. His father's grave, and his children's birthright are forgotten. He treats his mother, the earth, and his brother, the sky, as things to be bought, plundered, sold like sheep or bright beads. His appetite will devour the earth and leave behind only a desert.

I do not know. Our ways are different from your ways. The sight of your cities pains the eyes of the red man. But perhaps it si because the red man is a savage and does not understand.

There is no quiet place in the white man's cities. No place to hear the unfurling of leaves in spring, or the rustle of a insect's wings. But perhaps it is because I am a savage and do not understand. The Indian prefers the soft sound of the wind darting over the face of a pond, and the smell of the wind itself, cleansed by mid-day rain, or scented with the pinon pine.

The air is precious to the red man, for all things share the same breath - the beast, the tree, the man, they all share the same breath. The white mand does not seem to notice the air he breathes. Like a man dying for many days, he is numb to the stench.

But if we sell you our land, you must remember that the air is precious to us, that the air shares its spirit with all the life it supports. The wind that gave our grandfather his first breath also receives his last sigh. And if we sell you our land, you must keep it apart and sacred, as a place where even the white man can go to taste the wind that is sweetened by the meadow's flowers.

So we will consider your offer to buy our land. If we decide to accept, I will make one condition: The white man must treat the beasts of this land as his brothers.

I am a savage and do not understand any other way. I have seen a thousand rotting buffaloes on the prairies, left by the white man who shot them from a passing train. I am a savage and I do not understand how the smoking iron horse can be more important than the buffalo that we kill only to stay alive.

What is man without the beasts? If all the beasts are gone, man would die from a great loneliness of spirit. For whatever happens to the beasts, soon happens to man. All things are connected.

You must teach your children that the ground beneath their feet is the ashes of our grandfathers. So that they will respect the land, tell your children that the earth is rich with the lives of our kin. Teach your children what we have taught our children, that the earth is our mother. Whatever befalls the earth befalls the sons of the earth. If men spit upon the ground, they spit upon themselves.

This we know: The earth does not belong to man; man belongs to the earth. This we know. All things are connected like the blood which unites one family. All things are connected.

Even the white man, whose God walks and talks with him as friend to friend, cannot be exempt from the common destiny. We may be brothers after all. We shall see.

One thing we know, which the white man may one day discover - our God is the same God. You may think that you own Him as you wish to own our land; but you cannot. He is the God of man, and His compassion is equal for the red man and the white. This earth is precious to Him, and to harm the earth is to heap contempt on its Creator.

The whites too shall pass; perhaps sooner than all other tribes. Contaminate your bed, and you will one night suffocate in your own waste.

But in your perishing you will shine brightly, fired by the strength of the God who brought you to this land and for some special purpose gave you dominion over this land and over the red man.

That destiny is a mystery to us, for we do not understand when the buffalo are all slaughtered, the wild horses are tamed, the secret corners of the forest heavy with the scent of many men, and the view of the ripe hills blotted by talking wires.

Where is the thicket? Gone. Where is the eagle? Gone. The end of living and the beginning of survival."

* *See an appraisal of "Dances with Wolves" on page 23.*

# Geers versit grense

## *Ekspressiewe herbenutting van Pop-beelde*

**JOHAN BRUWER vertolk Kendell Geers se intellektueel prikkelende beelde**

DIE kunskritikus Kendell Geers maak nou sy debuut as beeldende kunstenaar met 'n prikkelende tentoonstelling in die Goodman-kunssaal in Johannesburg. Die werke is intellektueel gerig, hulle speel met jou gedagtes, eerder as met jou gevoelens en spoor die kyker aan om opnuut na te dink oor die aard en die werking van kuns en die wisselwerking tussen die kunstenaar en die samelewing.

Die titel van die tentoonstelling, "Mediations", suggereer dat die kunstenaar 'n soort bemiddelaar is tussen die enkeling en die werklikheid waarin hy hom bevind. Die werke verwys visueel na Pop Art - onder meer in die beklemtoning van meganiese reproduksie in die vergrootte fotokopieë van mensfigure, die gebruik van plat kleurvlakke eerder as ruimtelike skakering, die toevoeging van byskrifte (soos by comics of spotprente), die invoer van gevonde voorwerpe soos byle, rubberknuppels, waterpistole en selfs 'n skildery van Robert Hodgins (!), en so meer.

### Ikonoklasme

Die inhoudelike suggestiwiteit van Geers se werk verbreek egter die grense van Pop Art. Anders as 'n Pop-kunstenaar soos Andy Warhol, wat die dekoratiewe uiterlike eerder as enige emosionele of intellektuele inhoud in sy werk beklemtoon het, rangskik Geers sy "instant images" in 'n simboliese konteks. Sy werke beeld nie eenvoudig uit nie, hulle lewer filosofies - en dikwels satiries - kommentaar op die persepsies van die kunstenaar sowel as dié van die kyker. Geers se ekspressiewe herbenutting van Pop-beelde en sy toevoeging van 'n subjektiewe betekenis aan gevonde voorwerpe sluit aan by die werk van Suid-Afrikaanse kunstenaars soos onder andere Malcolm Payne, Michael Goldberg en Lucas Seage.

Tematies het Geers se tentoonstelling 'n sterk ikonoklastiese inslag. Werke soos "Homage" en "Mona Lisa" wys die formele skoonheidsideale af wat uit die klassieke oudheid geërf is. "Mona Lisa" bestaan uit 'n vergrootte, gefotokopieerde afdruk van Leonardo se mooi meisie wat in ses los panele opgesny is. Die panele is geskommel sodat die oorspronklike beeld gefragmenteer is, maar elke paneel dra dieselfde inskripsie: Fig. 17.4. Die ses panele is noukeurig simmetries gerangskik: 'n klassieke "orde" word behou al verdwyn die entiteit van die vrou wat uitgebeeld word. Hiermee som Geers die klassieke kunstenaar se verwydering van die werklikheid op: menslike individualiteit word ondergeskik gestel aan 'n formele, geïdealiseerde struktuur.

### Simmetries

En wanneer mensfigure bloot as boublokke vir 'n komposisie gebruik word, maak dit saak as jy daardie figure nie persoonlik kan herken nie? Die byl en die inskripsie RIP op die werk "Homage" suggereer dat daar in die huidige samelewing geen plek meer is vir die geïdealiseerde orde van die klassieke oudheid nie. Die nuwe "orde" is 'n orde van geweld, soos ook gesuggereer word deur onder meer die knuppels in die werk "HIV+". Die werk "Panic" kan moontlik selfs suggereer dat geweld die plek van kuns ingeneem het as geestelike terapie, ofte wel as manier om die werklikheid te verwerk. (As jy dit nie meer kan vat nie, kap 'n vrou aan stukke?)

Ironies bevat Geers se ikonoklastiese werke egter 'n verskuilde huldeblyk aan die Platoniese konsep van ideale vorms. Sy komposisies is nie chaoties nie, maar sterk simmetries saamgestel. Die eweredig herhalende ritme van 'n ry Griekse suile word teruggevind in byvoorbeeld die rangskikking van die gevonde objekte in rye, of die herhaling van 'n bepaalde beeld soos in "Portrait of Paul Shelly".

Ruimtelike dinamiek word vermy deur die beklemtoning van die plat oppervlak en die onderdele van die komposisies word telkens onderwerp aan die stabiele orde van die reghoek. Selfs Hodgins se ekspressief ruimtelike skildery wat in "Oedipus Rex" opgeneem is, word deur die simmetriese plasing gereduseer tot 'n reghoekige raamwerk.

Soos die ou Grieke, benader Geers die kunswerk intellektueel, eerder as emosioneel. Soos by ou Leonardo da Vinci, met wie hy tong in die kies die draak steek, is die idee agter die kunswerk belangriker as die sensuele aanslag van die kunswerk self. Geers se werk is egter nie klinies serebraal nie, maar word verlewendig deur sy sin vir humor en ironie. 'n Goeie voorbeeld van dié twee elemente is die werk "Like a Prayer", waarin 'n afbeelding van Madonna teenoor 'n houtsneewerk uit Afrika gestel word, met die byskrif "exquisite corpse". 'n Mens kan weersprekende vertolkings van dié werk maak. Jy kan die gekunstelde image van Madonna kontrasteer met die meer aardse, handgemaakte houtbeeld en die werk lees as 'n "teenstelling" van die "kitsch, oppervlakkige" Eerste Wêreld en die Derde Wêreld, wat nog 'n dieper geestelike "misterie" behou. Of jy kan onthou dat dié soort houtbeeld as toeriste-attraksie op Hillbrow se sypaadjies verkoop word en dus eintlik maar ooreenstem met die Madonna-image: albei is verbruikersprodukte vir die massas, produkte sonder geestelike diepte. In albei word die estetika 'n "exquisite corpse" sonder ware lewenskrag.

In een van Geers se treffendste werke, "Anaesthetic", word humor met 'n nostalgiese deernis vermeng. Die komposisie suggereer 'n uitgedoofde, afwesige beeld. Is die pyn wat hier verdoof word, die kunstenaar se worsteling met die estetika (aesthetics) self?

Geers se werke is vanweë hul sterk intellektuele inslag dikwels nie maklik om te "lees" nie en behoort daarom heelwat bespreking en meningsverskille uit te lok. (Die enkele "vertolkings" wat hier gegee is, is bloot tentatief.) Die "betekenis" van sy beeldsamestellings berus nie soseer in hul selfstandige visuele trefkrag nie as in die begrippe en assosiasies wat hulle in die kyker se denke wek. Die gevaar bestaan dat hulle te ontoeganklik enigmaties kan raak, dat hulle verbale verduideliking kan vereis voordat hulle visueel kommunikeer.

### Vrae

Persoonlik is ek byvoorbeeld nuuskierig oor wat Geers met die samestelling van beelde in die groot werk "HIV+" "bedoel" het. As ek dan met hom sou gaan gesels oor die samehang van begrippe wat aangeraak word, sou ek meer uit die gesprek kry as uit die kunswerk? Is die visuele kunswerk in so 'n geval nog ter sake? Ek noem dié vraag interessantheidshalwe, nie as beswaar nie.

Die waarde van Geers se werk lê juis daarin dat dit mens dié soort vrae laat vra. Hy gesels wel met jou denke, eerder as met jou sintuie, maar die uiteinde van sy gesprek is dat jou oë opnuut kyk.

# Kultuur kan louter

***GHETTO***
***Met Danny Keogh, Jacqui Singer, Linsay Reardon, Jenny De Lenta, Anthony Fridjhon***
***Alexander-teater: 14 Feb-9 Maart***
***Arena, Staatsteater: 15-23 Maart***

***LAETITIA POPLE***

**DIE verdrukking en lyding van Jode onder Nazi-regering is al in baie fasette belig en oorbelig. Mens het al imuun daarteen geword - dit verg 'n vars invalshoek om te boei en te ontroer.**

**"Ghetto" deur die dramaturg Yehoshua Sobol handel oor die drie jaar lange onderdrukking van die Joodse gemeenskap van Vilna, Litaue. (Geskiedenis herhaal homself vir Litaue.)**

**Hierdie Joodse gemeenskap was anders, uit hul geledere het 'n teater ontstaan. 'n Teater wat getrou aan homself gebly het ten spyte van 'n heersende oorlog.**

**Volgens Sobol, het dié teater "realiteit uitgetart, skynheiligheid uitgedaag en konvensionaliteit beledig."**

**Die slagspreuk "No theatre in a graveyard" teen 'n muur in die ghetto, na die teregstelling van duisende Jode, noop hom om "Ghetto" te skryf.**

**Dat kultuur as loutering van ongunstige politieke omstandighede kan dien, is 'n deurlopende tema in Ghetto. Ongelukkig is dit nie heeltemal teenwoordig in die produksie nie. Dit bly eerder swaarmoedig en tam van gees eerder as die uitbeelding van menslike moed en oorlewing.**

**Die daaglikse angs en verskrikking van die gemeenskap kom hier en daar na vore en is vaagweg hartseer**

**Die gebrek aan kos en klere, die verkragting van vrouens deur Nazi-soldate en die teregstelling van die derde kind wat die Joodse nasie sal laat groei, is bekende historiese feite wat al telkens gedramatiseer is. Mens sal werklik sukkel om nou nog 'n traan uit te wring.**

**Twee blywende (kragtige) tonele wat in jukstaposisie met mekaar gesien kan word, is die uitdeel van die vaal, verslete klere van die slagoffers van die gaskamers en die uitdeel van die flambojante, kleurvolle verhoogkostuums deur die welaf kleremaker Weisskop.**

**Srulik, (Danny Keogh) is die direkteur van die teater wat deur middel van 'n pop (Jacqui Singer) sy sê, sê. Saam sorg hulle vir vele ligte oomblikke, veral as Srulik na Chaya vry. Hulle ontlont konfliksituasies en botsings met die Nazi's op oortuigende wyse.**

**Kittel (Lindsay Reardon) is die wrede Nazi-offisier met 'n voorliefde vir die kultuur. Reardon is 'n baie veragtelike Nazi en sy skrikbewind oor die ghetto is wel duidelik.**

**Gens (Anthony Fridjhon) is die leier van die ghetto. Sy getrouheid aan en liefde vir sy mense skemer sterk deur. Hy moet om hul lewens "heul" by die Nazi's - die spanning in sy psige is goed gedra in 'n toneel met Ooma (Antoinette Kellerman).**

**Chanya (Jenny de Lenta) se stem kan wel 'n kobra uit sy mandjie verlei, tog is dit jammer dat haar karakter nie meer geword het as 'n pion vir Kittel se giere nie.**

**Ghetto het wel plek-plek ontroer, maar slaag nie daarin om mens met werklike verskrikking te konfronteer nie. Die gees van die ghetto-teater ontbreek en ondermyn in 'n sin die essensie van Sobol se stuk.**

# Suiwer musikale genot

***IL BARBIERE DI SIVIGLIA (ROSSINI)***
***Met Michele Farruggia, Pablo Elvira, Maurizio Picconi, Lucille Vignon, Rouel Beukes en Selwyn-Sue Beukes.***
***Regisseur: George Kok***
***Dirigent: Carlo Franci***

***HENNING VILJOEN***

DIE oorkoepelende trefwoord vir Truk se produksie van "Il Barbiere di Siviglia" is stylvolheid. Selfs op internasionale operaverhoë is dit baie selde dat daar so 'n stylvolle integrasie tussen musiek, ontwerpe en regie verkry word soos in die aanbieding van Truk.

Die sprankelende sjampanje vonk wat Carlo Franci in die orkesput en onder die soliste met hierdie meesterlike Rossini-partituur gerealiseer het, is ten volle deur George Kok se gestileerde choreografiese regievoering - alla Jean Pierre Ponelle - en die smaakvolle dekor- en kostuumontwerpe van Johan Badenhorst en Neels Hansen gekompleteer. Die resultaat: 'n operafees soos min!

Te oordeel aan die gehoor se spontane meelewing, het Kok - die Italiaanse taal ten spyt - daarin geslaag om die pittigheid in die musiek en teks bloot te lê. Kok se musikale agtergrond stel hom in staat om soos 'n choreograaf ook die komiese in die musiek te ontgin en hy slaag uitmuntend om nooit in die slaggat van enige banale truuks te trap nie.

Met Franci as dirigent het Truk 'n wenner in die Italiaanse repertoire verkry. Na sy suksesse met Truk se aanbiedings van "Andrea Chénier", "Maria Stuarda", "Don Pasquale" en "Turandot" het Franci weer eens Die Nasionale Orkes geïnspireer tot dartelende musiekmaak. Die orkes het met 'n finesse en ryk geskakeerde klankpalet na vore gekom wat selde hier ter lande gehoor word.

Dit is moeilik om uitsonderings onder die soliste te maak, want een-en-almal het met 'n stylvolle aanvoeling vir die Rossini-idioom getriomfeer. Pablo Elvira is 'n Figaro van die hoogste formaat wat die hart van die rol getref het. Met skitterende teksduiding en genuanseerde sang het hy die rol ten volle laat leef.


Rossini-tenore is skaars, maar Michelle Faruggia behoort tot daardie rare spesie koloratuur-tenore wat met 'n vreeslose tegniese bedrewenheid Rossini se musiek bemeester. Gekoppel met sy asemrowende pianofrasering is Faruggia se Almaviva loutere musikale genot.

Luccile Vignon beskik oor 'n pragtige warm stem, wat miskien nog nie heeltemal ten volle in alle registers deurgeskool is nie. Maar met haar sjarmante verhoogspersoonlikheid het sy die gehoor as Rosina oorrompel.

Met perfekte tydsberekening het Marizio Picconi en Rouel Beukes gesorg vir skreeu-snaakse karakteriserings as Bartolò en Basilio. Hulle spel is verder ondersteun deur uitstekende sang. 'n Heerlike verrassing is die oortuigende kamee-vertolking van Selwyn-Sue Conyers waardeur Berta 'n rol is waarvan 'n mens kennis neem in teensteeling tot baie produksies waar sy in die niet verdwyn.

Die "Barbier" sal 'n mens lank bybly as 'n heerlike opera lekkerny.





*Rodney Grant, (left) the relatively inexperienced Native American actor who was raised in the Omaha Tribal Reservation, plays Kevin Costner's Sioux counterpart in 'Dances with Wolves'. He also appears in Oliver Stone's forthcoming biopic of Jim Morrison, 'The Doors'. Kevin Costner (right) in full Yankee army regalia*

# Prairie of Costner's dreams

**Kevin Costner's revisionist Western 'Dances with Wolves' is sure to provoke controversy. ANDREA VINASSA weighs the pros and cons**

KEVIN COSTNER's image - that combination of innocence and boyish zeal he brings to all his screen characters - belies an astute directorial eye and daredevil business acumen displayed in his debut behind the camera.

"Dances with Wolves" must have come as a surprise to studio sceptics who showed little interest in its screenplay and to movie industry aficionados who have pronounced the Western dead.

Costner's directorial style is as unfussy, generous (three hours of screen time is what I call generous) and without pretention. "Dances with Wolves" does not even begin to approach the psychological complexity of a "Lawrence of Arabia", one of few films to wrestle with a similar subject. None the less, it has its myriad merits.

Costner, part Cherokee on his father's side, cast himself as the central character because, he says, he could not expect any other actor to endure the physical hazards attendant on the role. As it happens, he turned out to be the perfect choice and gives a fine and physically courageous performance.

As an actor Costner has managed to infuse most of his roles with a puritanism that is never off-putting: with the aristocratic idealist in "The Gunrunners", the sensitive doctor in "American Flyers", the charming double agent in "No Way Out", the poker-faced Capone-hunter in "The Untouchables", the careworn Vet in "Bull Durham", the baseball-struck farmer in "Field of Dreams" and the distraught lover in "Revenge" Costner gave us Everyman with a capacity for heroism. (He has just finished playing Robin Hood!)

Costner and his screenwriter friend, Michael Blake, have conceived a curious character who is one thing to his screen companions and something quite different to the audience. He is the New Age man of the 90s disguised as an 1863 Yankee cavalryman who exchanges a promising career in the Civil War for self-fulfilment. It is entirely appropriate that the actor is hailed as the Star of the 90s.

As the wounded Lt John Dunbar gallops, arms outstretched like a cowboy Christ, hoping a Confederate bullet will end it all, Costner indulges in a spectacular show of mock-heroics. I don't think Costner sees himself as anyone's messiah, but the scene sets the tone for an impressive popular entertainment which does not compromise its stance. Meanwhile Costner has some fun. Dunbar is probably hallucinating from loss of blood, so his kamikaze mission is not entirely without credibility. But his choice - death before physical mutilation - is never explained. This irrational act goes some way in motivating his subsequent behaviour: his lack of prejudice towards and final defection to the Lakota tribe, a tribe belonging to the Sioux nation.

The purpose of the scene seems to be to establish an (enigmatic) hero who is capable of idiosyncratic behaviour without being a total nutcase.

Dunbar's request to be posted to the farthest edge of the known world - "to see the frontier before it goes" - is therefore quite within character. On a metaphorical level the character is granted a second shot at life, a resurrection, if you will. That Blake gives Dunbar very little context within his own society, does not detract from the narrative. An anachronistic character without a specific history provides the audience with a point of reference. As director and star, Costner casts himself as the anthropologist-cum-environmentalist-as-hero (a thoroughly modern concept) as opposed to the outlaw-as-hero of the traditional Western.

What we can deduce is that Dunbar is suffering from a profound alienation from his own kind, something Susan Sontag would call "an intellectual homelessness" which prompts him to seek "personal salvation" and fulfilment elsewhere. It is not unlikely that Dunbar doesn't know what is missing from his life or what he is searching for when he embarks on his adventure.

Viewed superficially "Dances with Wolves" can be regarded as a kind of simplistic cinematic revenge, its vindication being hundreds of Westerns that employed "hostile" Native Americans as the convenient enemy of the worthy Christian pioneers. Costner is shrewd enough to keep his audience entertained with exhilarating set pieces and familiar Hollywood conventions: Dunbar's comic antics, his romance with Stands Like a Fist, his Disney relationship with his horse and the wolf. Some of the humorous interludes are a bit hamfisted, like the obligatory "cultural exchanges" involving coffee, sugar and sign language, but these occur before Dunbar is seduced into the Sioux lifestyle.

In a way Dunbar is a precursor of philosopher Claude Levi-Strauss's idea of the anthropologist as a person on a journey involving total spiritual commitment which ends in personal redemption. Dunbar is not a man intent on redeeming the noble savage from his "uncivilized behaviour". In fact, as soon as he is drawn into the lives of the Sioux, he finds them to be eminently civilized.

It is easy to accuse Costner of one-sidedness and of fostering reverse racism, for he leaves no doubt that his sentiments lie with the Sioux. The whites are portrayed as thoughtless warmongers - ironically, the disenfranchisement of the Native Americans continued while the slaves were being freed during the Civil War. But it is important to remember that Costner is dealing with Hollywood fantasy - the prairie of Costner's dreams - and not documentary reality here. To preserve dramatic integrity "Dances with Wolves" extrapolates the experiences of one fictional individual to illuminate a larger truth: that the West was not conquered in a spirit of fairness, but in a spirit of arrogance, xenophobia, stupidity and greed.

Let's face it, the West was not won by fine, upstanding citizens and the traditional Western has performed the dubious task of mythologising the outlaws à la Billy the Kid, illiterate soldiers and sundry desperados who collaborated in the dispossession of the indigenous people who were patronised or portrayed as hostile and barbaric when they dared to act on their own territorial imperative.

Politically Costner is entirely justified in his presentation of good and evil in this manner. It is for other films to disentangle truth from myth and present the ambiguities. His insistence on portraying the Sioux living in total harmony with each other and their environment has yielded a monumentally romantic, but frequently bland and schmaltzy showpiece.

In true epic style the expansiveness of the landscape and the breathtaking stunts are as important as the interaction between the characters. At its heart "Dances with Wolves" espouses conventional values such as truth, honour and nobility of spirit. The Native American characters are no less well-rounded than the character of Dunbar and their lifestyle is not treated as an exotic spectacle. They are viewed as part of an ecosystem disrupted by intruders. Yes, it's a Green Movie!

Costner's vision is both mythic and revolutionary. He employed six scholar-consultants to ensure that settings, customs and costumes were spot-on. His greatest risk, and one of the reasons he could not raise any money in America, was using the Lakota Sioux language with subtitles. For Dunbar's assimilation into the tribe to be convincing to us it was important that we hear him speaking the language. His gradual acculturation serves to remove the Sioux from the realm of the alien - there's no mystical mumbo-jumbo. In "Dances with Wolves" the white invaders are the aliens. His relationships with Kicking Bird (his wily spiritual guide), Wind in His Hair (his emotional warrior counterpart) and Ten Bears (the sardonic chief) and the utopian grandeur of their lifestyle never seems forced.

Perhaps Costner assumes too much sympathy, knowledge and too liberal an attitude on the part of his audience, but I was not in the least confused by his methods. His naiveté, idealism and sense of wide-eyed wonder is probably his best attribute and his downfall.

The Sioux are regarded as the greatest Native American nation, while the Pawnee were a "parasite" tribe who spent their time plundering larger tribes. They are the bad Injuns in the film, easily distinguishable by their headdresses and facial markings, and provide Dunbar with his rite of passage into the tribe. The moment of Dunbar's 'treason' comes when he helps to defend the Sioux from a band of rampaging Pawnee and arms his Sioux friends with guns from his Yankee armoury. Such treason!

Underlying the sentiment, Costner is preaching something akin to Levi-Strauss's dictum "that inner revolution that will really make him into a new man."

"Dances with Wolves" is a stirring indictment of colonialism - always an act of aggression - and the idea of "progress" propagated by all plundering forces in an attempt to justify their behaviour. Costner is more interested in the destructive effect of colonisation than in creating a new myth of the West with the Native American in the role of the good guy. The irony, Costner says in an interview, is that the areas then inhabited by the Native Americans are largely uninhabited now.

Those who scorn "Hollywood entertainment" as purely a tool of the dominant ideology could learn a few lessons from Costner's employment of a popular model to focus the world's attention on issues which are usually marginalised in documentaries and "small films".

Vrydag! 22 Februarie 1991

*Vrye* **Weekblad**

# Verwoerd: dis mos waansin

Die planne om vir Hendrik Verwoerd 'n monument in Suid-Afrika se hoofstad te bou, is dwaas, onbesonne en ongevoelig.

Dit is soveel te meer verbasend dat 'n senior Nasionalis, Willem Cruywagen, aan die hoof van die poging staan. Wat sou die party self se amptelike siening daarvan wees?

In dié uitgawe berig Vrye Weekblad oor vyf bladsye oor Verwoerd die mens, die politikus en die ideoloog.

Wat ook al van hom gesê of gedink word, een ding staan vas: hy is die één man wat afsonderlikheid tussen rasse gevat en dit metodies omvorm het tot 'n ideologie wat honderdduisende witmense, veral Afrikaners, daarna as die evangelie aanvaar het.

Dit was hy wat apartheid tot die fanatieke ekstreem gevoer het waarvoor Suid-Afrika vandag nog betaal.

Hy is die man wat vader moet staan vir die gehate stelsel van Bantoe-onderwys wat tot soveel bitterheid en bloedvergieting gelei het.

Dit was hy wat vaste grense om swart gebiede getrek het en verklaar het dat Suid-Afrika witmansland is.

In kort, Hendrik Verwoerd was 'n rassis.

Dit is mos waansin om in 1991 so iemand te vereer!

Daardie monument, as dit ooit opgerig gaan word, gaan 'n klap in die gesig wees van elke swart, bruin en Indiër-burger van Suid-Afrika.

Dit sal ook 'n onreg wees teenoor al dié Afrikaners in Suid-Afrika wat hul rûe op rassisme en apartheid gedraai het, want dié monument sal ook 'n skaduwee oor hul integriteit laat val.

Ons hoop die mense van Pretoria sal verhoed dat dié monument ooit opgerig sal word.

Dit is 'n deel van ons geskiedenis wat ons nou liewer agter ons moet kry as ons wil hê die Nuwe Suid-Afrika moet 'n werklikheid word.

## Afrikaans

Die Afrikaanse Handelsinstituut se Gerrie Steenkamp het dié week gesê Afrikaans mag nie sy status as ampstaal verloor nie.

Verlede jaar het minister Gerrit Viljoen ook gesê Afrikaans se status as gesamentlike amptelike taal is nie onderhandelbaar nie.

Ons glo dié houding is kortsigtig en nie in die belang van Afrikaans as lewende taal nie.

Watter morele reg het Afrikaans bo die ander inheemse tale soos Zoeloe, Xhosa of Sotho om tot ampstaal verhef te word?

Afrikaans het die laaste paar dekades swaar gebuk gegaan onder die las wat die Afrikaner-nasionaliste en die Broederbond daarop geplaas het. Van 'n wonderlike, jong, lewendige Afrika-taal is dit gereduseer tot die taal van die polisieman en die landdroskantoor; die taal van die onderdrukker.

En deur Bantoe-onderwys is dié taal in miljoene swart kinders se kele afgedruk.

Dit het kastig die wit Afrikaner se taal geword, en middeljarige wit Afrikaner-mans het in stowwerige kantore gesit en bepaal hoe ons dit moet praat en hoe ons dit moet skryf.

Afrikaans verdien beter as dit.

Ons by Vrye Weekblad het 'n passie vir Afrikaans. En ons glo ons het in die jare wat ons op straat is, meer gedoen vir die herstel van Afrikaans as 'n taal van Afrika, 'n taal van die mense van Suid-Afrika as enige komitee of kommissie of akademie of federasie of vereniging.

Want ons beskou Afrikaans nie as 'n politieke of nasionalistiese identiteit nie; ons sien dit as die gemeenskaplike besit van almal wat dit praat en verstaan.

Ons het ook nie vergeet waar Afrikaans sy wortels het nie; en dat die eerste geskrewe Afrikaans 'n Moslem met 'n bruin vel se vertaling van die Koran was nie.

Kom ons trek Afrikaans se dwangbaadjie uit. Kom ons haal die blou pet - en sommer die swart pluiskeil - af en gee dit terug aan die mense.

Kom ons stroop Afrikaans van al sy wit baasskapkonnotasies en laat dit 'n volwaardige plek inneem naas ons land se ander tale.

Dit is hoe Afrikaans gaan oorleef.




**BRIEWE**

**Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Vrye Weekblad Briewe, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.**

# Dié beslissing het 'n saadjie geplant

**Liesl Fichardt van Indiana, Amerika skryf:**

'n Saadjie wat kan groei tot 'n nuwe menseregte-kultuur in Suid-Afrika is geplant met die beslissing van Regter Kriegler in die Vrye Weekblad/Neethling-saak.

'n Fondament vir vryheid van spraak en vryheid van die pers is gelê, en nog belangriker is dat menswaardigheid as 'n fundamentele mensereg in die bou van 'n nuwe en oop gemeenskap erken is.

Maar op 15 Februarie is die prokureur Bheki Mhlangeni, wat saam met soveel ander regsgeleerdes vir die erkenning van dié regte gewerk het, brutaal van sy reg op menswaardigheid ontneem. Dié daad van selfsug moet ten sterkste afgekeur word.

Suid-Afrikaners wat wil deel vorm van 'n kultuur waarin menseregte erken word, sal moet bydra tot die ontwikkeling en groeiproses van dié kultuur en die beginpunt is om jou medemens se reg tot menswaardigheid te erken.

## Gewetenloos

**JK van Wyk van Kamieskroon skryf:**

Kamieskroon, in Namakwaland, is bekend vir sy blommeprag. In teenstelling hiermee staan die stadsvaders se besluit om die plaaslike openbare biblioteek te sluit. Dit geskied teen die agtergrond van die landwye oopstelling van geriewe.

Hoe kan enigiemand 'n ander die genot van boeke ontneem - verál in dié afgeleë streek? Nie alleen word senior burgers die genot van 'n waardevolle tydverdryf ontneem nie, maar ook jeugdiges en die inwoners van Kroonsig, wat die eerste keer in jare die geleentheid het om lede van 'n openbare biblioteek te word. Die naaste openbare biblioteke is op Garies (42 km) en Springbok (60 km).

Wie het dié gewetenlose besluit geneem?

## Haasmanne se geld

**PH Fourie van Pretoria skryf:**

Terwyl ons wag vir Lothar Neethling om 'n eerbare uitweg te volg en te bedank, wil ek ou koeie uit die sloot grawe, dié van die Van der Merwe/Le Grange-moordverhoor van 1988.

Van der Merwe het getuig dat toe hy by 'n grenspos in Swaziland gestasioneer was, daar veiligheidspolisiemanne aangedoen het wat gesê het hulle is besig met "klandestiene operasies".

Omdat hy nie geweet het wat dié woorde beteken nie, het hulle hom meegedeel om die volgende dag die koerante dop te hou. Die stories het gehandel oor moorde wat in Swaziland gepleeg is. Hoekom het die polisie nooit Van der Merwe se bewerings ondersoek nie? Of hoop hulle dat tydverloop nog beweerde polisie-moorde in die vergetelheid sal laat verdwyn?

Ek sien ook nou dat die polisie die TV gebruik om hulle vrot beeld onder die "haasmanne" te bevorder. Vir dié wat nie weet nie, "haasmanne" of "hase" is die polisie se skeldwoorde vir lede van die publiek. (Ek is 'n oud-polisieman, so ek weet.)

Wie betaal die R200-per-sekonde advertensie, die "haasmanne" se belastinggeld?

## Niks nuuts

**Kim Trollip van Queenswood skryf:**

If Vrye Weekblad really wanted to tread "virgin" territory, the front page of its February 1 issue should have featured a full frontal of the male figure.

I am no ardent feminist or archaic battle-axe with prehistoric ideas; in fact I think the front page was tastefully done, but it revealed nothing new. The media have splashed the female form across our pages and screens for many years.

Unfortunately, had you used a male model instead, I am almost certain it would have been censored.

## Novosti-twak

**Joseph McCormick van die Departement Slawiese Tale en Literatuur van die Universiteit van Chicago, skryf:**

Dat Igor Sedykh se poging om die Sowjet-regering se gewelddadige reaksie teen die Baltiese onafhanklikheid-struggles te regverdig (Vrye Weekblad, 25 Januarie 1991), geheel en al misluk, is nie so 'n groot verrassing nie. Die amptelike Sowjet-pers, vanuit wie se Novosti-buro die bogenoemde artikel geneem is, word al hoe meer verkramp sedert die onlangse militêre ingrypings in die Baltiese republieke asook dwarsdeur die verbrokkelende Sowjet-Unie.

Wat wel verras, is dat Vrye Weekblad sulke eensydige bogpraatjies sommer só publiseer. Vir my het Vrye Weekblad sinoniem geword met eerlikheid: julle bevraagteken altyd die "amptelike weergawe" van gebeure, julle kies eerder die vryheidskant en ondersteun die onderdruktes. Hou so aan, maar wees asseblief óók konsekwent. En laat die Novosti-twak aan Pravda of Citizen.

*(Brief verkort - Red)*

## Seksisties

**M van der Merwe van Stellenbosch skryf:**

In die algemeen geniet ek die oneerbiedige trant van die koerant en is nie spyt dat ons intekenaars is nie. Daar's artikels wat 'n mens laat dink, of wat jou kwaad maak.

Maar teen u voorblad van 1 Februarie maak ek ten sterkste beswaar. Was dit om sirkulasie op te stoot?

Dit was seksisties en "bevorder... die siening dat vroue in die eerste plek seksvoorwerpe is". Ag nee wat!

NS. Geluk met die uitslag rakende Lothar Neethling.

## Ordentlikheid?

**Dr PJD Lourens van Quellerina skryf:**

Toe wil prof Carel Boshoff nie eens met dié mense wat deur sy toedoen uit Orania geskop word, praat nie - al was hulle lank voor hom daar. Waar is u sin vir regverdigheid, menslikheid of net ordentlikheid, prof?

'n Mens hoor met skok en afgryse van wat Afrikanerboewe op De Aar bedryf. Sy dit moordbendes dwarsdeur Suider-Afrika, sy dit boewe op De Aar: die SAP vou sy skynheilige arms.

Die triomf (en, hopelik, stuiptrekkings) van apartheid hang daarmee saam dat die "super-Afrikaner" die menswees ontken van almal wat deur staatamptenare nie as "wit" geklassifiseer is nie. Maar as ek die menslikheid van iemand ontken (selfs kinders weet dit, selfs dié outjies wat onder die boosheid van die Afrikaners ly) tree ek self soos 'n monster op.

# Nag, Generaal. 'n Tragikomedie. Episode Vier. (Word vervolg)

BROLLOKS begin respek kry vir Magnus Malan. Kyk, dié man het miskien niks anders nie, maar staying power het hy wel.

Enige selfrespekterende dinosaurus sal groen wees van jaloesie: Magnus oorleef die oorgang van die PW Botha-era na die De Klerk-era soos 'n verkleurmannetjie met chutzpa; die onthullinge van BSB-moorddadighede - én die vermoede dat hy deeglik daarvan geweet het - spoel oor hom soos soos water van 'n eend se rug.

En hier kom hy nou en bloos nie eens oor die BSB se ongemagtigde besteding van miljoene rande nie - en dit nadat hy aan die wêreld verklaar het die BSB is ontbind.

Ten minste het hy dié week so ver gekom om "volle politieke verantwoordelikheid" (wel, amper) vir die BSB se dade te aanvaar.

* Hou dié ruimte dop vir die Finale Episode van Nag, Generaal.

## Integriteit?

Maar die grap is op die Ouditeurgeneraal, Peter Wronsley, wat heelwat van die post-facto magtigings van die BSB-geld goedgekeur het "omdat hy nie die integriteit van die generaals wou bevraagteken nie."

* Integriteit? Van die generaals? Oor die BSB? Gmnf.

## 'n Duur klomp gemors

Ewe pikant is Magnus se aankondiging dié week dat die weermag se regskoste tydens die Harms-kommissie sowat R2,2 miljoen gekos het.

Regsmense het uitgewerk die hele Harms-kommissie het die staat meer as R5 miljoen gekos. Dit word R6 miljoen as mens die belastingbetaler se aandeel aan die Lothar Neethling-saak byreken, wat basies oor dieselfde goed gegaan het.

* So met al die sub judice-stories saam wil Bittergal liewer nie self kommentaar lewer nie.

Maar dit is wat Suid-Afrika se grootste koerant, die Sunday Times, ná die Neethling-uitspraak in 'n hoofartikel geskryf het: "The Harms commission ... produced nothing but rubbish. It is utterly discredited."

## Toeval?

'n Man wat in snaakse kringe beweeg, bel Bittergal dié week op en sê jong, die toeval is darem maar 'n wonderlike ding.

Ja, sê hy, kort voor Dirk Coetzee in Londen in die saak tussen Vrye Weekblad en die polisie-generaal Lothar Neethling moet getuig, daag 'n bom vir hom in die pos op.

Die pakkie word toe gelukkig vir Dirk en ongelukkig vir 'n ANC-inligtingsman teruggestuur en ontplof toe met noodlottige gevolge.

* En raai wie ondersoek nou die bom en weier die prokureurs toegang tot die getuienis?




Dié T-hempie is deesdae glo nogal populêr in Amerika. Sê veel vir dié nasie se mentaliteit...

## Skinder

Daar is 'n skinderstorie wat die rondte in politieke kringe in die Kaap doen, oor die kabinetsminister wat sy Staatspresident se buitelandse vredesinisiatiewe in die verlede so lelik ondermyn het.

Die heeltemal onbevestigde skinderstorie loop so: die man, wat uitgebreide besigheidsbelange in Brittanje, die Arabiese wêreld en Oostenryk het, was tot onlangs nog diep betrokke by hulpverskaffing aan Renamo in Mosambiek.

Brolloks het eers swaar aan dié storie gesluk, maar raai wat gebeur toe?



BROLLOKS EN BITTERGAL

Terwyl Brolloks in 'n Kaapstadse restaurant sit en eet, stap ons kavalier ook die eetvertrek binne.

En raai wie is sy gas en duidelik boesemvriend?

* Niemand minder nie as die gewese minister van verdediging van Rhodesië, PK van der Bijl. Nou vir dié wat nie weet nie, dié man was die oorspronklike stigter van Renamo tydens die Rhodesiese bosoorlog na die Frelimo-oorname van Mosambiek. Dis nou voor Renamo aan Magnus en sy manne oorgedra is.

## Chinese letterkunde, doktor?

Die ANC en die NP se intellektuele swaargewigte (daar is nie baie nie) het twee weke gelede in Pretoria koppe gestamp tydens 'n ontmoeting van die gesamentlike werkskomitee.

Teenwoordig was Gerrit Viljoen met sy dubbele graad in die regte en klassieke tale (Grieks en Latyn), Pallo Jordan met sy doktorsgraad in geskiedenis van Oxford en kenner van die Engelse letterkunde, en Chris Hani, militaris én taalliefhebber met 'n graad in Latyn.

Brolloks hoor die twee ANC-intellektueles was maar half lugtig vir Viljoen se kennis van die klassieke letterkunde en het besluit om die gesprek gedurende teetyd liewers na die terrein van die Chinese letterkunde te verskuif.

* Op 'n vraag aan Pallo wat hy van die Chinese letterkunde weet, antwoord hy blitsvinnig: "Damn min, maar baie meer as Gerrit Viljoen.

## Geluk!

Brolloks en Bittergal wil namens die feeskomitee en ander addisionele lede net van dié geleentheid gebruik maak om vir Alan Boesak en Elna geluk en sterkte toe te wens met hul troue dié naweek.

# Ons moet dié Springbok maar melk tot die laaste bitter druppel

VRINDE, dis genadelik vreedsaam in die Klaagvoort-residensie.

Moeder ween iewers in 'n hoekie oor die lot van die Groepsgebiedewet terwyl Oswald in die patatbeddding besig is om die interior decor te beplan vir die strandhuis wat hy in die oog het.

Een van daardie tipiese neo-Afrikaner-landhuise, geliefdes, twee verdiepings en aluminiumvensters en skottelgoedwassers en gommagomma waarvoor die Here hulle nog sal straf.

Iedergeval, Miesies Klaagvoort is iewers in die Suidsee op soek na grond vir Oupa Carel Boshoff. Daar word berig dat Miesies K in 'n ysberg vasgeseil het. Foeitog, die gevolge is voorspelbaar: Ysberg retired hurt.

Intussen publiseer die wit koerante en die witter-as-wit SAUK seiljagnuus as hul hoofitems, terwyl die land brand en dies meer. Shame, ons had so lank laas 'n Springbok dat ons maar dié een moet melk soos 'n ou ooi, tot die laaste bitter druppel.

Toe onse Springbok deur 'n kollega opgepik word, raak hy glo dié onsterflike woorde kwyt: "Thank you."

En sy weldoener antwoord: "It's a pleasure." True's Bob, aangehaal deur SATV, en met sulke feite kan jy nie stry nie. Seg Moeder as dit Greta Garbo was wat gered word, het sy sweerlik gesê "I want to be alone."

## Egbertus se voël

In verlede week se Voëlvrye Weekblad kry Egbertus toe 'n briefie, seker vir Valentine's Day, Miesies Klaagvoort het hoeka vergeet.

Iedergeval, die skrywer is klaarblyklik royalty, so iets soos Lord Fauntleroy, genaamd Carel Boshoff die Vierde, no less.

Kla die stomme siel oor Egbertus onse geliefde Doktor Verward se rassistiese onderdrukking van swart onderwys kritiseer.

Vra Lord Boshoff of Egbertus sal toegee dat Verward visie gehad het. Haai, vrind Karel IV, maar natuurlik had die ou knorpot visie: dubbelvisie. Een vir wittes en 'n ander vir die res. Ek is bevrees die vent was geen verdwaalde profeet nie, maar 'n tipiese beterweterige immigrant en 'n opperste rassis. And by the way, ek sien jy noem my Egbertus Suurvoël. Wat sou jy van Egbertus se voël weet? Toevallig sing hy soos 'n nagtegaal, vra maar vir Miesies K.

## Kondome

Oswald die Tuinier wil omtrent 'n oorval kry en dis nie juis nuus nie. Hy haal immers daagliks sy toorn uit op die stomme vredeliewende kopkole. Het julle al ooit 'n kopkool een enkele ongeduldige woord hoor sê?

Iedergeval, dit gaan oor kondome. Vra Moeder of dit 'n duplex-woonstel is. Seg Oswald nee, en ook nie 'n soort predikant nie.

Seg hy dit gaan oor die 100 000 kondome wat Amerika na die front gestuur het. Vir wat sou hulle dit doen?

Volgens mister Bush is dit heel moreel: Die soldate moet dit glo oor hul geweerlope trek.

Nou daar's vir jou 'n ding: Sou dit kan wees dat Saddam van Sodom nie die enigste is wat sy gewere met chemikalieë laai nie?

En waarmee moet jy gelaai wees om 'n kondoom oor jou loop te moet trek?

Seg Oswald, ja kyk, die witmense weet ook nie hoe om kondome te gebruik nie. Seg Moeder MC Botha se chickens have come home to roast.

## Hoe bid jy?

Onse Nuwe Zuid-Afrikaanse borste swel van trots by die aangroei van ons lugvloot.

Skaars het Madam De Klerk voet aan wal gesit na haar epiese vlug in ons nuutste Boeing, of manlief wil haar dit nadoen.

Koop toe vir hom 'n stralertjie van so dertien miljoen rand om die hoge siele ronde te karwy.

Wys jou net, toe Albert Vermaas nog een van die boys was, kon die hogeres nog saam met hom fly by night.

HOE RYM DIT DAN?



EGBERTUS KLAAGVOORT

Maar nou dat dié siel 'n rukkie buite sirkulasie is, moet die Klaagvoorts en die Boshoffs maar weer opdok.

Dis seker nie relevant nie dat die ou vliegtuigie dieselfde kos as 680 sub-ekonomiese huise of 34 miljoen basiese maaltye.

Hoe bid 'n mens saans wanneer jy aansit nadat jy jou jet gepolish en gehoover het en jy weet hy sou daardie aand vir 34 miljoen minderbevoorregtes se etes gesorg het?

## Gekners en gesink

Van Madam gepraat: Die fronsie het mos destyds soos mis voor die son verdwyn.

* Merk julle op dat Madam se man dalk dieselfde plastiese chirurg se dienste gebruik?

Sonder twyfel is die lagplooitjie aan die verdwyn.

Dit lyk asof die misterieuse glimlag wat eens elke tweede sin vergesel het, nou plek gemaak het vir 'n gekners van tande.

Ag nou-ja, vrinde, sal julle nie ook tande kners eerder as om te bieg oor die skandes van die verlede nie? Madam se man hou vol dat die party eerbaar gesoek het na regverdige oplossings vir ons probleme.

Regverdig en eerbaar soos in Steve Biko en forced removals en die Citizen om maar 'n druppeltjie te noem.

Bravo Leon Wessels, wie jy ook al mag wees, dat jy eerlik genoeg was om te beken. Onse Skoon Administrasie gaan nog almal Rooms raak van al die confessions.

Om van die BSB nie te praat nie. Met die R700 000 wat hulle gesteel het en die R700 000 wat die afgelope jaar aan groepsgebiede-inspekteurs bestee is, kon die Skoon Administrasie 'n nuwe seiljag vir onse Springbok gekoop het.

Seg Moeder shame, dit gaan nie te goed met Allied Bank nie - dit sink op alle fronte.

# Kleinadvertensies

***Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Peppy of Cathy (011) 836-2151, faks (011) 838-5901, of skryf aan Kleinadvertensies, Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.***

## PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede bid: onse vaders wat in die woestyn wemel, laat julle mekaar bespied, laat julle kapltaalryk kom.

Die Bleskoppe teen Apartheid sê die PAC moet nou maar Swartruggens koop as die eerste groeipunt vir hulle volkstaat

**Teen slegs R40 (AVB uitgesluit) sal ons u kleinadvertensie vier opeenvolgende weke in Vrye Weekblad plaas. Skakel Louwrins by 836-2151 NOU en plaas jou advertensie. (Slegs 25 woorde of minder)**

## DIENSTE

African Language: An Introductory Zulu language and culture course will be commencing on Tuesday 26th February 1991 at 7pm to 8:30pm for 12 consecutive evenings. Venue to be Parktown. All welcome. Call 483-1572 and ask for Viv for more details.

*CITY COLLEGE*
7th Floor Charleston House, 161 Commissioner Street (between Delvers and Von Wielligh Street.) Johannesburg 2001

- Computer courses
- Secretarial courses
- English
- Enrolments accepted throughout the year
- Accommodation available
- Free job placement advice given

ENROL NOW

TEL: (011) 29-4116/7
The future is yours through education

*DRESSMAKING & DESIGN*
BE QUALIFIED TO START YOUR OWN BUSINESS
ENQUIRIES
CITY DRESSMAKING & DESIGN SCHOOL
7th Floor Charleston House
161 Commissioner Street (between Von Wielligh and Delvers Street)
Johannesburg 2001.
Tel (011) 29-4116/7

**BEDREWE VERWER**
**Huise, woonstelle, kantore. Uitstekende verwysings. Vir verdere inligting skakel (011) 728-4678 (Vrydae, Saterdae en Sondae) of skakel (011) 787-7734 (Maandae)**

TIK- EN VERTAALWERK
Bel Louise by (012) 46-6577

**DIENSPLIG ADVIESDIENS**
**Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig, skakel: Durban - (031) 301-5663 Richard (w) Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h) Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm) Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm**

*POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkwinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345*

VISUAL ART COURSES
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

The Institute For Philosophical Practical and Teaching offers the opportunity to gain perspective on existential crises and problems in living. For more information phone (011) 648-3079

## GEBEURE

**JACK HAMMER en Anton Goosen se kommissie Band Vrydag en Saterdag; 22h00 by Annabels Club, Sunnypark, Pretoria. R8 Cover Charge**

FAMILY MENTAL HEALTH IS PRICELESS
This is the theme for the MARCH IS MENTAL HEALTH MONTH campaign, culminating in the MENTAL HEALTH MONTH CONFERENCE, on 2 & 4 March 1991 (7h30 - 16h00); at Kohonia, 115 Derby Rd, Judith's Paarl, Johannesburg.
The aim of this campaign is to create public awareness of the paramount importance of the emotional and social well-being of families, the building blocks of society, and the role families play in the development of healthy individuals and therefore a healthy nation. We would like as many families and couples as possible to attend the workshop.
ENQUIRIES: Liz Norman or Louise Eatock at 725-5800 (Tel) or 725-5853 (Fax) or write to the National Council for Mental Health, PO Box 2587, JHB 2000

*SPECIAL SCREENINGS OF THE CIVIL RIGHTS MOVEMENT*
**"EYES ON THE PRIZE"**
During February the US Information Service will present in honour of Dr Martin Luther King, Jr's Birthday and African-American History Month, a 14-part video series entitled "Eyes On The Prize". This award-winning series examines the American Civil Rights Movement, and the impact the millions of whites and blacks struggling to effect change had around the world.
These programs will be screened on Wednesdays at 13:00 in the USIS auditorium.
FEBRUARY 27:
**THE TIME HAS COME (1964-1966)**
During the decade of civil rights protest in the south, a sense of urgency and anger emerged from the black communities in the north. This urgency was best articulated by Malcolm X, then national minister of the nation of Islam. Viewers see how Malcolm X's influence grows, both within the movement and outside. The program shows the influence of his philosophy on the staff of the Student Nonviolent Coordinating committee (SNCC) as they organise the Lowndes County freedom organisation in Alabama and as they issued the call for "Black Power" during the 1966 Meredith march against fear in Mississippi.
You are invited to bring your take-away lunches to the USIS auditorium on the 3rd floor of the Afican Life Centre, 111 Commissioner Street, Johannesburg.
Information: 29-3451

## MARK

PHAMBILI BOOKS:
Huge selection of Academic Titles
22 Plein Street
Tel: (011) 29-4944
WANTED: Second-hand, Left Wing Books in good condition. Phambili is buying
Open:
Mon-Fri 9h00-17h30
Saturday 9h00-13h00
Sundays 13h00-17h00

*STET*
*STET*
*STET*
*'n Glansende tydskrif vir die verbrokkelde gesin.*
*Bestel by: Stet, Posbus 39400, Bramley 2081*

**Kashgar**
**Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566**

**Tarief: R15 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**


# *Vrye* Weekblad

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06). Die direkteure van Wending Publikasies Beperk is Max du Preez, Christo Nel, Chris Otto, Van Zyl Slabbert en Sample Terreblanche. Die aandeelhouers van Wending Publikasies Beperk is die direkteure en werknemers van die maatskappy.


Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown.
Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836-2151-9 en die faksnommer 838 5901.

### Redaksie
**Redakteur:** Max du Preez
**Senior skrywers:** Jacques Pauw, Ina van der Linde, Hennie Serfontein
**Nuusredakteur:** Hans Pienaar
**Sub-redakteur:** Ryk Hattingh
**Nuusredaksie:** Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Esma Anderson, Phineus Tshukudu, Irene Louw
**Fotoredakteur:** Lise Joubert
**Ontwerp:** Esma Anderson, Andrea Vinassa
**Vrydag-redaksie:** Andrea Vinassa, Koos Prinsloo, Laetitia Pople
**Sportredakteur:** Tinus Horn
**Vrye Weekblad Boeke/Books:** Koos Prinsloo, Ryk Hattingh

### Bestuur
**Advertensies en bemarking:** Manie Eagar, Louwrins Potgieter
**Redaksionele assistent:** Cathy Fennessy
**Boekhouding:** Clara Nkutha
**Kantoorbestuur:** Joseph Moetaesi, Vernon Zulu, Peppy Maripan

### Buitekantore
**Kaapstad-kantoor:** Christelle Terreblanche. Tel (021) 47-8960 en 47-8819
**Pretoria-kantoor:** Ina van der Linde. Tel (012) 834 879


Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is op navraag by (011) 497-2911 beskikbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.

# Mini-tennis:

## Suid-Afrika se Wimbledon-sterre van môre

**Op sokker na is tennis Suid-Afrika se gewildste speler-sportsoort en die getalle neem byna daagliks toe. Die dae toe dit net vir die rykes beskore was, is ook getel. Mini-tennis, 'n projek van die Suid-Afrikaanse Tennis-Ontwikkelingstrust, het binne twee jaar 10 000 nuwe jong spelertjies vir die sportsoort gewerf en die trustees het groot planne vir die toekoms. TINUS HORN het met RONNIE VAN'T HOF, besturende direkteur van die trust, oor dié opwindende projek gesels**




SUID-AFRIKA het die potensiaal om 'n wêreldkrag in tennis te word, sê Ronnie van't Hof, besturende direkteur van die Suid-Afrikaanse Tennis-Ontwikkelingstrust.

"Ons land is proporsioneel die beste verteenwoordig onder die wêreld se 400 voorste tennisspelers - en tot nou toe het minder as 20 persent van ons bevolking al dié spelers opgelewer," sê hy. "As ons die syfer tot 80 persent kan opstoot, sal ons met enige land in die wêreld kan saampraat."

Dit is dan ook waarvoor die ontwikkelingstrust hom beywer. Mini-tennis, 'n projek wat 'n raps meer as twee jaar gelede in Diepkloof, Soweto, begin is en sedertdien tot byna al die uithoeke van die land uitgebrei is, het reeds 10 000 spelers vir die sportsoort gewerf.

In die proses het Suid-Afrika stellig die wêreld se voorste deskundiges op die gebied van tennis-ontwikkelingsprogramme geword.

"Die probleme waarmee ons te kampe het, is so uitsonderlik dat niemand in die buiteland ons kon leer om hulle te hanteer nie. As jy so 'n projek in Suid-Afrika kan laat werk, kan jy dit enige plek in die wêreld doen."

Township-geweld was een van die grootste struikelblokke wat hulle moes oorbrug.

"Ons mini-tennis-klinieke in die townships is vir lang tye ontwrig. Dit het darem 'n positiewe gevolg ook gehad: Ons het ons op wit skole toegespits, wat die toerusting by ons gekoop het en so gehelp het om ons township-klinieke te finansier."

Mini-tennis, 'n konsep wat in Swede ontstaan het as deel van daardie land se tennis-ontwikkelingsprogram, is daarop gemik om die sportsoort meer toeganklik te maak vir jong spelers wat dalk sou ophou omdat hulle nie die basiese tennisvaardighede gou genoeg onder die knie kry nie.

Dit word met 'n plastiekraket en 'n sponsbal volgens gewone tennisreëls gespeel. Omdat die bal stadiger trek en nie so hoog soos 'n tennisbal wip nie, word die leerproses vergemaklik.

Benewens Swede word dit ook in Amerika en Brittanje met welslae vir die afrigting van jong spelers ingespan.

"Hulle leer al die houe aan wat hulle later, wanneer hulle na gewone tennis oorslaan, sal nodig kry. Hulle pas baie maklik aan wanneer hulle sterk genoeg is om 'n gewone raket behoorlik te hanteer."

Die projek is met befondsing van die Suid-Afrikaanse Tennisunie begin, wat in die verlede groot probleme opgelewer het.

"Ons is as marionette van die SA Tennisunie uitgekryt en ons het gesukkel om die projek te vestig in woonbuurte wat deur die ANC beheer word. Dit is nou besig om te verander. Die Tennisfederasie van Suid-Afrika (TFSA), wat deel is van die National Olympic and Sports Congress, het onlangs hul steun aan ons toegesê, wat 'n groot deurbraak was."

Volgens Van't Hof is dit onmoontlik om so 'n projek sonder die welwillendheid van die gemeenskap te laat werk. "Ons wil hê onderwysers en ouers moet kinders aanmoedig om mini-tennis te speel," sê hy.

Onderwysers vorm dan ook die ruggraat van die projek. Hulle word 10 weke lank as instrukteurs opgelei, waarna van hulle verwag word om hul leerlinge by die projek te betrek.

Van't Hof erken dat hy aanvanklik skepties was oor die moontlikhede van mini-tennis, omdat hy getwyfel het of daar regtig 'n vraag daarna in die townships sou bestaan.

Die belangstelling was egter oorweldigend en 'n groot borgskap van National Panasonic (R600 000 per jaar vir vier jaar) het gehelp om die projek vinnig na die res van die land uit te brei.

Die tekens was so bemoedigend dat Van't Hof-hulle gemeen het hulle sou 60 000 kinders binne vier jaar kon betrek.

"Ons sou maklik soveel spelers kon kry, maar ons het eenvoudig nie genoeg mense om almal te leer nie. Geld is ook 'n probleem. Dit sou omtrent R6 miljoen kos om hulle af te rig."

Die borgskap word net vir afrigting en toerusting gebruik; geen nuwe fasiliteite word aangebou nie, omdat mini-tennis op enige gelyke oppervlak gespeel kan word en daar baie tennisbane in die land is wat nie behoorlik benut word nie.

"Wat baie bemoedigend is, is dat die betrokke gemeenskappe heelparty bane self gebou het om aan die groot vraag te voldoen. As jy genoeg spelers het wat belangstel, kan jy daarop reken dat die nodige fasiliteite vir hulle geskep sal word."

Meer spelers beteken noodwendig ook meer top-spelers op die lang duur, maar groter spelergetalle is nie die enigste doelwit nie; die algemene spelpeil moet ook verbeter.

"Die feit dat swart spelertjies vinnig opgang maak in nasionale tennistoernooie vir juniors, kan regstreek aan mini-tennis toegeskryf word. Dis nog te vroeg om werklik die waarde van die projek te peil, maar die eerste aanduidings oortref ons verwagtinge."

Vir Van't Hof was 'n onlangse veelrassige mini-tennis-toernooi egter die duidelikste teken dat die projek 'n volslae sukses is.

"Daar was geen patroon, soos byvoorbeeld wit seuns wat 'n sekere ouderdomsgroep oorheers, te bespeur nie. Dit beteken dat ons daarin geslaag het om ten spyte van groot sosio-ekononiese verskille aan almal 'n gelyke kans te bied. Dis 'n baie bevredigende gedagte."

Vanjaar se hoogtepunt is 'n interstreek-toernooi wat in November in Port Elizabeth aangebied word.

'n Span uit Transvaal kan byvoorbeeld spelers uit Kagiso, Diepkloof en Houghton insluit, en sal teen soortgelyke spanne uit ander streke meeding.

Van't Hof meen dat tennis nog vinniger sal groei wanneer die sportmoratorium opgehef word en die wêreld se voorste spelers weer hier kan kom speel.

"Die grootste inspuiting wat 'n sportsoort natuurlik kan kry, is dat iemand uit jou eie gemeenskap heel bo uitkom.

"Dit sou wonderlik wees as iemand wat ons aan mini-tennis voorgestel het, eendag 'n titel by Wimbledon kon wen..."